# Die Binnekamer
# en
# Die Innerlike Lewe

Dr Andrew Murray

## *VOORWOORD*

Die binnekamer laat gedagtes wat van die allerhoogste belang is, ontstaan. Die daaglikse behoefte aan afsondering en stilte; die ware gees van gebed; die getroue lees van God se Woord; die gemeenskap met God waarvoor hierdie dinge bestem is. Daar is 'n seën wat slegs hierdie dinge alleen kan meebring: die versterking van die geestelike lewe; ons toerusting vir ons daaglikse verantwoordelikhede in omgang met die wêreld; en die diens vir die koninkryk van God in die wen van siele en voorbidding. Al hierdie waarhede dra daartoe by om ons werk vir God 'n bron van vreugde en krag te maak. In hierdie boekie het ek nie probeer om hulle sistematies na te gaan nie, maar ek vertrou dat die stukkies wat ek gegee het, tot hulp mag wees vir meer as een in die aankweek van die verborge lewe en die omgang met God.

In Suid Afrika is daar verskillende siektes wat ons lemoenbome aantas. Een van hulle staan bekend onder die naam van "wortelsiekte". 'n Boom mag nog sy vrugte dra en die gewone toeskouer mag niks verkeerds merk nie, terwyl die deskundige die begin sien van ‘n stadige dood. Die *phylloxera* wat ook in die wingerde voorkom, is niks anders nie as 'n wortelsiekte. Dit is bevestig dat daar geen permanente genesing is nie, behalwe om die ou wortels te verwyder en nuwes te kweek. Die ou soort druiwe word opnuut ingeënt op 'n Amerikaanse wortel, en met die verloop van tyd het ons weer dieselfde stam en takke en vrugte soos tevore, maar die wortels is nuut en in staat om die siekte te weerstaan. Dit is in dié gedeelte van die plant wat vir die oog verborge is, dat die siekte kom en waar die genesing gedoen moet word.

Hoe ly die kerk van Christus, en die geestelike lewe van duisende van sy lede, tog aan die wortelsiekte: die verwaarlosing van die verborge omgang met God. Dit is die gebrek aan gebed in die verborge, die versuim van die instandhouding van daardie verborge lewe "*gewortel in Christus",*

"*in die liefde gewortel en gegrond"*, wat die verklaring is van die swakheid van die Christelike lewe om die wêreld te weerstaan en van die kerk se versuim om veel vrug te dra. Niks anders kan hierin verandering aanbring nie as die herstel van die binnekamer in die lewe van die gelowige tot die plek wat Christus bedoel het dat dit sal inneem. Namate Christene insien wat dit beteken om, in plaas van op hul eie pogings te vertrou, elke dag dieper wortel te skiet in Christus, en om die verborge, persoonlike omgang met God hul hoogste prioriteit te maak, sal ware godsaligheid bloei. "*As die wortel heilig is, dan is die takke ook*." As die môre-uur aan die Here geheilig is, dan ook die dag met sy pligte. As die wortel gesond is, dan is die takke ook gesond.

My bede is dat God met hierdie skrywe seën mag bring aan sommige van Sy kinders in hul strewe na 'n dieper en meer vrugbare lewe, die lewe wat met Christus verborge is in God.

ANDREW MURRAY
1902

Digitaal verwerk deur Elizabeth Jordaan en Elize Potonas.

## INHOUDSOPGAWE


1. Die Môre-uur
2. Die Deur Gesluit: Alleen met God
3. Die Geopende Deur: Die Openbare Vergelding
4. Moses en die Woord van God
5. Moses, die Man van Gebed
6. Moses, die Man van God
7. Die Krag van God se Woord
8. Die Saad is die Woord
9. Doen en Ken
10. Die Geluksaligheid van die Dader
11. Die Bewaar van die Gebooie van Christus
12. Lewe en Kennis
13. Die Hart en die Verstand
14. God se Gedagtes en Ons Gedagtes
15. Oordenking
16. Aan Kindertjies Geopenbaar
17. Van Christus Leer
18. Leersaamheid
19. Die Lewe en die Lig
20. Die Bybelstudent
21. Wie is U?
22. Die Wil van God
23. Die Eet van die Woord
24. Vakansie
25. Die Binnekant en die Buitekant
26. Die Daaglikse Vernuwing: Sy Krag
27. Die Daaglikse Vernuwing: Sy Beeld
28. Die Daaglikse Vernuwing: Sy Prys
29. Heiligheid, die Hoofdoel van Bybelstudie
30. Psalm 119 en sy Onderwys
31. Die Heilige Drie-Eenheid
32. In Christus
33. Hy Alleen
34. Siele Vang
35. Die Krag van Voorbidding
36. Die Voorbidder

## HOOFSTUK 1. DIE MÔRE-UUR

*"In die môre, HERE, sal U my stem hoor; in die môre sal ek dit aan U voorlê en afwag."* – **Psalm 5:4**

*"Die Here HERE wek elke môre, Hy wek my oor om te hoor soos die leerlinge."* – **Jesaja 50:4**

Van die vroegste tye af het die diensknegte van God die môre-uur beskou as besonder geskik vir die aanbidding van God. Nou nog word dit deur alle Christene beskou as 'n plig sowel as 'n voorreg om 'n gedeelte van die begin van die dag te wy aan die opsoek van gemeenskap met God. Baie Christene, en veral die Christen-Studenteverenigings hou die môre wake. Sommige noem dit die stille uur of stiltetyd. Almal (of dit 'n hele uur, 'n halfuur of 'n kwartier is) kan saamstem met die psalmis waar hy sê: "*In die môre, Here, sal U my stem hoor.*"

Dr. Mott, in sy lering oor die uiterste belangrikheid van hierdie daaglikse tyd van afsondering vir gebed en oordenking, en het verklaar: "Naas die aanneming van Christus as Saligmaker en die toe-eiening van die doop met die Heilige Gees; weet ons van geen daad wat meer seën bring vir onsself of vir andere nie, as die onwrikbare besluit om die môre wake te hou en die eerste halfuur van die dag alleen met God deur te bring nie." By die eerste oogopslag lyk hierdie verklaring te sterk. Die daad om Christus as Saligmaker aan te neem is een wat sulke oneindige gevolge vir die ewigheid meebring, die daad van die toe-eiening van die Heilige Gees is een wat so 'n ommekeer in die Christelike lewe veroorsaak, dat so 'n eenvoudige saak soos die vaste besluit om die môre wake waar te neem, werklik nie van genoeg belang lyk om naas hulle geplaas te word nie. As ons egter daaraan dink hoe onmoontlik dit is om ons daaglikse lewe uit te lewe in Christus as ons Verlosser wat ons van sonde verlos, of om 'n wandel onder die leiding en in die krag van die Heilige Gees te handhaaf

sonder daaglikse, intieme omgang met God, sal ons gou die waarheid van hierdie lering insien. Want dit beteken dat dit my vaste voorneme is dat Christus my hele lewe in besit sal hê en dat ek aan die Heilige Gees in alles volkome gehoorsaamheid sal betoon. Die môre wake is die sleutel tot oorgawe aan Christus en die Heilige Gees, ten volle en te alle tye.

Om dit te begryp, moet ons eers let op wat *die doel van die môre-uur* behoort te wees. Die môre wake moet nie beskou word as 'n doel op sigself nie. Dit is nie genoeg dat dit ons ‘n geseënde tydjie van gebed en Bybelstudie het en so ‘n sekere mate van  verfrissing en hulp verkry nie. Dit moet dien as ‘n middel tot 'n doel. En daardie doel is **om die teenwoordigheid van Christus vir die hele dag te verseker**. Persoonlike gehegtheid aan 'n geliefde vriend sal altyd sy plek in die hart behou, selfs wanneer ander belange ons aandag in beslag neem.

Persoonlike toewyding aan Jesus beteken dat ons niks toelaat om ons van Hom te skei nie, selfs nie vir 'n oomblik nie. Om in Hom en in Sy liefde te bly, om deur Hom en Sy genade bewaar te bly, om Sy wil te doen en Hom te behaag - dit kan onmoontlik met tussenposes gepaard gaan vir die een wat werklik aan Hom toegewy is. *"My siel het U nodig, elke uur, elke oomblik, Heer"*; *"Oomblik na oomblik, deur Sy liefde behoed."* Hierdie liedere is die taal van lewe en waarheid. *"In U Naam juig hulle die hele dag"*; *"Ek, die Here, bewaak dit: elke oomblik sal Ek hom versadig."* Dit is woorde van Goddelike krag. Die gelowige kan nie een oomblik staande bly sonder Christus nie. Die persoonlike gehegtheid aan Hom weier om tevrede te wees met iets minder as om altyd in Sy liefde en Sy wil te bly. Die ware, skriftuurlike Christelike lewe is niks minder as dit nie. En die belangrikheid, die saligheid (geluk en bevrediging) en die werklike doel van die môre-uur kan alleen ingesien word wanneer niks minder as dit sy eerste doel is.

Hoe duideliker die doel van ons strewe is, hoe beter sal ons die middels daartoe kan laat aanpas om dit te bereik. Let op dat die môre-uur die middel is tot hierdie groot doel: *ek wil myself totaal oorgee en toerus om in die teenwoordigheid van Christus die hele dag deur te lewe*, ek wil niks doen wat dit kan verhinder nie. Ek besef dadelik dat my sukses vir die dag sal afhang van die versekering en die krag van die geloof wat Hóm in die binnekamer soek en vind en vashou. Oordenking en gebed en die Woord sal almal gebruik word as ondergeskik aan en hulpmiddels tot hierdie een doel: die skakel vir die dag tussen Christus en myself moet in die môre-uur versterk en vasgeheg word.

By die eerste oogopslag mag dit lyk of die gedagte aan die hele dag met al sy moontlike bekommernisse, genietinge en versoekings, die rus wat ek in my stille gemeenskapsoefening geniet het, mag verstoor. Dit is moontlik, maar dit sal geen verlies wees nie. Die ware godsdiens het ten doel dat *die karakter van Christus sodanig in ons sal gevorm word, dat in ons mees alledaagse handelinge ons Sy geaardheid en gesindheid sal openbaar*. Die Gees en die wil van Christus is bedoel om *so besit van ons te neem* dat dit vir ons in ons omgang met mense, in ons ontspanning en in ons besigheid tweede natuur sal wees om volgens hulle te handel. Dit kan alles plaasvind omdat Christus, as die Lewende, in ons woon.

Moenie ontsteld word as hierdie die doel vir jou in die begin te hoog of te moeilik voorkom, en as dit te veel van jou tyd in beslag neem in die uur van private gebed nie. Die tyd wat jy daaraan bestee, sal ryklik beloon word. Jy sal na die gebed en die Skrif teruggaan met 'n nuwe doelstelling en 'n nuwe geloof. Namate die môre-uur begin om sy uitwerking op die dag te wys, sal die dag reageer op die eerste halfuur, en gemeenskap met Christus sal ‘n nuwe betekenis en 'n nuwe krag verkry.

Dit sal veral sy uitwerking hê op die gees waarin jy die môre-uur waarneem.  Namate die grootsheid van die doel van *onafgebroke*

*gemeenskap met God in Christus* gedurende die dag, en die ware aard van die hulpmiddels om dit te bereik - *'n werklike, bewuste aanraking met Christus en ‘n versekering van Sy teenwoordigheid vir die dag* - van ons besit neem, sal jy insien dat die hoofsaaklike doel is: die vaste voorneme om die prys te wen, hoeveel inspanning en selfopoffering dit ook al mag verg.

Elke student weet hoeveel wilskrag en vasberadenheid daar in studie en op die sportveld nodig is om sukses te behaal. Ons verhouding met Christus vereis, en verdien ook nie minder nie, maar eerder meer intensiewe toewyding. Bo alles, eis die liefde van Christus ons hele hart. Dit is hierdie vaste voorneme om die t*eenwoordigheid van Christus* bo alles te verkry, wat oorwinning sal behaal oor elke versoeking om ontrou of oppervlakkig te wees in die nakoming van ons geloftes. Dit is dit wat die môre-uur self 'n magtige genademiddel sal maak om ons karakter te versterk en ons te bekragtig om nee te sê vir elke versoeking tot selftevredenheid. Dit is dit wat ons in staat sal stel om dadelik, wanneer ons die binnekamer ingaan en die deur toemaak, met ons hele hart daar te verkeer; dadelik gereed vir ons omgang met Christus. En dit is hierdie vaste voorneme wat van die môre-uur af die ondertoon van ons daaglikse lewe sal word.

Dit word dikwels in die wêreld gesê: "Groot dinge is moontlik vir enigeen wat weet wat hy wil hê, en wat dit begeer met sy hele hart." Die gelowige wat die persoonlike toewyding aan Christus sy wagwoord gemaak het, sal in die môre-uur die plek vind waar die begrip van sy heilige roeping dag na dag vernuwe word; waar sy wil versterk word tot 'n wandel wat by sy roeping pas; waar sy geloof beloon word deur die teenwoordigheid van Christus wat wag om hom te ontmoet en hom vir die dag onder Sy sorg te neem.

Ons is meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefhet. 'n Lewende Christus wag om ons te ontmoet.

*Gebed: Here Jesus Christus, ek wil U ken. Leer my van die Binnekamer en die Innerlike Lewe. Ek begeer met my hele hart 'n ononderbroke bewussyn van U teenwoordigheid in my lewe. Dit is my vaste voorneme om elke dag van hierdie 18 weke, ten minste 'n halfuur te spandeer om my dag te begin deur met U te ontmoet. Help my dat my tyd met U nie onderbreek sal word deur ander dringende sake nie. Amen."*

## HOOFSTUK 2. DIE DEUR GESLUIT : ALLEEN MET GOD

*"…Wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid jou Vader wat in die verborge is..."* – **Mattéüs 6:6.**

Die mens is geskape vir gemeenskap met God. God het hom gemaak na Sy eie beeld en gelykenis sodat hy daartoe in staat kan wees, toegerus om God te verstaan en te geniet, om hom na Sy wil te skik en hom in Sy heerlikheid te verlustig. Omdat God die Alom-teenwoordige en die Alles-deurdringende is, kon die mens geleef het in die genot van 'n onafgebroke gemeenskap met God, te midde van enige werk wat hy moes doen.

Sonde het ons van hierdie gemeenskap beroof. Niks anders as hierdie gemeenskap kan die hart van God of van die mens bevredig nie. Dit was om dit te herstel dat Christus gekom het: om God se verlore skepsel na Hom terug te bring, en die mens terug te voer na alles waarvoor hy geskape is. Gemeenskap met God is die voltooiing van alle verlossing op aarde en in die hemel. Dit word bereik wanneer die belofte wat so dikwels gegee word, werklik ervaar word: "*Ek sal met julle wees, Ek sal julle nooit begewe of verlaat nie*," en wanneer ons kan sê: "Die Vader is altyd by my."

Hierdie verhouding met God is bedoel om die hele dag ons belewenis te wees, wat ookal ons gemoedstoestand of die omstandighede is wat ons omring. Maar die genot daarvan hang af van ware gemeenskap in ons binnekamer. Die vermoë om die hele dag ‘n intieme en blye omgang met God te behou, sal geheel en al afhang van die erns waarmee ons in die uur van verborge gebed strewe om dit te verkry. Die een noodsaaklike element in die môre-uur of stiltetyd is *gemeenskap met God*.

Die Here leer ons dat dit die *innerlike geheim* is van verborge gebed: *"Sluit jou deur en bid jou Vader wat in die verborge sien."* Die eerste en belangrikste saak is: sorg dat jy daar in die geheim jou Vader se teenwoordigheid en aandag ontvang. Jy moet weet dat Hy jou sien en hoor. Nog belangriker as al jou gebede, hoe ernstig ookal, belangriker as al jou erns en jou pogings om reg te bid, is hierdie een saak: die kinderlike, lewende sekerheid dat jou Vader jou sien, dat jy Hom nou ontmoet het, en dat met Sy oog op jou en jou oog op Hom jy nou besig is om werklike gemeenskap met Hom te geniet.

Christen, daar is 'n **groot gevaar** waaraan jy blootgestel is in jou binnekamer. Jy loop die gevaar om gebed en Bybelstudie in die plek van lewende gemeenskap met God te stel. Lewende gemeenskap is die lewende wisselwerking waardeur jy aan Hom jou liefde, jou hart en jou lewe gee en Sy liefde, Sy lewe en sy Gees van Hom ontvang. Jou behoeftes en die uitspreek daarvan, jou begeerte om met nederigheid en geloof te bid, mag jou so in beslag neem, dat die lig van Sy aangesig en die vreugde van Sy liefde nie by jou ingang vind nie. Jou Bybelstudie mag jou so interesseer en soveel aangename godsdienstige gevoel by jou opwek, ja, dat **die woord van God self 'n plaasvervanger mag word van God**, **die grootste hindernis in die weg van gemeenskap, omdat dit die siel besig hou in plaas van om dit na God Self te lei**. Dit veroorsaak dat ons uitgaan na die werk van die dag sonder die krag van 'n blywende gemeenskap, omdat die seën nie ontvang is tydens ons stiltetyd in die môre nie.

Wat 'n verskil sou dit tog maak in die lewe van baie gelowiges as alles in die binnekamer ondergeskik gemaak word aan hierdie een saak: *ek wil deur die dag met God wandel*; my môre-uur is die tyd wanneer my Vader ‘n bepaalde bestelling met my aangaan, en ek met Hom, dat dit so sal wees. Wat 'n krag sal tog ontvang word deur hierdie bewussyn: *God het my onder Sy sorg geneem*, Hy Self gaan saam met my; ek gaan die hele

dag Sy wil doen in Sy krag; ek is gereed vir alles wat mag gebeur. Ja, hoeveel werd sal die lewe word as die verborge gebed nie slegs 'n vra is vir ‘n nuwe bewussyn van vertroosting of lig of krag nie, maar **die weggee van jou lewe net vir die een dag in die veilige, sekere bewaring van 'n magtige en getroue God.**

"*Bid jou Vader wat in die verborge is; en jou Vader wat in die verborge sien, sal jou in die openbaar vergelde."* Waar die verborge gemeenskap met die Vader in gees en in waarheid in stand gehou word, sal die openbare lewe voor die mense die beloning wys. Die Vader wat in die verborge sien, neem die saak in Sy hande en gee in die openbaar die beloning. Afsondering van mense om alleen met God te verkeer, dit is die ware, enigste weg om in omgang met mense, in die krag van God se seën te lewe.

*Gebed: "Here Jesus Christus, hier is ek. In my binnekamer waar niemand my kan sien nie, buig ek voor U, die lewende God. Leer my om omgang met U te hê."*

## HOOFSTUK 3. DIE GESLOTE DEUR : DIE OPENBARE VERGELDING

"*Maar jy, as jy vas, salf jou hoof en was jou gesig, sodat jy nie die mense laat sien dat jy vas nie, maar jou Vader Wat in die verborge is: en jou Vader Wat in die verborge sien, sal jou in die openbaar vergelde.*" – **Mattéüs 6:17,18**.

"*Toe hulle die vrymoedigheid van Petrus Johannes sien ….het hulle hulle as metgeselle van Jesus herken.*" – **Handelinge 4:13**

"*En toe Moses van die berg Sinai afgaan weet hy nie dat die vel van sy gesig blink, omdat hy met Hom gespreek het nie. En toe Aäron en al die kinders van Israel Moses sien, het die vel van sy gesig geblink! Daarom was hulle bevrees om naby hom te kom. Toe Moses klaar met hulle gespreek het, het hy 'n sluier oor sy gesig gesit.*" – **Eksodus 34:29-35**.

Die oorgang van die gemeenskap met God in die môre-uur na die omgang met ons medemense is dikwels moeilik. As ons God ontmoet het, verlang ons om die bewussyn van Sy teenwoordigheid te behou asook ons oorgawe aan Hom. Ons gaan uit na die ontbyttafel waar die atmosfeer, met ons eie huisgesin of huisgenote, skielik verander, en namate die teenwoordigheid van mense en van die sigbare dinge hulself laat geld, begin ons verloor wat ons gevind het.

Menige jong Christen beleef die probleem van hoe om sy hart gevul te hou met dié dinge waaroor hy nie vrymoedigheid het om te praat nie of miskien nie die geleentheid daartoe het nie. Selfs in godsdienstige kringe is dit nie altyd maklik om vrye omgang met mekaar te hê oor die dinge wat die hoogste voordeel en genot sal verskaf nie, as gevolg van 'n gebrek aan erns of moed. Laat ons probeer verstaan hoe dat ons omgang met

mense, in plaas van 'n hindernis, 'n hulpmiddel kan wees tot die instandhou van 'n lewe van gedurige gemeenskap met God.

Die lesse wat ons leer uit die verhaal van Moses met die sluier op sy gesig, wek vele gedagtes op.  'n Intieme en gedurige gemeenskap met God sal mettertyd sy uitwerking wys en homself openbaar voor mense. Moses het nie geweet dat sy gesig geblink het nie. Die lig van God wat uit ons skyn, sal onbewustelik wees en dit sal ons belewenis dat ons maar erdekruike is, verdiep (**1 Kor.2:3-4; 2 Kor.4**).

Die besef van die teenwoordigheid van God in iemand mag dikwels ander mense met vrees vervul, of hulle ten minste in sy geselskap ongemaklik laat voel. Wanneer ander opmerk wat daar by hom sigbaar is, sal die ware gelowige verstaan wat dit beteken om 'n sluier op sy gesig te sit, en om deur nederigheid en liefde te bewys dat hy werklik net so 'n mens is soos dié wat rondom hom is. En tog, onder dit alles sal daar ook die bewys wees dat hy of sy ‘n man of vrou van God is wat lewe in en onderhandelinge het met ‘n onsigbare wêreld.

Dieselfde lesse word vir ons geleer deur wat die Here vir ons sê oor die praktyk van vas. Maak geen vertoning wanneer jy vas nie sodat die mense nie sien dat jy vas nie. Ontmoet hulle in die vreugde en vriendelikheid van God se sagmoedigheid, as ‘n beminde en liefhebbende kind. **Reken op God wat jou in die verborge gesien het, om jou in die openbaar te vergelde, om jou genade te gee om in die omgang met mense jou gemeenskap met Hom te behou, en om hulle te laat weet dat Sy genade en lig op jou rus.**

Die verhaal van Petrus en Johannes bevestig dieselfde waarheid. Hulle was nie net metgeselle van Jesus solank Hy op aarde was nie, maar ook toe Hy na die hemel opgevaar het, en hulle het Sy Gees ontvang. Hulle het eenvoudig uitgelewe wat die Gees van Christus vir hulle geleer het.

Selfs hul vyande kon aan hul vrymoedigheid sien dat hulle metgeselle van Jesus was.

Die seën van die gemeenskap met God kan maklik verloor word deur te diep in te gaan in gemeenskap met mense. Die gees van die binnekamer moet uitgedruk word in 'n **heilige versigtigheid** die hele dag deur. Ons weet nie in watter uur die vyand sal kom nie. Hierdie instandhou van die môre-uur kan behou word deur 'n stille selfbeheersing en deur nie vrye teuels aan jou natuurlike passies te gee nie. In 'n godsdienstige huisgesin is soms hulp gesoek deurdat elkeen aan die ontbyttafel 'n teks oor ‘n vasgestelde onderwerp aanhaal sodat daardeur maklik geleentheid gegee word aan geestelike gesprekke.

Wanneer die blywende besef van God se teenwoordigheid en gemeenskap met Hom – "streef die hele dag na die vrees van die Here" - die doel van die môre-uur geword het, tesame met die diepste nederigheid en die mees liefdevolle omgang met dié wat om ons is, sal die genade gesoek en gevind word om in te gaan in die pligte van die dag met die onafgebroke instandhouding van die gemeenskap. Dit is 'n wonderlike ondervinding om in die binnekamer te gaan, die deur te sluit en die Vader in die verborge te ontmoet. Dit is nog wonderliker om die deur weer oop te maak en uit te gaan in die genot van daardie teenwoordigheid wat deur niks versteur kan word nie.

Sommige meen dat so ‘n lewe nie noodsaaklik is nie; die spanning is te groot; ‘n mens kan ‘n goeie Christen wees daarsonder. Vir diegene wat daarna streef om een hoofdoel te hê, wat voel dat hulle opreg en in staat moet wees om 'n invloed uit te oefen op die kerk en die wêreld rondom hulle, en daarvoor moet hulle vol wees van God en Sy teenwoordigheid; diegene sal in alles ondergeskik wees aan die een vraag: Hoe om in die erdekruik (liggaam) die hemelse skat te dra, terwyl die krag van Christus die hele dag op ons rus.

*Gebed: "Here Jesus Christus, leer my om heeldag van U teenwoordigheid bewus te wees. Help my dat wanneer ek tussen ander mense is, ek steeds heeltyd van U bewus sal wees. Laat U teenwoordigheid my verhouding met mense bepaal."*

## HOOFSTUK 4. MOSES EN DIE WOORD VAN GOD

"*Toe Moses in die tent van samekoms gegaan het om met Hom te spreek, het hy die stem met hom hoor spreek van die versoendeksel af. So het Hy dan met hom gespreek.*" – **Numeri 7:89**

Met betrekking tot die verband tussen gebed en die Woord in ons private godsdiens-oefening is die uitdrukking van ‘n bekeerling uit die heidendom dikwels aangehaal: **Ek bid, ek praat met God; ek lees die Bybel, God praat met my**. Daar is 'n teks in die geskiedenis van Moses waarin hierdie gedagte baie mooi uitgedruk word. In Num. 7:89 lees ons: "*Toe Moses in die tent van samekoms gegaan het om met Hom te spreek, het hy die stem met hom hoor spreek van die versoendeksel af. So het Hy dan met hom gespreek.*" Wanneer hy ingegaan het om te bid vir homself of sy volk, het hy gevind dat *God vir hom wag*. Wat 'n les vir ons môre-uur. 'n Biddende gees is die gees waarmee God sal spreek. 'n Biddende gees is die gees wat sal wag om te luister wat God sê. In die omgang met God moet Sy teenwoordigheid en die aandeel wat Hy neem in ons gemeenskap saam, net so werklik wees as my eie. Wat is nodig sodat ons Bybellees en gebed sodanige werklike gemeenskap met God kan wees?

### 1. Gaan na die regte plek

Moses het in die tent van samekoms gegaan om met God te praat. Hy het homself *afgesonder* van sy volk en gegaan daar waar hy *alleen* met God kon wees. Hy het gegaan na die plek waar God kon gevind word. Jesus het vir ons gesê waar daardie plek is. Hy roep ons om in ons *binnekamer* te gaan, die deur te sluit en ons tot Vader te bid wat in die verborge sien. Enige plek waar ons werklik alleen met God is, kan vir ons die geheim van Sy teenwoordigheid wees. Om met God te praat vereis *afsondering van alle ander dinge* (veral van 'n selfoon en sosiale media in ons tyd). Dit vereis 'n hart wat ten volle gekonsentreer is en ten volle verwag om God persoonlik te ontmoet om direkte onderhandelings met Hom te hê.

Diegene wat daarheen gaan om met God te praat, sal die stem hoor van Een Wat met hulle praat.

**2. Neem die regte posisie in**

Hy het die stem met hom hoor spreek van die versoendeksel af. Buig jou voor die versoendeksel neer (Kniel). Daar sal die besef van jou waardigheid jou nie hinder nie, maar dit sal ‘n werklike hulp wees om op God te vertrou. Daar kan jy die vaste versekering hê dat jou opwaartse blik deur Sy oog ontmoet sal word, dat jou gebed gehoor kan word en dat Sy liefdevolle antwoord gegee sal word. Buig voor die versoendeksel en wees verseker dat die God van die versoening jou sal sien en jou sal seën.

**3. Kom in die regte gesindheid - die houding om te luister**

Baie mense word so in beslag geneem deur die veel of die min wat hulle in hul gebede moet sê, dat die stem van die Een Wat praat van die versoendeksel af, nooit gehoor word nie, omdat hulle dit nie verwag of daarop wag nie. "*...So sê die Here: Die hemel is my troon en die aarde die voetbank van my voete... Maar op hierdie een sal Ek let: op hom wat arm is en verslae van gees, en wat bewe vir My woorde."* **(Jes. 66:1, Hand. 7:49)**. Laat ons die binnekamer ingaan en onsself aan gebed oorgee met ‘n hart wat nederig op God wag om te praat. As ons dan die Woord lees, sal ons werklik die stem hoor van Een wat met ons praat. Die hoogste genot en waarde van ons gebed sal wees om op te hou bid en God te laat praat.

Gebed en die Woord is onafskeidbaar aan mekaar verbind. Krag in die gebruik van die een hang af van die teenwoordigheid van die ander een. Die Woord gee my stof tot gebed en verduidelik aan my wat God vir my sal doen. Dit toon my die weg van gebed en leer my hoe God wil hê dat ek in Sy teenwoordigheid moet kom. Dit gee my die krag tot gebed, die moed van die versekering dat ek verhoor sal word. En dit bring vir my die antwoord op gebed waar dit my leer wat God vir my sal doen. En so aan

die ander kant berei gebed weer die hart voor vir die ontvangs van die woord van God Self, vir die onderrig van die Gees om die geestelike insig daarin te gee, en vir die geloof waardeur ons deel het aan Sy magtige werking.

Dit is duidelik waarom dit so is. Gebed en die Woord het een gemeenskaplike middelpunt: God. **Gebed soek na God. Die Woord openbaar God**. In gebed soek die mens na God. In die Woord antwoord God die mens. In gebed word die mens opgehef na die hemel om by God te woon. In die Woord kom God om by die mens te woon. In die gebed gee die mens homself aan God. In die Woord gee God Homself aan die mens. In gebed en in die Woord moet dit heeltemal net wees: God. *Maak God die alles van jou hart*, die een Voorwerp van jou verlange, en gebed en die Woord sal ‘n geseënde gemeenskap met God wees, die uitruiling van gedagtes en liefde en lewe - ‘n woon in God en God in ons. **Soek na God en lewe!**

*Gebed: "Here Jesus Christus, hier in my binnekamer is dit net U en ek. Ek buig my knieë en my hart voor U. Praat met my, ek luister."*

## HOOFSTUK 5. MOSES, DIE MAN VAN GEBED

Voor Moses was daar die bedeling van die aartsvaders met familielewe en die mag van die vaders as kenmerk. Moses was die eerste persoon wat aangestel was as leer-meester en leier van mense. By hom vind ons wonderlike voorbeelde van die plek en die krag van voorbidding vir die dienskneg van God.

**Die gebede van Moses:** Van sy eerste roeping af in Egipte, het Moses gebid. Hy het God gevra wat hy aan sy volk moet sê (**Eks.3:11-13**). Hy het aan Hom al sy swakheid uitgewys en versoek dat hy van sy sending onthef sal word (**4:1-13**). Toe die volk hom verwyt het dat hulle laste swaarder gemaak word, het hy dit aan God gaan sê (**5:22**), en hy het al sy vrees aan Hom bekend gemaak (**6:12**). Dit was sy eerste opleiding. Hieruit is sy krag in gebed gebore toe Farao hom keer op keer gevra het om vir hom by die Here in te tree, en verlossing gekom het op die versoek van Moses (**8:8, 9, 12, 28, 29, 30, 31; 9:28, 29, 33; 10:17, 18**).

Bestudeer hierdie gedeeltes totdat jy onder die diepe indruk kom van hoe 'n werklike faktor gebed in die werk van Moses en die verlossing van God was.

By die Rooi See het Moses saam met die volk tot God geroep en die antwoord het gekom (**14:15**). In die woestyn, toe die volk dors gehad het en toe Amalek hulle aangeval het, was dit ook gebed wat bevryding gebring het (**17:4, 11**). By Sinai, toe Israel die goue kalf gemaak het, was dit gebed wat dadelik die dreigende vernietiging afgeweer het (**32:11, 14**). Dit was hernude gebed wat vir hulle herstel gebring het (**32:31**). Dit was weereens gebed wat vir hulle die teenwoordigheid van God verseker het om met hulle saam te gaan (**33:17**), en dit was ook weer gebed wat die openbaring van God se heerlikheid gebring het (**33:19**). En toe die

verbond gegee was, was dit herhaalde gebed wat elke keer opnuut die verbond ontvang het (**34:9, 10**).

In Deuteronomium het ons 'n wonderlike opsomming van dit alles (**9:18, 19, 20, 26**). Ons sien met watter erns Moses gebid het, en hoe hy by een geleentheid vir veertig dae en veertig nagte voor die Here op sy aangesig neergeval het (**9:25; 10:10**).

In Numeri lees ons dat die gebed van Moses die vuur van die Here uitgeblus het (**11:2**), die voorraad van vleis verkry het (**11:2, 11**) en Mirjam gesond gemaak het (**12:13**); dat gebed ook die volk gered het toe hulle geweier het om die land Kanaän in te gaan (**14:17-20**). Gebed het die oordeel oor Korag gebring (**16:15**). En toe God die hele vergadering wou verteer, het gebed versoening gebring (**vers 46**). Gebed het water uit die rots te voorskyn gebring (**20:6**), en in antwoord op gebed is die koperslang gegee (**21:7**). Deur gebed is God se wil bekend gemaak in 'n geval van moeilikheid (**27:5**), en Josua gegee as opvolger van Moses (**vers 16**).

Bestudeer dit alles totdat u hele hart vervul is met die gedagte aan die aandeel wat gebed bydra en kan bydra in die lewe van 'n persoon wat God onder sy medemense wil dien. Terwyl ons dit bestudeer, sal die gedeeltes verenig en 'n lewende geheel vorm, en Moses sal vir ons ‘n lewende voorbeeld vir ons gebedslewe wees. Ons sal leer wat nodig is om ‘n voorbidder te wees.

**Die lesse wat jy sal leer:**

- Ek sien dat Moses 'n man was wat aan God oorgegee was, ywerig en gesteld op God en op God se eer en wil.
- Hy was ook 'n man wat geheel en al oorgegee was aan sy volk, gereed om homself op te offer as hulle kan gered word.

- Hy was 'n man wat bewus was van 'n Goddelike roeping om op te tree as middelaar, om die skakel, die kanaal van gemeenskap en seën te wees tussen God in die hemel en die mense op aarde.
- Sy lewe was so totaal in beslag geneem deur hierdie middelaars-bewussyn dat niks eenvoudiger en natuurliker kon wees as om te verwag dat God sal hoor nie.
- Ek sien hier dat God in antwoord op die gebed van een man, diegene wat Hy aan sy sorg toevertrou het, red en seën, en doen wat Hy nie daarsonder sou doen nie.
- Ek sien hoe die hele heerskappy van God gebed in Sy plan gebruik het as een van sy hulpmiddels.
- Ek sien dat die hemel gevul is met die lewe en krag en seën wat die aarde nodig het, en dat die gebed op aarde die krag is om daardie seën af te bring.
- Bo alles sien ek dat gebed 'n aanduiding is van die geestelike lewe, en dat die krag van gebed afhang van my verhouding tot God en van my bewussyn dat ek Sy verteenwoordiger is. Hy vertrou Sy werk aan my toe, en hoe eenvoudiger en meer heelhartig my toewyding aan Sy belange is, hoe natuurliker en sekerder is die oortuiging dat Hy my verhoor.

Dink aan die plek wat God in die lewe van Moses ingeneem het, die God aan Wie hy geheel en al toegewy was, die God wat beloof het om by hom te bly en hom altyd sou help, en ook gehelp het, indien en wanneer hy bid.

Nou kom die praktiese toepassing: Hoe kan ons leer om soos Moses te bid? Ons kan hierdie genade nie deur 'n wilsdaad verkry nie.

Ons eerste les moet wees die **besef van onmag**. Dan sal genade dit in ons werk, stadig en seker, as ons onsself aan die oefening daarvan oorgee. Maar hoewel die oefening stuksgewyse sal wees, is daar een saak wat ons

dadelik kan afhandel: ons kan **dadelik besluit om onsself oor te gee** aan hierdie lewe en die regte posisie in te neem. Doen dit nou, neem die besluit **om geheel en al net te lewe om 'n kanaal vir God se seën te wees om deur jou na die wêreld te vloei**. **Neem die stap**. As dit nodig is, neem tien minute vir doelbewuste nadenking. Aanvaar die Goddelike aanstelling en begin om vir die een of ander persoon of saak voorbidding te doen.

Neem tyd, sê 'n week, om 'n duidelike begrip te kry van die fundamentele waarhede wat deur die voorbeeld van Moses geleer word. Soos 'n musiekonderwyseres aandring op die oefening van die toonlere - die vaardigheid kom alleen deur die oefening – **beoefen jou so om deeglik te leer** en die noodsaaklike eerste lesse toe te pas.

God soek mense deur wie Hy die wêreld kan seën. Sê beslis: **Hier is ek: ek sal my lewe hieraan wy**. Kweek 'n sterk geloof aan in die eenvoudige waarheid: **God hoor gebed; God sal doen wat ek vra**. Wy jouself net so heelhartig aan mense toe as aan God, en maak jou oë oop vir 'n besef van die behoefte van ‘n verloregaande wêreld. Neem jou posisie in Christus in, in die krag wat Sy Naam, Lewe en Gees aan jou gee. En gaan voort om jouself te oefen in daadwerklike voorbidding.

*Gebed: "Here Jesus Christus, ek besef my eie onmag om reg te kan bid. Ek gee myself oor aan U Gees. Leer my om te bid. Hier is ek, maak my 'n kanaal sodat U seën deur my na ander kan vloei."*

## HOOFSTUK 6. MOSES, DIE MAN VAN GOD

"*Moses, die man van God, het die kinders van Israel geseën.*"
– **Deuteronomium 33:1**

Die man van God! Hoeveel beteken die naam tog! 'n Man wat van God kom, deur Hom gekies en gestuur. 'n Man wat met God wandel, in gemeenskap met Hom lewe en die teken van Sy teenwoordigheid dra. 'n Man wat lewe vir God en Sy wil; wie se hele wese deurtrek is van en beheers word deur die heerlikheid van God, wat onbewus en onafgebroke mense daartoe bring om oor God te dink. ‘n Man in wie se hart en lewe God die regte plek ingeneem het as die alles in almal, en wat slegs die een begeerte het, dat Hy daardie plek in die hele wêreld sal inneem.

Dit is aan sulke manne en vroue van God dat die wêreld behoefte het; dit is sulke manne en vroue wat God soek sodat Hy hulle met Homself kan vervul en hulle in die wêreld kan stuur om andere te help om Hom te ken. So ‘n man was Moses, so onmiskenbaar dat die mense natuurlikerwys na hom verwys het as Moses, die man van God!

Elke dienskneg en diensmaagd van God moet daarna strewe om so ‘n man of vrou te wees: ‘n lewende getuie en bewys van wat God vir hom in die hemel is, en wat Hy vir hom op aarde is en wat Hy eis om in almal te wees.

In 'n vorige hoofstuk het ons gepraat oor die omgang met God as iets waarvoor die mens geskape is, as die voorreg van die daaglikse lewe en as iets wat ons eerste belang moet wees in die môre-uur.  Wat daar gesê is, het veral betrekking op ons persoonlike behoefte en die krag van 'n geseënde, tevrede en gelukkige lewe om andere te beïnvloed.

Moses, die man van God! Die gedagte aan ‘n man wat so kenbaar en so intiem aan God verbind is, dat die mense dit instinktief as sy eerste kenmerk genoem het: die Man van God! Dit lei ons verder en neem ons na ons openbare lewe. Dit wek die gedagte op van die indruk wat ons op mense maak, en die krag wat ons kan besit om in so ‘n mate die merk van God se heilige teenwoordigheid met ons te dra, dat wanneer die mense ons sien of aan ons dink, die naam dadelik by hulle sal opkom - DIE MAN VAN GOD!

Dit is die mense waaraan God sowel as die wêreld behoefte het. En waarom?

- Omdat die wêreld deur die sonde afvallig geword het van God.
- Omdat die wêreld in Christus vrygekoop is vir God.
- En omdat God geen middel het waardeur Hy mense kan wys wat hulle behoort te wees nie, of hulle kan opwek en roep en help nie, as deur manne en vroue van God in wie Sy lewe, Sy Gees en Sy krag werk.

Die mens is geskape vir God sodat God kon lewe en woon en werk en Sy heerlikheid openbaar in hom en deur hom. God moes Sy alles in almal wees. Die inwoning van God moes net so natuurlik en aangenaam wees as wat dit waar, vreemd en onbegryplik is. Toe die verlossing van Christus voltooi is met die neerdaling van God die Heilige Gees in die harte van mense, is hierdie inwoning herstel en het God weer besit gekry van sy woning. En waar iemand **homself onverdeeld oorgee aan die teenwoordigheid van die Heilige Gees**, nie alleen as 'n krag wat in hom werk nie, maar **as God wat in hom woon** (**Joh.14:16, 20, 23; 1 Joh.4:4**) kan hy, in die diepste sin van die woord, 'n MAN VAN GOD word.

Paulus leer ons dat dit deur die krag van die Heilige Skrif is dat "*die mens van God volkome kan wees.*" Dit veronderstel dat by sommige die lewe onvolmaak is en behoefte het om volmaak te word. "*Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering. Tot weerlegging, tot teregwysing, tot*

*onderwysing in die geregtigheid,* ***sodat die mens van God volkome kan wees****, vir elke goeie werk (volkome toegerus)."* (**2 Tim. 3:16)**.

Dit bring ons weer by die môre-uur as die belangrikste tyd vir persoonlike Bybelstudie. Namate ons ons hart en lewe oorgee aan die Woord sodat God deur die lering, weerlegging, teregwysing en onderwysing daarvan ons hele lewe kan ondersoek en vorm, en ons so onder die direkte invloed van God en in volle gemeenskap met Hom kom, **dat die mens van God volmaak sal wees**, toegerus vir elke goeie werk.

O, dat ek tog genade mag ontvang om waarlik 'n man of vrou van God te wees! Iemand wat hierdie drie dinge weet en ondervind: **God is alles, God eis alles; God werk alles**. Iemand wat gesien het watter plek God inneem in Sy heelal en in die mens - Hy is die Alles in almal! Iemand wat verstaan het dat **God alles vra en alles moet hê**, en wat slegs lewe sodat hy aan God kan gee wat Hom toekom en tot Sy eer! Iemand wat die groot geheim ontdek het dat **God alles werk**, en wat daarna strewe om soos die Seun van God te lewe in 'n onafgebroke, geseënde afhanklikheid, sodat die Vader in hom die woorde spreek en die werk doen.

Christen, streef daarna om ‘n man of vrou van God te wees! Laat God in die môre-uur vir jou alles wees. Laat God gedurende die dag vir jou alles in almal wees. En laat jou lewe aan die een saak toegewy wees: om mense na God te bring en God na die mense, sodat God in Sy kerk en in die wêreld die plek mag inneem wat Hom toekom.

"*As ek dan ‘n man van God is, mag daar vuur van die hemel neerdaal."* (**2 Kon. 1:10)**. So het Elia geantwoord toe die owerste hom beveel het om van die berg af te kom. Die ware God is die God wat antwoord met vuur. En die ware man van God is hy wat weet hoe om daardie vuur af te roep omdat hy mag het by die God van die hemel. Of die vuur die vuur van oordeel is of van die Heilige Gees, die werk van die man van God is om

vuur af te bring op die aarde. Wat die wêreld nodig het, is manne en vroue van God wat God se krag ken asook hul eie mag by God.

Glo dit tog dat dit in die gewoonte van afgesonderde binnekamer gebed in ons daaglikse lewe is waar ons leer om ons God te ken, asook sy vuur en ons mag by Hom. O, as ons tog maar kon weet wat dit is om ‘n man van God te wees en wat dit veronderstel.

In Elia, net soos in Moses, sien ons dat dit 'n afsondering van elke ander belang beteken. 'n Algehele eenwording met die eer van God. Nie langer ‘n man van die wêreld nie, maar 'n MAN VAN GOD.

Daar bestaan die geheime gedagte dat dit alles meer spanning en opoffering, moeite en gevaar meebring as wat ons voor kans sien. Dit is alleen waar solank as ons nog nie gesien het hoe absoluut die eis van God is, hoe onuitspreeklik heerlik dit is om ons daaraan oor te gee, en hoe seker dit is dat God Self dit in ons sal werk nie.

Gaan nou terug en kyk na Moses, die man van gebed; Moses, die man van die Woord, en kyk hoe dit alles ontstaan het - Moses, die man van God. Dieselfde sien ons in die lewe van Elia. Dan sal ons sien hoedat die harmonie tussen ons *hoor van God se woord* en God se *hoor van ons woorde*, en die manier waarop dit Goddelik moontlik word, ons kan wees en lewe soos 'n MAN (OF VROU) VAN GOD.

*Gebed: "Here Jesus Christus, soos Moses gee ek myself oor aan U teenwoordigheid in my. Ek sonder my binnekamer tyd af aan U. Ontmoet my asseblief."*

## HOOFSTUK 7. DIE KRAG VAN GOD SE WOORD

"*Die Woord van God wat ook werk in julle wat glo.*" –
**1 Tessalonisense 2:13**

Die waarde van die woorde van iemand hang af van my kennis van die persoon wat praat. Wat 'n verskil maak dit wanneer iemand my die belofte maak: "Ek sal jou die helfte gee van alles wat ek besit", of die spreker 'n arm man is wat slegs een Rand besit, of ‘n miljoenêr wat aanbied om sy vermoë met my te deel. Een van die eerste vereistes vir 'n vrugbare Bybelstudie is die kennis van God as die Almagtige, en van die krag van Sy Woord.

Die krag van God se Woord is oneindig. "*Deur die Woord van die Here is die hemele gemaak.*" (**Ps. 33:6)**, *"Hy het gespreek, en dit was; Hy het gebied, en dit staan."* (**Ps. 33:9)**. God se almal werk in Sy Woord: dit het skeppende mag en roep **die saak self waaroor dit spreek** tot 'n werklikheid. Omdat dit die woord van die lewende God is, is dit 'n lewende woord en verseker is dit lewe. Dit kan nie net skep nie, maar ook weer dit wat dood is, lewendig maak. Sy lewend-makende krag kan dooie liggame weer laat opstaan en die ewige lewe aan dooie siele gee. Alle geestelike lewe kom daardeur, "*want ons is gebore deur onverganklike saad, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly.*" (**1 Pet. 1:23**).

Hierin is opgesluit wat vir so baie mense verborge is – een van die diepste geheime van die seën van God se Woord – die geloof in sy skeppende en lewendmakende krag. **Die Woord sal in my werk daardie selfde gesindheid of genade wat dit beveel of beloof.** "*Dit werk ook in (hulle) wat glo."* (**1 Thess. 2:13**)*. "Die stem van die Here is met krag."* (**Ps. 29:4**). Alles hang daarvan af dat ons die kuns sal aanleer om daardie Woord in ons hart te ontvang. En om hierdie kuns aan te leer is die eerste stap -

**geloof in die lewende, almagtige en skeppende krag daarvan**. Deur Sy Woord "*roep (God) die dinge wat nie bestaan nie... asof hulle bestaan."* (**Rom.4:17**).

Net soos dit waar is van al God se magtige dade van die skepping af tot by die opstanding van die dooies, is dit ook waar van elke woord wat tot ons gespreek word in Sy heilige Boek. Daar is twee sake wat ons verhinder om dit te glo soos ons behoort. Die een is die vreeslike ondervinding dat in almal rondom ons, en moontlik in ons ook, die Woord kragteloos gemaak word deur menslike wysheid of ongeloof of wêreldsgesindheid. Die ander is die verwaarlosing van die Skrifleer dat die Woord 'n saad is. Saadjies is klein, dit mag lank stil lê, dit moet in die grond weggesteek word, en wanneer hulle ontkiem, groei hulle stadig. Omdat die werking van God se Woord verborge en onsigbaar is, stadig en skynbaar baie swak, glo ons nie in die almag daarvan nie. Laat ons dit een van ons eerste lesse maak. Die Woord wat ek bestudeer, is die krag van God tot saligheid: **dit sal in my werk alles wat ek nodig het en alles wat die Vader van my verlang.**

Wat ‘n vooruitsig sal hierdie geloof tog vir ons geestelike lewe inhou! Ons sal sien dat al die skatte en seëninge van God se genade binne ons bereik is. Die Woord het die krag om ons duisternis te verlig. Dit sal die lig van God in ons hart inbring, die besef van Sy liefde en die kennis van Sy wil. Die Woord kan ons vervul met krag en moed om elke vyand te oorwin en alles te doen wat God ons vra om te doen. Die Woord sal ons reinig en heilig en in ons geloof en gehoorsaamheid werk, en dit sal in ons word die saad van elke gelaatstrek in die gelykvormigheid aan ons Here. Deur die Woord sal die Gees ons in alle waarheid lei, d.w.s. om alles wat in die Woord is, in ons waarheid te maak en so ons hart voor te berei om die woonplek van die Vader en die Seun te wees.

Wat 'n verandering sou daar tog kom in ons verhouding tot God se Woord en die môre-uur as ons werklik hierdie eenvoudige waarheid glo. Laat ons

ons opleiding vir daardie bediening van die Woord wat elke gelowige moet beoefen, begin deur die krag daarvan in ons eie ervaring te bewys. Laat ons begin om dit te soek terwyl ons ons in stilte voorberei om die groot les van geloof te leer: die magtige krag van God se Woord. Niks minder as dit word bedoel deur die uitdrukking: **God se Woord is die waarheid!** Want God Self sal dit waar maak in ons.

Ons sal nog **baie moet leer** met betrekking tot die dinge wat daardie krag verhinder,
Ons sal nog **heelwat moet oorwin** om vrygemaak te word van daardie hindernisse,
Ons sal nog **meer moet oorgee** om daardie werking te ontvang.

Maar alles sal regkom as ons slegs ons Bybelstudie sal aanpak met die vaste voorneme om te glo dat God se Woord almagtige krag besit om elke seën waarvan dit praat, in die hart uit te werk.

*Gebed: "Here Jesus Christus, openbaar aan my wat verhinder dat ek die krag van die Woord beleef. Maak my vry van hierdie hindernisse. Ek gee myself onvoorwaardelik oor aan U."*

## HOOFSTUK 8. DIE SAAD IS DIE WOORD

*"Dit is dan die gelykenis: Die saad is die woord van God."* – **Lukas 8:11**

Ek is van mening dat dit sonder aarseling gesê kan word dat daar in die hele natuur geen ander beeld is van God se Woord, wat so waar en so betekenisvol is as die beeld van die saad nie. Om hierin 'n volle geestelike insig te hê is 'n wonderlike genadegawe. Die punte van ooreenkoms is maklik om te noem. Daar is die skynbare onbelangrikheid van die saad - 'n klein dingetjie in vergelyking met die boom wat daaruit voortspruit. Daar is die lewe wat in die saad ingesluit is en sluimer in die dop. Daar is die noodsaaklikheid van geskikte voorbereide grond waarsonder groei onmoontlik is. Daar is die langsame groei waarvan die lang tyd groot geduld van die boer vereis. En daar is die vrug waarin die saad homself reproduseer en vermenigvuldig. In al hierdie opsigte leer die saad ons kosbare lesse met betrekking tot ons gebruik van God se Woord.

Daar is vereers, die **les van geloof**. Die geloof kyk nie na die uiterlike voorkoms nie. Sover as ons kan oordeel, lyk dit baie onwaarskynlik dat ‘n Woord van God lewe in die siel kan gee, dat dit in ons die werklike genade bewerk waarvan dit praat, dat dit ons hele karakter sal verander en ons met krag sal vervul. En tog is dit so! As ons eers geleer het om te glo dat die Woord werklik die waarheid wat dit bevat, in ons kan werk, dan het ons een van die belangrikste geheime van ons Bybelstudie agtergekom. Ons sal dan elke woord ontvang as die waarborg en die krag van Goddelike werking.

Dan is daar die **les van arbeid**. Die saad moet vergader en bewaar word en in die voorbereide aarde gesit word. En so moet die verstand uit die Skrif die woorde versamel wat ons behoefte bevredig, dit verstaan en oorhandig aan die hart wat die enigste grond is waarin hierdie hemelse saad kan groei. Ons kan nie die lewe of die groei gee nie. Maar dit is ook

nie nodig nie, die lewe is daar. Maar wat ons kan doen, is om die Woord in ons hart weg te bêre, te koester en dit daar te hou terwyl ons wag op die sonskyn wat van bo kom.

En die saad leer die **les van geduld**. Die uitwerking van die Woord op ons harte is in die meeste gevalle nie onmiddellik nie. Dit het tyd nodig om wortel te skiet en op te groei. Die woorde van Christus moet in ons bly. Ons moet nie net elke dag ons skat van Bybelkennis vermeerder nie - dit is maar net soos die versamel van die graan in ‘n skuur - maar ons moet veral waghou oor daardie woorde van bevel of belofte wat ons ontvang het, en aan hulle plek gee in ons hart om sowel die wortels as die takke te laat uitsprei. Ons moet weet watter saad ons ingesit het en ‘n afwagtende, maar geduldige houding aankweek. Op die regte tyd sal ons oes as ons nie verslap nie.

En eindelik kom ook die **les van vrugbaarheid**. Hoe gering daardie saadjie van die Woord van God ook al mag lyk, hoe swak sy lewe daar mag uitsien, hoe diep verborge die gedagte waarvan dit praat ook al mag wees, hoe swaar die stadige groei daarvan ook al ons geduld op die proef mag stel - **wees daarvan oortuig dat die vrug sal kom**. Die waarheid en lewe en krag van God waarvan die Woord die gedagte bevat het, sal self in jou groei en tot rypheid kom. En net soos 'n saadjie vrugte dra wat dieselfde saad bevat vir verdere voortplanting, so sal die Woord nie net aan jou die vrugte bring wat dit beloof het nie, maar daardie vrug sal elke keer ‘n saad word wat jy na andere oordra om lewe en seën mee te deel.

Nie net die woord nie, maar *“die koninkryk van die hemele is soos ‘n ... saad."* (**Matt.13:31**). En die genade daarvan kom op geen ander manier nie as soos ‘n verborge saadjie in die hart van die wedergeborene. Christus is ‘n saad. Die Heilige Gees is 'n saad. Die liefde van God wat in die hart uitgestort is, is 'n saad. Die besondere grootheid van die krag wat in ons werk, is ‘n saad. Die verborge lewe is daar in die hart, maar dit

word nie onmiddellik of altyd in sy krag gevoel nie. Die Goddelike heerlikheid is daar, maar dikwels sonder gedaante of aantreklikheid. Dit kan slegs deur die geloof geken word. Ons moet daarop reken en daarvolgens optree selfs wanneer ons dit nie voel nie, en ons moet die ontkieming en die groei daarvan afwag.

Namate hierdie sentrale waarheid elke keer deeglik verstaan en vasgehou word as die wet van al die hemelse lewe op aarde, word die studie van God se Woord 'n daad van geloof en afhanklikheid van die lewende God.

*Gebed: Here Jesus Christus, ek glo met nederigheid, byna met bewing, in die Goddelike saad wat daar in die Woord is, en in die krag van God se Gees om dit in my lewe en ondervinding werklikheid te maak. Ek gee my hongerige hart onverdeeld oor om hierdie Goddelike saad te ontvang. En ek wag met absolute afhanklikheid en vertroue op God om die krag te vermeerder ver bo wat ons kan vra of dink.*

## HOOFSTUK 9. DOEN EN KEN

*"En (Jesus) sê: Ja, maar salig is hulle wat die Woord van God hoor en **dit bewaar**."* **– Lukas 11:28**

"*As iemand gewillig is om Sy wil **te doen**, sal hy …**weet**.*"
– **Johannes 7:17**

‘n Tyd gelede het ek ‘n brief ontvang van iemand wat blykbaar ‘n ernstige Christen is, wat my vra vir ‘n paar wenke wat hom kan help in sy Bybelstudie. My eerste gedagte was om aan hom te antwoord dat daar so baie toesprake en boekies oor die saak bestaan dat hy sou vind dat alles wat ek kan sê, reeds beter gesê is. Kort daarna het sekere ondervindings in my onmiddellike kring my laat besef hoe noodsaaklik voorligting in hierdie uiters belangrike saak is, en ek het gevind dat daar punte is wat wenslik is dat hulle spesifiek op die voorgrond gestel word. Ek neem my pen op met die vurige gebed en hoop dat wat ek skryf, van God, die oorsprong van lig en lewe, afkomstig mag wees, om Sy kinders te help om te sien hoe hulle uit Sy kosbare Woord kan put al daardie Goddelike onderrig en voedsel, al daardie oorvloedige blydskap en krag wat Hy daar vir hulle weggelê het.

Ek stel my dit nou voor dat ek ‘n jong Christen toespreek wat aan my gesê het: Help my om my Bybel te bestudeer; gee my ‘n paar wenke wat my kan rig hoe om te begin en hoe om voort te gaan sodat ek my Bybel goed mag ken. Die heel eerste ding wat ek vir jou wil sê, die saak wat belangriker as alles is, is dit: In jou Bybelstudie sal alles afhang van die gesindheid waarmee jy dit benader, of die doel of mikpunt wat jy vir jouself voorstel. In wêreldse dinge word 'n man beheer deur die mikpunt of doelwit wat hy homself voorhou. Dit is dieselfde met die Bybel. As jou doel slegs is om die Bybel goed te ken, sal jy teleurgestel word. As jy meen dat 'n deeglike kennis van die Bybel noodwendig 'n seën is, dan

maak jy 'n fout. Vir sommige mense is dit 'n vloek. Vir andere is dit kragteloos; dit maak hulle nie heilig of gelukkig nie. Vir sommige is dit 'n las, dit maak hulle terneergedruk in plaas van lewendig en opgewek.

Wat moet dan die mikpunt of doel, die regte gesindheid van die Bybelstudent wees? *God se Woord is voedsel*, brood van die hemel. Die eerste noodsaaklikheid vir Bybelstudie is: **'n groot honger na geregtigheid**, 'n **sterk begeerte om God wil volledig** te doen.

*Die Bybel is 'n lig*: die eerste vereiste om dit te geniet **is 'n diepe verlange om in God se weë te wandel**. Is dit nie wat ons geleer word deur die tekste wat ek hierbo geplaas het nie? "*Salig is hulle wat die woord van God hoor en dit bewaar."* (**Luk. 11:28**). Daar is geen saligheid in om God se Woord te hoor of te ken as ons dit nie bewaar nie. Die Woord is niks as dit nie bewaar, gehoorsaam en gedoen word nie. "*As iemand gewillig is om Sy wil te doen, sal hy....weet."* (**Joh. 7:17**). Volgens hierdie woorde van onse Here hang alle ware kennis van God se Woord af van die voorafgaande gewilligheid om dit doen. Is dit nie die eintlike les wat ons wil beklemtoon nie? God sal weier om die ware betekenis en seën van Sy Woord te ontsluit vir enigiemand behalwe vir hulle **wie se wil spesifiek daarop gerig is om dit te doen**! Ek moet my Bybel lees met die een doel: "*Net wat Hy vir julle sê, **moet julle doen**."* (**Joh.2:5**).

Waarom dit so is, is maklik om vas te stel wanneer ons dink waarvoor woorde bedoel is. Hulle staan tussen die wil en die daad. Sê nou iemand wil iets vir jou doen. Voordat hy dit doen druk hy sy gedagte of doel in woorde uit, dan vervul hy die woorde deur te doen wat hy beloof het. Net so met God. Sy woorde ontleen hul waarde aan wat Hy doen. In die skepping was Sy Woord met mag: "*Hy het gespreek en dit was."* (**Joh. 7:17**). In genade doen Hy wat Hy sê. Dawid bid in **2 Samuel 7:25**: "***Doen*** *soos U **gespreek** het."* Salomo sê by die inwyding van die tempel: *"Wie se hand **volbring** het wat Sy mond… **gespreek** het"*; "*Die Here het die woord **vervul** wat Hy **gespreek** het*"; "*Wat…..U belofte aan hom gehou het*";

"*Met U mond het U gespreek en met U hand volbring*"; "*Hou nou ook die belofte wat U.. . gedoen het"* (**2 Kron.6:4, 10, 15, 16**). In die profete sê God: "*Soos Ek, die Here, gespreek het, sal Ek dit ook doen.*" (**Jes.46:11**)**.** En hulle sê: "*Wat U gespreek het, is gedoen."* Die waarheid en die waarde van wat God beloof, bestaan hierin, dat **Hy dit doen**. Sy Woord van belofte is bedoel om gedoen te word.

Dit is nie minder waar nie van die opdragte in Sy Woord van daardie dinge wat Hy wil **dat ons moet doen**. As ons hulle nie doen nie, as ons soek om hulle te ken, as ons hul skoonheid bewonder en hul wysheid roem, maar hulle nie doen nie, bedrieg ons onsself. Hulle is bedoel **om gedoen te word**. Dit is slegs namate ons hulle doen dat hul werklike betekenis en seën vir ons ontvou kan word. Dit is slegs namate ons hulle doen dat ons werklik kan groei in die Goddelike lewe. *"Wandel waardig die Here om Hom in alles te behaag en in **elke goeie werk** vrug te dra (eers dit, dan) en in **die kennis van God**…groei."* (**Kol.1:10**). Dit is alleen wanneer ons God se Woord nader met dieselfde doel wat God beoog het, dat dit sal gedoen word, dat ons enige hoop en seën kan koester.

Is dit nie wat ons oral rondom ons sien in die najaag van kennis of in enige afdeling van die handel nie? Van die vakleerling of student word verwag om die lesse wat hy ontvang, in die praktyk uit te voer; slegs dan is hy gereed vir verder onderrig. En net so in die Christelike lewe is die Bybelstudie slegs die teorie, 'n aangename oefening van die verstand en die verbeelding, wat van min of geen waarde is vir 'n lewe van ware heiligheid of Christus-gelykvormigheid nie tensy die student gereed is om nooit sy Bybel oop of toe te maak sonder om God se doel sy eie te maak nie, en om te luister wanneer Hy sê: "***Doen alles wat Ek sê.****" (***Eks.23:22**).

Dit was die kenmerk van die heiliges van die ou tyd. "*Toe het Abraham weggetrek soos die Here hom gesê het." (***Gen.12:4**). "*Soos die Here Moses*

*beveel het, so het hy gedoen"* (**Lev.9:10**), is die beskrywing van iemand wat as ‘n dienskneg getrou was in sy hele huis.

En van Dawid lees ons: "*Ek het 'n man na my hart gevind, wat al My welbehae sal doen."* (**Hand. 13:22**). In **Psalm 119** hoor ons hom met God praat oor Sy Woord, en bid vir Goddelike lig en onderrig. maar hy voeg altyd daarby 'n gelofte van gehoorsaamheid of ‘n soortgelyke uitdrukking van liefde en vreugde. Dit is die doen van God se wil wat selfs in die geval van God se eie Seun die een geheim was van die ingang in die guns en die gedagte van God.

Ek het so pas die nuwe boek van mnr. Moody gelees: *Pleasure and Profit in Bible Study* (Genot en Nut in Bybelstudie). Ek twyfel daar nie aan nie dat vele sal gebruik maak van die wenke wat dit bevat. Hulle sal tereg dink dat wat vir ‘n man soos mnr. Moody gehelp het, kan vir my ook help. En tog mag hulle teleurgestel word. Hulle sal teleurgestel word tensy hulle na die Bybel bring wat mnr. Moody gebring het: **'n eerlike begeerte om alles te doen wat hy sien dat God wil dat hy sal doen.**
https://www.amazon.com/Pleasure-Profit-Bible-Study-Dwight/dp/164799022X

Jonge Christen, ek smeek jou deur die genade van God, wanneer jy God vra om jou in te lei in die skatte van Sy Woord en in die hemel waar Christus woon, doen dit soos een wat homself gee as 'n lewendige offer, **gereed om enigiets te doen wat God mag vra**. Moet tog nie dink dat dit vanself kom nie. Dit is van groter belang as wat jy weet. Dit is meer dikwels afwesig by die Bybelstudie as wat jy dink. Soek daarna met diepe nederigheid.

Die eerste vereiste om jou kos te geniet, is honger. Die eerste vereiste vir Bybelstudie is 'n **eenvoudige, vasberade begeerte om uit te vind wat God wil hê dat jy moet doen, en 'n doodernstige besluit om dit te doen**.

"*As iemand gewillig is om Sy wil te doen, sal hy omtrent die leer weet...*" (**Joh. 7:17**). Vir hom sal die Woord van God geopen word.

*Gebed: "Here Jesus Christus, ek buig my hart voor U. Van nou af wil ek U wil ken en alles doen wat U vir my in die Woord sê."*

## HOOFSTUK 10. DIE HOOGSTE GENOT EN GELUK VAN DIE DADER

"*Word daders van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie... Maar hy wat… nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n dader van die werk, (sal) gelukkig wees in wat hy doen."* – **Jakobus 1:22, 25**

Wat 'n vreeslike selfbedrog om tevrede te wees om behae te vind in die hoor van die Woord en dit tog nie te doen nie. En hoe jammerlik algemeen is die gesig van skares van Christene wat met groot gereeldheid en erns na die Woord van God luister en dit tog nie doen nie. As hul eie werknemers so sou optree, sou hoor maar nie doen nie, hoe gou sou die vonnis tog voltrek word. En tog, die selfbedrog is so volkome dat hulle nooit weet dat hulle nie goeie Christelike lewes voer nie. Wat kan dit wees wat ons so mislei?

Daar is meer as een ding. Die een is dat die mense **die genot wat hulle vind in die hoor**, aansien vir godsdiens en aanbidding. Die verstand vind daar genot in om die waarheid duidelik te verstaan; die verbeelding word gestreel deur die opheldering daarvan; die gevoel word geroer deur die toepassing daarvan. Kennis gee aan die aktiewe brein genot. Iemand kan een of ander vertakking van die wetenskap bestudeer, byvoorbeeld elektrisiteit, vir die genot wat die kennis hom verskaf sonder enige voorneme om ooit die kennis in die praktyk te gaan toepas. En so gaan mense kerk toe en geniet die preek, **en tog doen hulle nie wat God van hulle vra nie**. Die onbekeerde net soos die bekeerde, is tevrede om aan te gaan met sy lewe, en God te bely, terwyl hulle nog die dinge doen wat hulle nie behoort te doen nie.

'n Ander oorsaak van die misleiding is die **verskriklike verdraaiing van die leer van ons onbekwaamheid tot die goeie**. Die genade van Christus om ons in staat te stel om te gehoorsaam, ons van sonde te bewaar en ons heilig te maak, word so min in geglo dat mense feitlik meen dat dit 'n

noodsaaklikheid vir hulle is om te sondig. God kan van hulle nie volle gehoorsaamheid vereis nie want Hy weet hulle kan dit nie lewer nie. Hierdie dwaling sny die wortel self af van 'n vasberade doel om alles te doen wat God gesê het. Dit sluit die hart vir elke ernstige begeerte om alles wat God se genade in ons kan doen, te glo en te ondervind, en maak mense selftevrede te midde van sonde. Om te hoor en nie te doen nie, wat 'n vreeslike selfbedrog!

Daar is 'n derde oorsaak voor, en dit het betrekking veral op die **private lees van die Bybel**. Die hoor of die lees word beskou as ‘n plig, die uitvoer waarvan gesien word as ‘n godsdienstige handeling. Ons het ons vyf of tien minute in die môre gewy aan die lees; ons het gelees met nadenking en aandag; ons het probeer om in te neem wat ons lees. 'n Plig wat getrou uitgevoer is, verlig die gewete en gee 'n gevoel van tevredenheid. En daar is byna geen besef van die waardeloosheid, en meer nog as waardeloosheid, van die verhardende invloed van ‘n plig wat uitgevoer word of kennis wat verkry word nie, tensy ons uitgaan met ons hele hart daarop gerig **om letterlik te doen en te wees wat God se Woord sê dat Hy van ons verlang en wat Hy ons kan maak**. Vreeslike selfbedrog! "*Word daders van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie.*"

Dit is in die binnekamer, in die môre-uur, dat hierdie selfbedrog beveg en oorwin moet word. Ons mag vind dat dit ons gereelde Bybellees verstoor en ons laat agter raak met ons gedeeltes. Dit is nie die belangrikste nie. Alles hang af hiervan, of ons gewillig is om te doen wat die Woord sê. Onse Here Jesus het gesê: "*As iemand gewillig is **om Sy wil te doen**, sal hy **omtrent die leer weet** of dit uit God is.*" (**Joh. 7:17**). Dit is slegs die hart wat behae skep in die wil van God en **sy eie wil met beslistheid daarop gerig het om dit te doen**, wat die Goddelike Lig kan ontvang, wat 'n geestelike kennis het van die leer van Christus in sy Goddelike oorsprong

en krag. Sonder hierdie wil om te doen wat die Woord sê, sal ons kennis ons nie help nie: dit is blote kennis van die verstand.

In die lewe, in wetenskap en kuns en in die besigheid is die doen die enigste manier om werklik te ken. Wat ‘n mens nie kan doen nie ken hy nie werklik nie. **Die enigste manier om God te ken en Sy saligheid te ondervind, is deur die doen van Sy wil**. Dit bewys of dit 'n God van my eie gevoel of verbeelding is wat ek bely, of die ware lewende God Wat alles regeer en alles werk. Dit is slegs in die doen van Sy wil wat ek kan bewys dat ek Hom liefhet en Sy wil aanneem en dit my eie maak. En daar is onder die hemel geen moontlike manier om met God verenig te wees as om **verenig te wees met Sy wil** in die doen daarvan nie. Dit is in die stilte van die binnekamer, in die gesindheid waarmee ek in die privaat my Bybel lees, in die beslistheid waarmee ek probeer om hierdie saak voluit en finaal afgehandel te kry - **ek sal enigiets doen wat God mag sê** - dat die treurige selfbedrog van hoor en nie doen nie, oorwin moet word.

Dit mag ons help as ons 'n gedeelte van God se woord neem en kyk hoe ons daarmee moet omgaan.

Ons neem byvoorbeeld die bergpredikasie. Ek begin met die eerste saligspreking: "*Salig is die wat arm van gees is."* (**Matt. 5:3**). Ek stel myself die vraag: Wat beteken dit? Is ek gehoorsaam aan hierdie bevel? Is ek ten minste dooderntig in my poging om elke dag hierdie gesindheid in stand te hou? Waar ek voel hoe ver my hoogmoedige, selfversekerde natuur hiervandaan verwyder is, is ek gewillig om te wag, met Christus te pleit en te glo dat Hy dit in my kan werk? ls ek van plan **om dit te doen**, om arm van gees te wees? Of sal ek weer ‘n hoorder wees en nie 'n dader nie?

En so kan ek deur die saligsprekinge gaan en deur die hele bergpredikasie met sy onderwys oor sagmoedigheid en barmhartigheid, oor liefde en opregtheid, oor die doen van alles soos vir die Vader en die vertrou op

Hom in alles, oor die doen van Sy wil en die woorde van Christus, en vers na vers vra: Verstaan ek wat dit beteken? Lewe ek dit uit? Doen ek dit? Is ek wat Hy sê? En wanneer die antwoord maar altyd weer kom: ek is bevrees nee, ek sien geen moontlikheid om so te lewe en te doen wat Hy sê nie, sal ek gelei word om die noodsaaklikheid te voel van 'n algehele hersiening van my belydenis sowel as my gedrag. En ek sal vra of die gelofte: **Wat Hy ook al sê, ek sal dit doen**, al ooit in my Bybellees of in my lewe die plek ingeneem het wat Hy eis dat dit sal inneem.

Voordat ek dit weet, mag sulke vrae begin om in my 'n armoede van gees te werk soos ek nooit geken het nie, en my lei na 'n geheel nuwe insig in my behoefte aan 'n Verlosser wat Sy eie lewe in my sal inblaas en **in my uitwerk alles wat Hy sê**. In geloof sal ek die moed ontvang om te sê: "***Ek is tot alles in staat*** *deur Christus Wat my krag gee."* (**Fil.4:13**). Wat Hy ook al sê in Sy woord sal ek doen.

*Gebed: "Here Jesus Christus, ek wil myself nie langer bedrieg deur net 'n hoorder van die Woord te wees nie. Ek wil U wil ken, en ek wil dit met alles in my gehoorsaam."*

## HOOFSTUK 11. DIE BEWAAR VAN DIE GEBOOIE VAN CHRISTUS

"*As julle hierdie dinge weet, salig is julle as julle dit doen.*" – **Johannes 13:17**

Die saligheid en die seën van God se Woord kan alleen geken word **deur dit te doen**. Die onderwerp is van so 'n allergrootste belang in die Christelike lewe, en daarom in ons Bybelstudie, dat ek jou moet vra om weer daarop te let. En laat ons hierdie keer net die een uitdrukking neem: die bewaar van die Woord, of die bewaar van die gebooie.

Laat ons dit eers neem in die laaste onderwysing van Jesus. Jy mag met die gedeeltes bekend wees, maar dit sal nuttig wees om saam daarna te kyk. "*As julle My liefhet, **bewaar My gebooie**. En (die Vader) sal julle 'n ander Trooster gee"* (**Joh.14:15, 16**.) "*Wie My gebooie het **en dié bewaar,** hy is dit wat My liefhet: hóm sal My Vader liefhê"* (**vers 21**). "*As iemand My liefhet, **sal hy My woord bewaar**, en My Vader sal hom liefhê"* (**vers 23**). *"As julle in My bly **en My woorde in julle**, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit kry"* (**15:7**). "***As julle My gebooie bewaar**, sal julle in my liefde bly"* (**15:10**). "*Julle is My vriende **as julle alles doen wat Ek julle beveel**"* (**15:14**).

Bestudeer en vergelyk hierdie gedeeltes totdat die woorde ingang vind in die hart en die diepe oortuiging werk dat **die bewaar van die gebooie van Christus die onontbeerlike voorwaarde is van alle ware geestelike seën**. Vir die inkom van God die Heilige Gees, vir Sy werklike inwoning, vir die genot van die liefde van die Vader, vir die innerlike openbaring van Christus, vir die inwoning van die Vader en die Seun in die hart, vir die krag van gebed, vir die bly in die liefde van Christus en die genot van Sy vriendskap, is die bewaar van Sy gebooie die een vereiste. En vir die krag om in die geloof hierdie seëninge dag na dag vir ons toe te eien en dit te geniet, is die kinderlike bewussyn dat ons hulle bewaar, ook onmisbaar.

En net so onmisbaar vir vrugbare Bybelstudie, is die stille oortuiging wat dit waag om Goddelike lig en krag te verwag by elke Woord van God, omdat Hy weet dat ons gereed is om dit tot die uiterste toe te gehoorsaam.

**Deur die wil van God waarin ons behae skep en wat ons uitvoer, wandel ons op die enigste weg na die hart van die Vader, en is Sy enigste weg na ons hart**. BEWAAR DIE GEBOOIE: dit is die pad na elke seën.

Let daarop hoe treffend dit alles bevestig word deur wat ons vind in die eerste brief van Johannes. "*En hieraan weet ons dat ons Hom ken, as ons Sy gebooie bewaar. Hy wat sê: Ek ken Hom en Sy gebooie nie bewaar nie, is 'n leuenaar. Maar elkeen wat Sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword"* (**1 Joh.2:3-5**). Die enigste bewys van die ware, lewende en reddende kennis van God; die enigste bewys dat ons nie onsself bedrieg in ons godsdiens nie, die enigste bewys dat God se liefde nie verbeelding is nie, maar 'n besitting, is dat ons Sy Woord bewaar.

"*As ons hart ons nie veroordeel nie, dan het ons Vrymoedigheid teenoor God; en wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom, **omdat ons Sy gebooie bewaar**. En **hy wat Sy gebooie bewaar, bly in Hom**"* (**3:21, 22, 24**). Om die gebooie te bewaar is die geheim van vrymoedigheid teenoor God en van die ware, intieme gemeenskap met Hom

"*Dit is die liefde tot God dat **ons Sy gebooie bewaar**; want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld*" (**5:3-4**). Ons betuiging van liefde is waardeloos as dit nie bewys word dat dit eg is deur die bewaar van Sy gebooie in die krag van 'n lewe wat uit God gebore is nie.  Om God te ken, om die liefde van God in ons volmaak te laat word, om vrymoedigheid teenoor God te hê, om in Hom te bly, om uit God gebore te wees en Hom

lief te hê – alles, alles is afhanklik van die een ding – **om die gebooie te bewaar**.

Dit is slegs namate ons besef watter belangrike plek Christus en die Skrif aan hierdie waarheid gee dat ons sal leer om dieselfde belangrikheid in ons lewe daaraan te gee. Dit sal vir ons een van die sleutels van ware Bybelstudie word. Die man wat sy Bybel lees met die verlange en vaste doel **om na elke gebod van God en van Christus te soek en dit te gehoorsaam**, is op die regte pad om al die seën te ontvang wat die Woord ooit bedoel was om mee te deel.

Hy sal veral twee dinge leer.

- Hoe hy moet wag vir die lering van die Heilige Gees om hom in die hele wil van God in te lei.
- En watter saligheid dit meebring om die daaglikse pligte waar te neem, nie alleen omdat hulle reg is of hy daar plesier in vind nie, maar omdat hulle die wil van God is.

Hy sal vind dat die hele daaglikse lewe opgehef word wanneer hy sê soos Christus gesê het: "*Hierdie gebod het Ek van My Vader ontvang."* (**Joh.10:18**). Die Woord sal die lig en gids word waardeur al sy gedrag gereël word. En sy lewe sal die opleidingskool word waarin die heiligmakende krag van die Woord bewys word, en die verstand altyd weer opnuut voorberei word vir die onderwys en die bemoediging daarvan. En so sal die bewaar van die gebooie die sleutel wees tot elke geestelike seën.

Wend 'n besliste poging aan om te verstaan wat hierdie lewe van volle gehoorsaamheid beteken. Neem 'n paar van die duidelikste gebooie van Christus: "*Julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefgehad het"* (**Joh.13:34**); *"julle behoort mekaar se voete te was"* (**Joh.13:14**); *"soos Ek aan julle gedoen het, moet julle ook doen*" (**Joh.13:15)** – en aanvaar 'n

Christus-gesinde liefde en nederigheid as die wet van die bonatuurlike lewe wat jy moet lewe.

Dit is so ver daarvandaan dat die besef van mislukking of onbekwaamheid jou tot wanhoop moet lei, of jou moet laat berus in wat jy as bereikbaar beskou, dat dit jou slegs moet aanmoedig om jou hoop nog meer heelhartig op Hom te vestig; Wie deur Sy Gees in jou sal werk om te wil sowel as om te werk.

Nogeens, ons een doel moet wees - **die volmaakte harmonie tussen ons gewete en ons gedrag**. Elke oortuiging moet uitgewerk word in dade. Die gebooie van Christus is bedoel om gehoorsaam te word. As dit nie gedoen word nie, word ons harte slegs verdonker en verhard deur die vermeerdering van Skrif-kennis, en dit lewer daardie tevredenheid met die genot wat verskaf word deur die verkryging van kennis, wat ons **onbekwaam** maak vir die onderwysing van die Gees.

Ek bid jou, word nie moeg vir my gedurige herhaling van die geseënde, ernstige boodskap nie. In jou binnekamer moet die vraag beslis word of jy gewillig is om gedurende die dag die gebooie van Christus te bewaar. En daar sal ook beslis word of jy in die toekomstige lewe die karakter sal dra van 'n man of vrou wat geheel daaraan toegewy is om die wil van God te ken en te doen.

*Gebed: "Here Jesus Christus, lei my deur U Heilige Gees in die volle wil van God. Ek wag op U."*

## HOOFSTUK 12. LEWE EN KENNIS

*"En die Here God het ……. uit die grond laat uitspruit……… ook die boom van die lewe in die middel van die tuin, en die boom van die kennis van goed en kwaad."* **– Genesis 2:9**

Daar is twee maniere om dinge te weet. Die een is in die verstand, deur 'n gedagte of begrip: ek weet van iets. Die ander is in die lewe: ek weet deur innerlike ondervinding. 'n Blinde man wat knap is, mag alles weet wat die wetenskap leer omtrent lig deur boeke vir hom te laat lees. 'n Kind of 'n barbaar wat nog nooit gedink het wat lig is nie, ken dit tog veel beter as die blinde geleerde. Laasgenoemde weet alles daarvan deur nadenke; eers-genoemde ken dit in werklikheid deur dit te sien en te geniet.

Net so is dit in die godsdiens. Die verstand kan gedagtes omtrent God vorm uit die Bybel, en kan al die leerstellings omtrent die saligheid ken terwyl die innerlike lewe nie die krag van God om te red, ken nie. Dit is waarom ons lees: "*Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde."* (**1 Joh. 4:8**). Hy mag alles omtrent God en omtrent liefde weet, hy mag in staat wees om pragtige gedagtes daaroor uit te spreek; maar tensy hy liefhet ken hy God nie. Slegs liefde kan God ken. Die kennis van God is die ewige lewe.

God se Woord is die woord van die lewe. Uit die hart is die oorspronge van die lewe. Die lewe kan sterk wees selfs waar die kennis van die verstand swak is. En die kennis mag die voorwerp van die mees toegewyde strewe en hoë genot wees terwyl die lewe nie daardeur beïnvloed word nie.

'n Beeld mag dit duidelik maak. Veronderstel dat ons aan ‘n appelboom verstand kan gee, asook oë om te sien en hande om te werk, dan kan dit

die appelboom in staat stel om vir homself te doen wat die tuinier nou doen, om kunsmis bymekaar te maak en bevogtiging te bring. Maar die innerlike lewe van die appelboom sal nog dieselfde wees, heeltemal anders as die verstand wat daaraan toegevoeg is. En net so is die innerlike Goddelike lewe in 'n mens iets heeltemal anders as die verstand waarmee hy daarvan weet. Daardie verstand is weliswaar baie nodig om vir die hart die Woord van God aan te bied wat die Heilige Gees lewendig kan maak. En tog is dit heeltemal onbekwaam om die ware lewe mee te deel óf op te wek. Dit is slegs die dienaar wat die voedsel dra; dit is die hart wat moet eet, gevoed word en lewe.

Die twee bome in die paradys is God se openbaring van dieselfde waarheid. As Adam geëet het van die boom van die lewe sou hy ‘n lewende krag as 'n ondervinding ontvang en geken het wat God vir hom wou gee. En hy sou die kwaad slegs geken het deur absoluut vry daarvan te wees. Maar Eva is verlei deur die begeerte na kennis "'*n boom wat 'n mens kan begeer om verstand te kry."* (**Gen.3.5**), en die mens het 'n kennis van die goeie gekry sonder om dit te besit, 'n kennis daarvan slegs uit die kwaad wat die teenoorgestelde daarvan was. En sedert daardie dag het die mens sy godsdiens meer gesoek in die kennis as in die lewe.

**Dit is slegs die lewe, ondervinding en besit van God en Sy goedheid wat die ware kennis meedeel**. Die kennis van die verstand kan nie lewendig maak nie. "*Al sou ek al die geheimenisse weet en al die kennis, en die liefde nie hê nie, dan sou ek niks wees nie."* (**1 Kor.13.2**). Dit is in ons daaglikse Bybellees dat hierdie gevaar ons ontmoet; dit is daar waar ons dit moet ontmoet en oorwin. Ons het die verstand nodig om God se Woord in sy menslike betekenis te hoor en te verstaan. Maar ons moet weet dat die besit van die waarheid deur die verstand, nie van nut kan wees as die Heilige Gees dit nie lewe en waarheid in die hart maak nie. Ons moet ons hart oorgee en met stille oorgawe en geloof op God wag om in ons te werk deur daardie Gees. Namate dit 'n heilige gewoonte

word, sal ons die kuns leer van die verstand en die hart wat in volmaakte harmonie werk, en waarin **elke beweging van die verstand altyd vergesel word van die ooreenstemmende beweging van die hart wat wag op en luister na die lering van die Gees**.

*Gebed: "Here Jesus Christus, ek gee my hart oor aan U. Vir baie lank het ek U Woord met verstand my gelees, nou begeer ek dat U my hart sal leer om U te ken."*

## HOOFSTUK 13. DIE HART EN DIE VERSTAND

"*Vertrou op die Here met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie.*" – **Spreuke 3:5**.

Die hoofdoel van die boek van Spreuke is om kennis en versigtigheid te leer en om voorligting te gee op die weg van wysheid en insig. Om geregtigheid te verstaan, om die vrese van die Here te verstaan, om wysheid te vind, dit is hierdie dinge wat Spreuke aanbied om ons te leer. Maar dit gee die waarskuwing dat ons in die verstaan hiervan moet onderskei tussen die vertrou op ons eie insig en verstand en om geestelike insig te soek, dit wat God gee – **'n verstandige hart**. "*Vertrou op die Here met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie".* In al ons soeke na kennis en wysheid, in al die planne wat ons maak vir ons lewe, in ons bestudering van die Woord, het ons hierdie twee vermoëns – die insig of verstand wat dinge van buite af ken deur die natuur en die begrippe wat ons vorm, en die hart wat hulle ken deur die ondervinding namate dit opgeneem word in die wil en die liefde.

Ek is daar diep oortuig van dat een van die vernaamste oorsake waarom soveel Bybel-onderrig en Bybelkennis betreklik vrugteloos is, een van die hoof-oorsake van die gebrek aan heiligheid, toewyding en krag in die kerk hier te vind is – die steun op ons eie insig in die godsdiens. Ek versoek my lesers om my hier geduldig aan te hoor. Baie mense redeneer so: "Maar God gee ons tog ons verstand, en daarsonder is daar tog geen moontlikheid om God se Woord te ken nie." Dit is heeltemal waar; maar luister hierna. Deur die sondeval is ons hele menslike natuur in die war gestuur. Die wil is verslaaf, die neigings is verdraai en die verstand is verduister. Almal erken die verwoesting van die sondeval in die eerste twee, maar ontken dit feitlik in die derde. Hulle erken dat selfs die gelowige nie in homself die krag van 'n heilige wil het nie en die daaglikse vernuwing van die genade van Jesus Christus nodig het. Hulle erken dat

hy nie die krag van 'n heilige liefde het om God en sy naaste lief te hê nie, tensy dit onophoudelik deur die Heilige Gees in hom gewerk word. Maar hulle merk dit nie dat die verstand net soveel geestelik verwoes en kragteloos gemaak is en onbekwaam is om geestelike waarheid te verstaan nie. Dit was veral die begeerte na kennis, op 'n manier en 'n tydstip wat God verbied het, wat vir Eva verlei het as die gevolg van die versoeking.

En ons grootste gevaar is nog dit, dat ons dink dat ons die kennis van God se waarheid uit Sy woord vir onsself kan uithaal soos ons wil. Ons het behoefte aan 'n diepe oortuiging van die **onmag van ons verstand** om werklik die waarheid te ken, en van die **vreeslike gevaar van selfvertroue en selfbedrog** terwyl ons dit doen, voordat ons die noodsaaklikheid sal besef van die woord: "*Vertrou op die Here met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie*." Dit is met die hart dat 'n mens glo. Dit is met die hele hart dat ons God moet soek, dien en liefhê. Dit is slegs met die hart dat ons God kan ken of God kan aanbid in gees en in waarheid. Daarom is dit in die hart dat die Goddelike woord die werk doen. Dit is na ons hart dat God die Gees van Sy Seun uitgestuur het. Dit is die hart, die innerlike lewe van begeerte en liefde en oorgawe, wat deur die Heilige Gees in alle waarheid gelei word. In die Bybelstudie: "*Vertrou op die Here met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie.*"

Vertrou nie daarop nie, wantrou geheel en al jou eie insig. Dit kan jou slegs gedagtes en begrippe van die Goddelike dinge gee sonder die werklikheid. **Dit sal jou bedrieg** met die gedagte dat die waarheid, as dit in die verstand opgeneem word, op een of ander manier seker in die hart sal binnedring. En so sal dit **jou verblind** vir die vreeslike ondervinding wat so algemeen is, dat mense elke dag God se woord lees en elke Sondag daar genot in vind om dit te hoor, en dat hulle tog nie nederig of heilig of hemelsgesind gemaak word daardeur nie.

In plaas van op die verstand te vertrou, **kom na die Bybel met die hart**. In plaas van die verstand te vertrou, vertrou op die Here en dit met jou hele hart. Laat nie die verstand nie, maar die hele hart gerig op die lewende God as die Leermeester, voorrang geniet wanneer jy jou binnekamer betree. God sal jou 'n verstandige hart gee, 'n geestelike insig. Dan sal jy goeie insig verkry.

Jy mag aan my vra, soos my dikwels gevra is: "Maar wat moet ek doen? Hoe moet ek my Bybel bestudeer? Ek sien nie 'n ander manier om dit te doen nie as deur die gebruik van my verstand." Heeltemal reg. Maar gebruik dit nie vir wat dit nie kan doen nie. Onthou twee dinge. Die een is, dat dit jou slegs 'n voorstelling of gedagte van geestelike dinge kan gee. Sodra jou verstand dit gedoen het, gaan dan met u hart na die Here om Sy woord lewe en waarheid in jou te maak. Die ander is, onthou dat daar die **onophoudelike hoogmoed van die verstand** is, die **gevaar van op jou eie insig te vertrou**, en dat niks, nie eens die mees vasberade doelstelling jou hiervan kan red nie, maar slegs die gedurige vertroue van die hart op die lering van die Heilige Gees. Dit is slegs deur die Heilige Gees se *lewendig maak van die woord in die hart*, *in die gesindheid* en in die *gemoedsaandoenings* dat Hy die verstand kan lei. "*Hy sal die sagmoediges lei in die reg en die sagmoediges sy weg leer.*" Die vrees van die Here - 'n gesindheid – "*is die beginsel van die wysheid.*"

Met elke gedagte wat die verstand uit die woord begryp, **buig jou voor God** in afhanklikheid en vertroue. **Glo met jou hele hart** dat God dit kan en sal waar maak. **Vra na die Heilige Gees** om dit kragdadig in die hart te laat werk. So word die woord die krag van ons lewe.

Hou hiermee vol, en die tyd sal kom dat die Heilige Gees wat in die hart en lewe woon, die verstand onderdanig sal hou en Sy heilige lig daardeur sal laat skyn.

*Gebed: "Here Jesus Christus, ek het vir so lank op my eie insig staat gemaak. Dit het my niks gebaat nie. Ek buig voor U in afhanklikheid en vertroue. Laat U Heilige Gees die Woord in my 'n ware werklikheid maak."*

## HOOFSTUK 14. GOD SE GEDAGTES EN ONS GEDAGTES

*"Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is…My gedagtes (hoër) as julle gedagtes."* – **Jesaja 55:9**

Op aarde beteken die woorde van 'n wyse man dikwels iets anders as wat 'n hoorder daaruit verstaan. Hoe natuurlik is dit dan dat die woorde van God, soos Hy hulle verstaan, iets oneindig hoër sal beteken as wat ons dadelik verstaan.

Dit is dringend nodig dat ons dit sal onthou. Om dit te doen, sal ons gedurig moet wegbeweeg van 'n **selftevrede berusting in ons kennis** en gedagtes van die Woord na **nuuskierige afwagting van die volle seën** daarvan soos God dit bedoel het. Dit sal aan ons gebed 'n nuwe dryfkrag en erns verleen; dat ons op die voorligting van die Heilige Gees sal vertrou, dat Hy aan ons sal wys wat nog nie in ons hart opgekom het om oor te dink nie. Dit sal vertroue gee in die hoop dat daar vir ons selfs in hierdie lewe 'n vervulling is bokant ons hoogste gedagtes.

So het God se Woord dan twee betekenisse. Die een is **die betekenis wat dit het in die gedagte van God**, waardeur menslike woorde die draer gemaak word van al die heerlikheid van Goddelike wysheid, krag en liefde. Die ander is **ons floue, gedeeltelike en gebrekkige begrip** daarvan. Selfs nadat die genade en die ondervinding sulke woorde soos die liefde van God, die genade van God, die krag van God en enigeen van die baie beloftes aan hierdie waarhede, baie waar en werklik vir ons gemaak het, is daar nog ‘n oneindige volheid in die Woord wat ons nog nie ken nie.

Hoe treffend word dit voorgestel in ons teks uit Jesaja: *"Soos die hemel hoër is as die aarde."* Ons geloof in die feit is so eenvoudig en helder dat niemand sal droom om te probeer om met sy klein armpie die son of die sterre te bereik nie. Om op die hoogste berg te klim, sal niks help nie. Ons

glo dit met ons hele hart. En nou sê God, "*net so is My gedagtes hoër as julle gedagtes."* Selfs wanneer die Woord God se gedagtes uitgespreek het en ons gedagtes probeer het om hulle in te neem, bly hulle nog so hoog bokant ons gedagtes as wat die hemel hoër is as die aarde. Al die oneindigheid van God en die ewige wêreld woon in die Woord as die saad van die ewige lewe. En net soos die volgroeide akkerboom op so ‘n geheimsinnige manier groter is as die akker waaruit dit ontstaan het, so is die woorde van God slegs saadjies waaruit God se magtige wonders van genade en krag kan opgroei.

Die geloof in hierdie Woord behoort ons twee lesse te leer, die een van **onkunde**, die ander van **verwagting**. Ons moet leer om na die Woord te kom soos klein kinders. Jesus het gesê: "*U (het) hierdie dinge verberg vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar.*" (**Matt.11:25**). Die wyse en die verstandige is nie noodwendig die skynheiliges of vyande nie. Daar is baie van God se eie dierbare kinders wat onbewus rus op die Skriftuurlikheid van hul belydenis of die eerlikheid van hul Bybelstudie. Deur te versuim om altyd 'n kinderlike gesindheid hê en te kweek, word die geestelike waarheid vir hulle verberg en word hulle nooit geestelike mense nie. *"Wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God. Ons het ewewel die Gees…Wat uit God is, ontvang sodat ons kan weet."* (**1 Kor.2:11-12)**. Laat ‘n diepe **besef** van ons onkunde, 'n diepe **wantroue** in ons eie bekwaamheid om die dinge van God selfs te verstaan, die kenmerk van ons Bybelstudie wees.

Dan, hoe groter ons **wanhoop** aan 'n regte inneem van die gedagtes van God is, hoe groter kan die vertroue van ons **verwagting** wees. God wil Sy Woord in ons waar maak. "*En al jou kinders sal deur die Here geleer wees."* (**Jes. 54:13**). Die Heilige Gees is reeds in ons om die dinge van God aan ons te openbaar. In antwoord op ons nederige en gelowige gebed sal

God deur Hom 'n insig (wat steeds al hoe helderder word) gee in die verborgenheid van God, ons  wonderlike eenheid met, en gelykvormigheid aan Christus, Sy lewe in ons, en dat ons sal wees soos Hy was in hierdie wêreld.

Ja, meer nog – as ons hart daarna dors en daarop wag, kan daar 'n tyd kom dat, deur 'n besondere mededeling van Sy Gees, al ons verlangens bevredig word, en Christus so besit neem van die hart dat wat lank net geloof was, die ondervinding word – soos wat die hemel hoër as ons gedagtes is.

*Gebed: "Here Jesus Christus, ek wil nie my eie gedagtes oor God en die Woord bedink nie. Leer my om U gedagtes te dink."*

## HOOFSTUK 15. OORDENKING

*"Welgeluksalig is die man (wie se) behae is in die wet van die Here, en…Sy wet dag en nag oordink."* – **Psalm1:1-2** (Jos.1:8; Ps.119:15, 23, 48, 78, 97, 99, 148; 1Tim.4:15)

*"Laat die woorde van my mond en die oordenking van my hart welbehaaglik wees voor U aangesig, o Here."* – **Psalm 9:15 en Psalm 49:4**

Die ware doel van opvoeding, studie en lees word gevind, nie in wat **in** ons gebring word nie, maar in wat **uit** onsself gebring word deur in ons 'n innerlike krag op te wek tot aktiewe beoefening. Dit is net so waar van die studie van die Bybel as van enige ander studie. God se Woord bewerk alleen sy ware seën wanneer die waarheid wat dit bring, die innerlike lewe aangeraak het en homself gereproduseer het in 'n voorneme, vertroue, liefde en aanbidding. Wanneer die hart die Woord deur die verstand ontvang het en sy geestelike kragte te voorskyn laat kom en dit beoefen het; is die Woord nie meer leeg nie maar het dit die werk gedoen waartoe God dit gestuur het. Dit het deel geword van ons lewe en ons versterk vir 'n nuwe doelstelling en poging.

Dit is in die oordenking (mediteer op die Woord) dat die hart die Woord vashou en toeëien. Net soos die verstand in die bepeinsing al die betekenis en konsekwensies van 'n waarheid vat, so neem die hart in die oordenking dit op en maak dit deel van sy eie lewe. Ons moet gedurig daaraan herinner word dat die **hart beteken die wil en die liefde**.

Die oordenking van die hart veronderstel begeerte, aanname, oorgawe en liefde. Uit die hart is die oorspronge van die lewe; wat die hart werklik glo, ontvang dit met liefde en blydskap, en laat dit die lewe oorheers en regeer. Die verstand versamel en berei die voedsel waarmee ons gevoed moet word. In oordenking neem die hart dit in en voed homself daarmee.

**Die kuns van oordenking moet aangekweek word**. Net soos 'n mens opleiding nodig het om verstandelike kragte te konsentreer sodat hy duidelik en reg kan dink, so moet die Christen sorgvuldig oorweeg en nadink, totdat die heilige gewoonte gevorm is om die hele hart oor te gee aan elke Woord van God.

Die vraag word soms gestel: Hoe kan hierdie vermoë van oordenking aangekweek word? Die heel eerste ding is **om onsself voor God te stel**. Dit is Sy Woord; die Woord het geen krag tot seën sonder God nie. Die Woord het ten doel om ons in Sy teenwoordigheid en gemeenskap te bring. **Beoefen Sy teenwoordigheid en neem die Woord as van Homself** in die versekering dat Hy dit met goeie gevolg in jou hart sal laat werk. In **Psalm 119** het ons die woord sewe maal, maar elke keer as deel van 'n gebed aan God gerig. "*Ek wil U bevele **oordink**", "U kneg **oordink** U insettinge", "Hoe lief het ek U wet; dit is my **bepeinsing** die hele dag."* Oordenking is die hart se toekeer na God met sy eie woord, in die poging om dit op te neem in sy liefde en wil, in sy lewe self.

'n Ander bestanddeel van ware oordenking is **stille rustigheid**. In ons studie van die Skrif, in ons poging om 'n argument te begryp of 'n probleem te oorkom, moet ons verstand dikwels sy uiterste kragte inspan. Die sielsgesteldheid wat nodig is vir oordenking is anders. Ons begeef ons hier met die een of ander waarheid wat ons gevind het of 'n geheimenis waaromtrent ons op Goddelike onderwys wag, om die woord waarmee ons besig is, in die diepte van ons hart te verberg en te glo dat die betekenis en krag daarvan deur die Heilige Gees in ons innerlike lewe geopenbaar sal word. "*U het 'n welbehae in die binneste, en in die verborgene maak U wysheid aan my bekend."* (**Ps. 51:8**). In die beskrywing van die moeder van ons Here word ons meegedeel: "*Maria het al hierdie woorde bewaar en in haar hart oordink."* (**Luk. 2:19**). In haar bewaring van al hierdie woorde in haar hart het ons die afbeelding van ‘n

siel wat begin het om Christus te ken en te bly op die vaste weg om Hom beter te ken.

Dit is byna nie nodig om verder te sê dat in die oordenking, **persoonlike toepassing** 'n belangrike plek inneem nie. Dit is maar al te min die geval met ons verstandelike ondersoek van die Bybel. Die doel daarvan is om te ken en te verstaan.  In die oordenking is die hoofdoel om **aan te neem** en te **ondervind**. 'n Gewilligheid om elke belofte onvoorwaardelik te glo, om elke bevel sonder aarseling te gehoorsaam, om "*volkome te staan in die volledige wil van God,"* (**Kol.4:12**), dit is die enigste ware gesindheid van Bybelstudie. Dit is in die stille nadenking dat hierdie geloof beoefen word, dat hierdie toewyding betoon word, dat **die volle oorgawe aan God se hele wil gedoen word** en die versekering van genade om ons geloftes uit te voer, ontvang word.

En dan moet die **oordenking lei tot gebed**. Dit verskaf stof tot gebed. Dit moet voortlei na gebed om te vra en te ontvang wat dit in werklikheid in die Woord gesien of in die Woord aangeneem het. Die waarde daarvan is dat dit die voorbereiding is vir gebed, doelbewuste en heelhartige smeking vir wat die hart voel dat die Woord openbaar as noodsaaklik of moontlik. Dit beteken die rus van die geloof wat opkyk, in die versekering dat die Woord sal oopgaan en sy krag sal betoon in die siel wat met sagmoedigheid en geduld homself daaraan oorgee.

Die beloning om vir 'n tydjie te rus van verstandelike inspanning, die aankweek van die gewoonte van heilige oordenking, sal wees dat die twee in die loop van tyd in ooreenstemming met mekaar gebring sal word, en al ons ondersoek sal verlewendig word deur die **gees van stille wag op God** en die **oorgee van die hart en die lewe aan die Woord**.

Ons gemeenskap met God is bedoel vir die hele dag. Die seën van die ontwikkel van ‘n gewoonte van ware oordenking in die môre-uur, sal

wees dat ons nader gebring sal word aan die saligheid van die man van die eerste Psalm: "*Welgeluksalig is die man (wie se behae) is in die wet van die Here, en hy oordink Sy wet dag en nag."*

Laat alle werkers en leiers van God se Kerk onthou dat hulle hieraan meer behoefte het as ander, dat hulle hul daarvoor moet oplei, en hul eie verbinding ongeskonde moet bewaar met die enigste bron van krag en seën. God sê: "*Ek sal met jou wees; Ek sal jou nie begewe en jou nie verlaat nie. Wees net baie sterk en vol moed, om nougeset te handel volgens die hele wet...sodat jy met goeie gevolg kan handel, orals waar jy mag gaan. Hierdie wetboek mag nie uit jou mond wyk nie; maar* ***bepeins dit nag en dag****...dan sal jy met goeie gevolg handel...Wees sterk en vol moed."* (**Jos.1:7-9**).

"*Laat die woorde van my mond en die oordenking van my hart welbehaaglik wees voor U aangesig, o Here, my Rots en my Verlosser!"* (**Ps. 19:15**). Laat niks minder jou strewe wees nie - dat jou oordenking welbehaaglik mag wees voor Sy aangesig - deel van die geestelike offer wat jy bring. Laat niks minder jou gebed en verwagting wees nie, dat jou oordenking ware aanbidding mag wees, die **lewende oorgawe van jou hart aan God se Woord in Sy teenwoordigheid.**

*Gebed: "Here Jesus Christus, leer my die kuns om die Woord te oordink en te bepeins. Help my om my gedagtes heeldag op U te vestig."*

## HOOFSTUK 16. AAN KINDERTJIES GEOPENBAAR

"*Ek loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het."* – **Mattéüs 11:25; Lukas 10:21**

Wyse en verstandige mense is hulle wat bewus is van en vertrou op hul vermoë van insig en verstand om hulle te help in hul strewe na Goddelike kennis. Die kindertjies is hulle wie se groot werk nie hul verstand en die vermoë daarvan is nie, maar die hart en sy gesindheid. **Onkunde, hulpeloosheid, afhanklikheid, sagmoedigheid, leersaamheid, vertroue en liefde** – hierdie is die gesindhede waarna die Here soek in diegene wat Hy onderrig (**Ps.25:9, 12, 14, 17, 20**).

Een van die belangrikste gedeeltes van ons godsdiensoefeninge is die bestudering van God se Woord. Van watter groot belang is dit tog dat ons altyd die Woord sal ontvang in die gees wat op die Vader wag om die waarheid daarvan in ons te openbaar. En van watter groot belang is dit tog dat ons die kinderlike, ja klein-kinderlike gesindheid sal hê waaraan die Vader so graag die geheimenisse van Sy liefde wil meedeel. By die wyse en verstandige mense is kop-kennis die eerste saak; vir hulle verberg God die geestelike betekenis van **daardie selfde saak wat hulle meen dat hulle verstaan**. By kindertjies is die eerste saak nie die kop en sy kennis nie, maar **die hart en die gevoel**, die gevoel van nederigheid, liefde en vertroue, en aan hulle openbaar God in hul innerlike lewe en ondervinding **die werklike saak wat hulle weet hulle nie kan verstaan nie**.

Die opvoedkunde vertel ons dat daar **twee maniere van onderrig** is. Die gewone onderwyser maak die meedeel van kennis sy hoofdoel en ontwikkel die vermoë van die kind sover as dit hom help om sy doel te bereik. Die ware onderwyser beskou die hoeveelheid van kennis as iets

addisioneel. Sy eerste doel is om die vermoë van die verstand en die gees te ontwikkel en sy leerling moreel en verstandelik te help om die regte gebruik te maak van sy verstandelike kragte in die strewe na en **toepassing van kennis**. Net so is daar **twee klasse van predikers**. Sommige bied gedurig onderrig, argumente en kennis aan terwyl hulle dit aan hul hoorders oorlaat hoe om gebruik te maak van dit wat aan hulle gebring word.

Die ware prediker weet hoeveel daar afhang van die gesindheid van die hart, en probeer om net soos ons Here Jesus gedoen het, die meedeel van objektiewe waarheid of leer, ondergeskik te maak aan die aankweek van daardie gesindhede waarsonder onderrig nie baat nie. 'n Honderd preke wat met welsprekendheid en erns gebring word tot die wyse en verstandige mense, tot Christene wat luister met die gedagte dat hulle kan verstaan en dat wat hulle hoor, op een of ander manier vir hulle tot nut sal wees, sal minder werklike seën bring as een preek aan toehoorders, in wie die prediker 'n besef van geestelike onkunde opgewek het, 'n kinderlike, leersame gesindheid het wat wag op en vertrou op die onderrig van die Vader en wat dit werklik aanneem en gehoorsaam.

In die binnekamer is elkeen, wat menslike hulp betref, sy eie leermeester en prediker. Hy moet homself oplei in die geseënde gewoonte van kinderlike eenvoud en leersaamheid. Terwyl hy in gedagte hou dat dit nie alleen nodig was dat Goddelike waarheid in die wêreld sou geopenbaar word nie, maar dat daar 'n persoonlike openbaring aan elkeen moet wees deur die Heilige Gees, is sy eerste plig om op die Vader te wag om aan hom te openbaar, en in hom te openbaar, die verborge geheimenis in sy krag in die innerlike lewe.

In hierdie gesindheid beoefen hy die kinderlike gees en ontvang hy die koninkryk soos ‘n kindjie. Alle evangeliese Christene glo in die

wedergeboorte. Hoe min mense glo egter dat wanneer iemand uit God gebore is, **behoort 'n kinderlike afhanklikheid van God vir alle onderrig en krag sy hoofkenmerk te wees**. Dit was die een ding waarop ons Here Jesus aangedring het bo alles. Toe Hy die armes van gees, die sagmoediges en die hongeriges "*salig"* genoem het, toe Hy mense toegeroep het om van Hom te leer dat Hy sagmoedig en nederig van hart is, toe Hy so dikwels daarvan gepraat het dat ons onsself moet verneder en word soos klein kindertjies, was dit omdat die eerste en vernaamste kenmerk om 'n kind van God te wees; om soos Jesus Christus te wees, is 'n **absolute afhanklikheid van God vir elke seën, en veral vir enige ware kennis van geestelike sake**. Laat elkeen homself afvra: Het ek die kinderlike gesindheid beskou as die eerste vereiste in my Bybelstudie? Van watter nut is Bybelstudie sonder ‘n kinderlike gesindheid? Dit is die ware en enigste sleutel tot die skool van God.

Sou dit nie goed wees om alles opsy te sit om dit te verkry nie? Dan alleen sal God Sy verborge wysheid openbaar.

Die nuwe geboorte - om uit God gebore te wees, waardeur ons die kinders van God word, is bedoel om van ons klein kindertjies te maak. Dit sal ons die kinderlike gees sowel as kinderlike onderrig gee. Dit kan nie die tweede sonder die eerste doen nie. Laat ons glo en onsself oorgee aan die nuwe lewe in ons, aan die leiding van die Gees; Hy sal in ons die gesindheid van 'n kindjie inblaas. Die eerste doel van Bybelstudie is om die verborge wysheid van God te leer. Die eerste voorwaarde om hierdie kennis te verkry, is om die feit aan te neem dat **God Self dit aan ons openbaar**.

Die eerste gesindheid wat nodig is om daardie openbaring te ontvang is die gesindheid van 'n kindjie. Ons weet almal dat die eerste ding wat 'n verstandige werksman doen, is om te sien of hy die regte gereedskap het en of hulle in goeie toestand is. Hy beskou dit nie as tydverspilling om sy

werk te laat staan en sy gereedskap skerp te maak nie. **Dit is nie tydverspilling om die Bybelstudie te laat wag terwyl jy kyk of jy in die regte houding is nie** - om te wag op die Vader se openbaring met 'n sagmoedige en kinderlike gees. **As jy voel dat jy nie jou Bybel in hierdie gees gelees het nie, bely dit en laat vaar dadelik die gesindheid van selfvertroue van die wyse en verstandige**. Bid nie alleen om 'n kinderlike gesindheid nie, maar glo daarvoor. Dit is in jou, al is dit verwaarloos en onderdruk; jy kan dadelik begin om as kind van God dit te ondervind.

Moenie probeer om deur bepeinsing of redenering hierdie kinderlike gesindheid in jou hart te bring nie. Werk van binne af na buite. Dit is in jou, in die nuwe lewe, gebore uit die Gees. Dit moet in jou opstaan en groei as 'n geboorte van die inwonende Gees. In hierdie geloof moet jy nie alleen vra nie, maar bid ook baie spesiaal om hierdie genade van die Gees, en beoefen dit. Lewe soos 'n klein kindjie voor God. Begeer soos 'n pasgebore kindjie die melk van die Woord.

En pas tog op dat jy hierdie gemoedstoestand nie net aanneem wanneer jy die Skrif wil bestudeer nie. Dit moet die **blywende gewoonte van jou gees wees**, die toestand van jou hart. Dan alleen kan jy die gedurige leiding van die Heilige Gees geniet.

*Gebed: "Here Jesus Christus, ek laat vaar al my eie gedagtes en kennis en opinie oor die Woord. Leer my om soos 'n kind op U te wag en U te ontmoet."*

## HOOFSTUK 17. VAN CHRISTUS LEER

*"Neem My juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart: en julle sal rus vind vir julle siele."* – **Mattéüs 11:29**

Alle Bybelstudie is lering. Alle Bybelstudie, om vrugbaar te wees, moet onderrig van Christus wees. Die Bybel is die skoolboek, Christus is die Leermeester. Dit is Hy wat die verstand open en die hart open en die seëls open (**Luk.24:45; Hand.16:14; Openb.5:9**). Christus is die lewende, ewige Woord waarvan die geskrewe woorde die menslike uitdrukking is. Die teenwoordigheid en onderwysing van Christus is die geheim van alle ware Bybelstudie. Die geskrewe woord is kragteloos as dit ons nie aanhelp na die lewende Woord nie.

Niemand het ooit daaraan gedink om onse Here te beskuldig dat Hy nie die Ou Testament geëer het nie. In Sy eie lewe het Hy bewys gelewer dat Hy dit liefgehad het soos uit die mond van God afkomstig. Hy het die Jode altyd daarop gewys dat dit die openbaring van God en die getuie vir Homself is. Maar dit is treffend hoe Hy aan die dissipels dikwels benadruk het omtrent Sy eie leer dat dit is wat hulle die meeste nodig gehad het en moes gehoorsaam.

Dit is eers na die opstanding, toe die eenheid met Homself bewerkstellig is, en hulle reeds die eerste uitstorting van die Heilige Gees ontvang het (**Joh.20:22**), dat ons vind dat Hy die Skrifte uitlê. Die Jode het hul **selfgemaakte interpretasie** van die Woord gehad; hulle het dit gemaak tot die grootste hindernis tussen hulself en Hom waarvan dit leer. Dit is dikwels so gesteld met Christene ook; ons menslike begrip van die Skrif, al word dit ondersteun deur die gesag van die kerk of ons eie kring, word die grootste hindernis in die weg van die onderwysing van Christus. Christus as die lewende Woord probeer eers om Sy plek te vind in ons

hart en lewe, om ons enigste Leermeester te wees – so sal ons van Hom leer om die Skrif te eer en te verstaan.

***"Leer van My; want Ek is sagmoedig en nederig van hart."*** Onse Here open hier die innerlikste verborgenheid van Sy eie innerlike lewe. Wat Hy vir ons van die hemel gebring het; wat Hom bekwaam maak om 'n Leermeester en Saligmaker te wees; wat Hy vir ons gegee het en wat Hy wil dat ons van Hom sal leer; dit vind ons alles in die woorde: *"Ek is sagmoedig en nederig van hart."* Dit is die een deug wat Hom die Lam van God, ons Verlosser wat gely het, ons hemelse Leermeester en Leidsman maak. **Dit is die een gesindheid wat Hy van ons verlang wanneer ons kom om van Hom te leer; hieruit sal al die ander kom**. Vir ons Bybelstudie en ons hele Christelike lewe het ons hier die een voorwaarde om waarlik van Christus te leer. Hy, die Leermeester, sagmoedig en nederig van hart, wil ons maak wat Hy is, want dit is die geseënde verlossing. As 'n leerling moet jy kom en leer en glo in Hom, die sagmoedige en nederige, en daarna strewe om van Hom te leer hoe om ook sagmoedig en nederig te wees.

En waarom is dit die eerste en belangrikste saak? Omdat dit die grondslag lê van ‘n ware verhouding van die skepsel met sy God. God alleen besit lewe, goedheid en geluk. As die God van liefde verheug Hy Hom daarin om alles in ons te gee en te werk. Christus het die Seun van die mens geword om te wys in hoe 'n geseënde, onafgebroke afhanklikheid van God die mens moet lewe: dit is die betekenis daarvan dat Hy nederig van hart is. Dit is in hierdie gees dat engele hul gesigte bedek en hul krone voor God neerwerp. God is vir hulle alles, en hul verheug hul daarin om alles te ontvang en alles te gee. Dit is die wortel van die ware Christelike lewe: om niks te wees voor God en mens nie; om op God alleen te wag; om hom te verheug in Christus en in navolging van Hom; om te leer van Christus, die Sagmoedige en Nederige. Dit is die ware sleutel tot die skool van Christus, die enigste sleutel tot die ware kennis van die Skrif. Dit is in

hierdie gesindheid dat Christus gekom het om te leer; dit is in hierdie gesindheid alleen dat jy van Hom kan leer.

Hoe min het nederigheid, ‘n sagmoedige en nederige hart, in die Christelike kerk die plek ingeneem wat dit in die lewe van Christus en die onderwysing van God se Woord het! Ek is daar diep van oortuig dat hierdie versuim die kern is van 'n baie groot gedeelte van die swakheid en onvrugbaarheid waarvan ons hoor.  Dit is net namate ons sagmoedig en nederig van hart is, dat Christus ons deur Sy Gees kan leer wat God vir ons het en wat God in ons wil werk.

Laat elkeen van ons by homself begin en dit beskou as die eerste voorwaarde tot dissipelskap en die eerste les wat die Meester ons sekerlik sal leer. In al ons Bybelstudie moet ons ons deur Christus laat leer, en op Hom vertrou wat so sagmoedig en teer en vriendelik is, op Hom wag om Sy eie gees en beeld in ons te werk.  En op die regte tyd sal ons môre-uur die toneel wees van daaglikse gemeenskap en daaglikse seën.

Ek weet met watter probleme ek te kampe het wanneer ek so pleit dat ‘n sagmoedige en nederige hart die belangrikste in Bybelstudie gemaak sal word. Dit is moeilik om mense te laat verstaan dat in hulle verhouding met God, hulle gesindheid en karakter alles is. Dit is nog moeiliker om aan hulle te toon dat van alle Christelike gesindhede en karakter, ‘n sagmoedige en nederige hart die saad en wortel is van geestelike groei. Dit is moeilik om hulle te oortuig dat daarsonder daar baie min nut in Bybelstudie is. Bo alles is dit moeilik om hulle te lei om te verstaan en te glo dat ‘n sagmoedige en nederige hart verkry kan word omdat dit presies is wat Christus aanbied om vir ons te gee,  en waar Hy ons leer om dit in Homself te vind en te ontvang. Maar ten spyte van al hierdie probleme dring ek nogtans by alle Bybelstudente daarop aan om deeglik en biddend te ondersoek of die heel eerste vraag wat in die binnekamer beantwoord

moet word, dit is: **Is my hart in die toestand wat my Leermeester dit wil hê?** En as dit nie is nie, is dit my eerste taak om myself aan Hom oor te gee om dit in my te werk?

*Gebed: "Here Jesus Christus, openbaar aan my my eie hart. Is my hart in die gesindheid wat U dit wil hê?"*

## HOOFSTUK 18. LEERSAAMHEID

"*Neem My juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart: en julle sal rus vind vir julle siele."* – **Mattéüs 11:29**

Die belangrikste eienskap van 'n leerling is leersaamheid en gewilligheid om onderrig te word. Wat word hierdeur veronderstel? 'n Besef van sy eie onkunde, 'n gewilligheid om sy eie manier van dink of doen op te gee en om dinge te beskou uit die onderwyser se standpunt, 'n stille vertroue dat sy leermeester weet en hom sal rig hoe om te leer om ook te weet. Die sagmoedige en nederige gees luister met aandag om te weet wat die wil van die leermeester is en is dadelik haastig om dit te gaan uitvoer. As dit die gesindheid van 'n leerling is, dan moet dit die onderwyser se skuld wees as hy nie leer nie.

En waarom is dit dat met Christus as ons Leermeester daar by so baie mense soveel mislukking, so min werklike groei in geestelike kennis is? Daar is soveel hoor en lees van die Bybel, soveel belydenis dat ons daarin glo as ons enigste lewensmaatstaf, en tog is daar so 'n gebrek aan die openbaring van die gees en die krag daarvan. Daar is dikwels soveel eerlike toepassing in die binnekamer en in die Bybelkring maar so min van die blydskap en krag wat God se Woord kan gee.

Hierdie vraag is een van die allerhoogste belang. Daar moet een of ander oorsaak wees waarom daar so baie volgelinge van Jesus is wat eerlik verlang om Sy wil te ken en te doen, en wat tog volgens hul eie belydenis en die getuienis van diegene rondom hulle, nie die Woord van die lewe ophou as 'n lig in die wêreld nie. As die antwoord op die vraag gevind kan word, mag hul lewens verander word.

Ons teks gee die antwoord aan die hand: "*Neem My juk op julle en leer van My; want Ek is sagmoedig en nederig van hart; en julle sal rus vind vir*

*julle siele."* Baie mense het Christus aangeneem as 'n Saligmaker, **maar nie as 'n Leermeester nie**. Hulle het hul vertroue gestel op Hom as die Goeie Herder wat Sy lewe vir die skape gegee het; hulle weet maar min van hoe Hy daagliks Sy kudde oppas en elkeen by sy naam roep, of hoe om so Sy stem te hoor en Hom alleen te volg. Hulle weet maar min van wat dit is om die Lam te volg, en om bo alles van Hom die natuur van die lam te ontvang, en daarna te soek om net soos Hy sagmoedig en nederig van hart te wees.

Dit was deur hul driejarige kursus in Sy skool dat die dissipels van Christus bekwaam gemaak is vir die doop van die Heilige Gees, en vir die vervulling van al die wonderlike beloftes wat Hy aan hulle gegee het. **Dit is onder die persoonlike onderrig van onse Here Jesus en deur daardie leersaamheid van 'n sagmoedige en nederige hart wat daagliks op daardie onderrig wag, dat ons dit ontvang en dit navolg**, dat ons werklik rus vir ons siele kan vind. Al die vermoeienis en las van die spanning, mislukking en teleurstelling maak dan plek vir daardie Goddelike vrede wat weet dat Christus Self vir alles sorg.

Daardie opneem van die juk van Christus en van Hom leer, Sy sagmoedigheid en nederigheid van hart, en gepaard daarmee die leersaamheid wat weier om enigiets in eie wysheid te weet of te doen, moet die gesindheid van ons hele lewe wees, elke dag en die hele dag. Maar dit is veral in die môre-uur dat dit aangekweek moet word en verlossing gesoek moet word van die self en al sy mag. Dit is daar, terwyl ons besig is met die woorde van God en van Christus en van die Heilige Gees, dat ons elke dag moet besef dat hierdie woorde alleen van nut is namate hulle lei na, en geopen word deur die persoonlike onderrig van Christus.

Dit is daar dat ons elke dag moet ondervind dat slegs namate die lewende Here Jesus "*in Wie al die volheid woon,"* (**Kol. 2:9**), in Wie ons hele lewe

en saligheid saamgevat is, self naby ons kom en van ons besit neem, dat Sy onderwys ontvang kan word. En dit is daar dat ons definitief die leersaamheid wat Sy juk opneem en van Hom leer, moet afbid en aankweek. Weereens, **gewilligheid om te leer is alles**. As dit waar is van die Heilige Gees Wat in ons woon, die Gees van Jesus Christus, "*Hy sal julle alles leer"* (**Joh.14:26**), en as Sy hele lewe en werk in ons 'n Goddelike onderwysing is, is dit net so waar dat ons hele lewe ‘n Goddelike leersaamheid moet wees. So alleen kan ons daaglikse omgang met God se Woord en ons daaglikse lewe wees wat onse Here Jesus dit kan maak.

Om af te leer is dikwels die belangrikste gedeelte van leer; verkeerde indrukke, vooroordele en vooringenomenheid is onoorkomelike struikelblokke in die weg van lering. Voordat hulle nie uit die weg geruim is nie, arbei die leermeester tevergeefs. Die kennis wat hy meedeel, raak alleen die oppervlakte; diep onder die oppervlakte word die leerling gelei deur wat reeds by hom tweede natuur geword het. Die eerste werk van die onderwyser is om hierdie hindernisse te ontbloot, om vir die leerling dit te laat sien en verwyder.

Daar kan geen ware en vrugbare leer van Christus wees waar ons nie gereed is om af te leer nie. Deur oorerwing, deur opvoeding, deur ons tradisie, het ons ons eie gedagtes oor godsdiens en die Woord van God, wat dikwels 'n groter hindernis is namate ons oortuig is dat hulle werklik die waarheid is. Om van Christus te leer, beteken 'n gewilligheid om elke waarheid wat ons besit, te onderwerp aan Sy ondersoek vir kritiek en verbetering.

Nederigheid is 'n kern-eienskap van die Christelike lewe. Die wet in God se koninkryk is bindend: *"(Elkeen) wat homself verneder, sal verhoog word."* (**Luk.14:11**). Ons teleurstelling in ons strewe na hoër stappe van genade, geloof, geestelike kennis, liefde vir siele en krag tot seën is alles hieraan te wyte. Ons het nie die nederigheid van Christus aanvaar as die

begin en die voleinding van Sy verlossing nie. "*Aan die nederiges gee (God) genade*" (**Jak.4:6**), het 'n veel dieper en wyer toepassing as wat ons dink.

Leersaamheid is een van die vorms van nederigheid. In die môre-uur stel ons onsself as leerlinge in die skool van Christus; laat leersaamheid, laat nederigheid die kenmerkende eienskap van die leerling wees, en as ons besef hoe min ons daarvan besit, laat ons luister na die stem wat sê: "*Neem My juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart; en julle sal rus vind vir julle siele."*

*Gebed: "Here Jesus Christus, ek buig in afhanklikheid voor U. Leer my om soos U nederig en sagmoedig te wees."*

## HOOFSTUK 19. DIE LEWE EN DIE LIG

"*In die begin was die Woord…en die Woord was God. In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense." –* **Johannes 1:1, 4**

"*Wie My volg. sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê." –* **Johannes 8:12**

Omdat Christus God was, kon Hy die Woord van God wees. Omdat Hy die lewe van God in Homself gehad het, kon Hy die Openbaarder van daardie lewe wees. En so is Hy as die lewende Woord ook die lewegewende Woord. Die geskrewe Woord kan vrugteloos en kragteloos gemaak word waar op menslike wysheid vertrou word om dit te verstaan. Dit is slegs namate dit ontvang word as die saad waarin die lewe van die lewende Woord verborge lê om tot lewe gebring te word deur die Heilige Gees, dat dit vir ons die Woord van die lewe kan wees. Ons omgang met God se geskrewe Woord behoort altyd geïnspireer en beheer te word deur die geloof in die ewige Woord wat God was.

Dieselfde waarheid blyk uit die uitdrukking wat volg: "*Die lewe is die lig*." Wanneer ons die lig sien skyn weet ons dat daar in een of ander vorm 'n vuur brand. En so is dit in die geestelike wêreld. Daar moet lewe wees voordat daar lig kan wees. Daar mag weerkaatste lig van 'n dooie of donker voorwerp wees. Daar mag 'n geleende lig sonder lewe wees. Maar die ware lewe alleen kan die ware lig vertoon. Hy wat Christus volg sal die lig van die lewe hê.

Hierdie twee voorstellings van een groot waarheid bevestig op treffende wyse wat ons geleer het omtrent die Gees van God. Net soos Hy die dinge van God weet omdat Hy die lewe van God is, so is Christus die Woord omdat Hy God is en die lewe van God het; en so skyn die lig van God slegs waar die lewe van God is. Al drie gedagtes voer ons weer na ons

Bybelstudie met die een geseënde, maar so nodige les: dat slegs namate die geskrewe woord ons die lewe van die ewige Woord bring, en sy lig in ons harte die skynsel is van 'n lewe wat daar werksaam is; namate die Heilige Gees wat die dinge van God ken, hulle tot lewe en waarheid in ons maak, kan ons studie van die Skrif ons werklik tot seën wees.

En so kom ons terug na die een groot les wat die Gees probeer om by ons in te skerp met betrekking tot God se Woord - dat **dit slegs is wanneer die Skrif uit die lewe van God in ons lewe ontvang word, dat daar enige ware kennis daarvan is**. Dit is 'n saad wat in hom die Goddelike lewe omdra: waar dit ontvang word in die goeie grond van 'n hart wat honger na daardie lewe, sal dit ontkiem en vrug voortbring, soos alle saad, "*volgens hulle soort".* Dit sal in ons lewe die lewe van God self voortbring waaruit dit ontstaan het, presies die beeld en gesindheid van die Vader en die Seun deur die Heilige Gees. Ons wil uit dit alles prakties nut trek en dit direk toepas op ons private Bybellees.

Jy wil weet hoe om te begin. Die reëls is baie eenvoudig.

**Eerstens**: Neem tyd om stil te wees en God te soek. "*Laat staan en weet dat Ek God is"* (**Ps.46:11**), "*Swyg voor die Here HERE"* (**Sef.1:7**), "*Swyg voor die Here"* (**Sag.2:13**), "*Die Here is in Sy heilige tempel - swyg voor Hom, o ganse aarde"* (**Hab.2:20**). Aanbid Hom en wag op Hom sodat Hy met jou kan praat.

**Tweedens:** Onthou die Woord kom uit die lewe, die hart van God wat Sy lewe dra om dit aan jou hart mee te deel. Dit is niks minder as die lewe van God nie: niks minder nie as die krag van God kan dit in jou laat lewe.

**Derdens:** Glo in Christus, die lewende Woord. "*In Hom was lewe, die lewe - Sy lewe, was die lig van die mense"* (**Joh.1:4**), "*Wie My volg. sal die lig van die lewe hê"* (**Joh.8:12**). Volg Jesus in liefde en verlangende begeerte,

in gehoorsaamheid en diens, en so sal Sy lewe in jou werk, en die lewe sal die lig van jou siel wees.

**Laastens**, vra die Vader om die Heilige Gees **Wie alleen** die dinge van God **ken**, om die Woord in jou hart lewendig en werksaam te maak. Honger na die wil van God as jou daaglikse voedsel; dors na die lewende fontein van die Gees in jou binneste; ontvang die Woord in jou wil, in jou hart, in jou siel, in jou lewe, in jou blydskap - die lewe wat dit meebring, sal die lig verskaf waardeur dit skyn.

Die rede waarom ek so dikwels aangedring het op die waarheid wat in die laaste paar hoofstukke voorgestel word, is baie eenvoudig. My eie ondervinding het my geleer hoe lank dit ons neem om duidelik te verstaan dat die Woord van God in die lewe, in ons siel en hart ontvang moet word en nie net in die verstand nie, en hoe lank dit ons neem om, selfs nadat ons dit verstaan, dit ten volle te glo en dit uit te lewe. "*Dit is vir my nie lastig om dieselfde dinge aan julle te skrywe nie, en dit gee julle sekerheid"* (**Fil.3:1**). Bestudeer die les totdat jy dit ken. Die Woord kom uit die lewe van God, dra daardie lewe in homself en probeer om in my lewe in te dring en dit met die lewe van God te vul. Hierdie lewe is die lig van die mense en verskaf die lig van die kennis van die heerlikheid van God.

Jy mag vind dat hierdie les meer tyd in beslag neem as jy dink, dat jy meer hindernisse as hulp in jou Bybellees ondervind en dat dit al moeiliker word hoe langer jy dit bestudeer. Word nie bevrees of ongeduldig nie, maar wees verseker dat as jy dit reg leer, sal jy God loof omdat dit 'n sleutel geword het wat jy nooit tevore gehad het nie. 'n Sleutel na die verborge skatte van die Woord wat aan jou ware wysheid sal gee in die verborgenheid van jou binnekamer.

Daarom herhaal ek weer die eenvoudige woorde wat so onuitputlik geseënd en waar is. Soos die Gees wat in God woon alleen die dinge van

God ken, **is dit net die Gees wat in my woon wat my die dinge van God kan laat ken deur hulle aan my lewe en my siel mee te deel**.

Soos Christus die Woord was omdat Hy God was, en die lewe van God besit het, kan die geskrewe woord my slegs tot seën wees namate die lewende Woord daardeur die lewe van God na my bring. Soos die lewe in Christus was, en die lewe die lig van die mense was, so is dit slegs namate ek die lewe van Christus besit deur die Woord, dat ek die lig van die kennis van God verkry.

*Gebed: "Here Jesus Christus, ek begeer om U lewe en U lig in my eie lewe te hê. Help my deur U Gees om van my verstandelike kennis van die Woord oor te gaan na die geestelike ken van die Lewe en Lig van God."*

# HOOFSTUK 20. DIE BYBELSTUDENT

"*Welgeluksalig is die man (wie se) behae is in die wet van die Here, en hy oordink Sy wet dag en nag.*" – **Psalm 1:1-2**

Daar is 'n luide geroep aan alle kante vir meer en ware Bybelstudie. Evangeliste soos mnr. Moody en baie ander het bewys watter krag daar is in die prediking wat direk uit God se Woord geput is en geïnspireer is deur die geloof in die krag daarvan. Ernstige Christene het die vraag gestel: "Waarom kan ons predikante nie ook op dieselfde manier praat nie en aan God se Woord self 'n groter plek toeken nie?" Meer as een jong predikant het die Teologiese Seminarie verlaat met die erkenning dat hom alles geleer is behalwe die kennis hoe om die Woord vir homself te bestudeer en dan ander op te wek en te help om dit te bestudeer.

In sommige van ons kerke is die verlange uitgespreek om voorsiening te maak in hierdie behoefte in die opleiding van ons predikante. Dit mag na 'n baie eenvoudige saak lyk om goeie manne te vind om die werk te onderneem; en tog is dit gevind dat dit moeilik is vir manne met 'n teologiese opleiding om terug te keer na die eenvoud en direktheid van beroep op God se Woord wat nodig is om vir jonger mense te wys hoe om die Skrif die een bron van hul kennis en onderrig te maak. In die Studentebeweging van ons tyd is (prys die Here daarvoor) aan Bybelstudie die prominente plek gegee. Daar is 'n wonderlike geleentheid, net soos daar die groot behoefte is, om dit so te lei dat dit 'n volle seën aan indiwidue mag toebring deur aan God se Woord sy regte plek toe te ken in die werk wat vir Hom gedoen moet word. Laat ons kyk na die beginsels wat die grondslag lê van die eis om meer Bybelstudie, en in getroue navolging waarvan dit alleen waarlik kan uitgevoer word.

**God se Woord is die enigste ware openbaring van God se wil.** Alle menslike uitdrukkings van Goddelike waarheid, hoe korrek hulle ook al

mag wees, is gebrekkig en dra 'n mate van menslike gesag. In die Woord praat die stem van God direk met ons. Elke kind van God word geroep tot direkte omgang met die Vader deur die Woord. God het Sy hele hart en al Sy genade daarin geopenbaar en daardeur kan Sy kind, as hy dit van God ontvang, al die lewe en krag wat daar in die Woord is, in sy eie hart en wese ontvang. Ons weet hoeveel tweedehandse verslae van boodskappe of gebeurtenisse ten volle vertrou kan word. Baie min mense rapporteer presies wat hulle gehoor het. Elke gelowige het die reg en die roeping om in direkte verbinding met God te staan. Dit is in die Woord wat God Homself geopenbaar het, dit is in die Woord wat God Hom nog openbaar aan elke indiwidu.

**Hierdie woord van God is 'n lewende woord**. **Dit dra in hom 'n Goddelike lewend-makende krag.** Die menslike uitdrukking van die waarheid is dikwels slegs 'n begrip of voorstelling van die waarheid wat 'n beroep doen op die verstand, en baie min, indien enige, uitwerking het. Die geloof dat dit God se eie Woord is, en die geloof in die teenwoordigheid en krag daarin, maak dit kragtig. Alle lewe of gees skep vir homself 'n vorm waarin dit tot openbaring kom. Die woorde waarin God verkies het om Sy eie Goddelike gedagtes te klee, is deur God ingegee en die lewe van God woon in hulle. God is nie die God van die dooies nie maar van die lewendes. Die Woord was nie slegs geïnspireer toe dit die eerste maal gegee is nie, die Gees van God se asem is nog daarin. God is nog met en in Sy Woord. Christene en onderwysers moet dit glo. Dit sal hulle daartoe lei om aan die Goddelike Woord ‘n vertroue te skenk wat geen menslike onderrig kan ontvang nie.

**God Self alleen kan, en sal baie beslis, die Verklaarder van Sy eie Woord wees**. Goddelike waarheid vereis 'n Goddelike Leermeester. Geestelike begrip van geestelike sake kan alleen deur die Heilige Gees kom. Hoe dieper die oortuiging van die unieke karakter van die Woord wat wesenlik verskil van, en oneindig verhewe is bo alle bloot menslike begrip, hoe

meer dringend sal die behoefte gevoel word na ‘n bonatuurlike, ‘n direk Goddelike onderrig. En des te meer sal die seën wat die groot doel van die Woord is, uitgewerk word. Die siel sal daartoe gebring word om God Self te soek, en dit sal gelei word om Hom te vind in die Heilige Gees wat in die hart woon. Namate daardie Gees, in Wie God op so wonderlike wyse in ons lewe ingekom het en Homself met ons vereenselwig het, op gewag word en vertrou word, sal Hy ons leer om wysheid in die verborgene te ken, in die hart en in die gesindheid. As die Woord biddend gelees en in hierdie geloof in die hart gekoester word, sal dit deur die Gees sowel lig as lewe binne in ons wees.

**Die Woord bring ons dan in die nouste en mees intieme omgang met God - eenheid van wil en lewe.** In die Woord het God Sy hele hart en Sy hele wil geopenbaar: in Sy wet en gebooie, wat Hy wil hê dat ons sal doen; in Sy verlossing en beloftes, wat Hy vir ons wil doen. Namate ons daardie wil in die Woord ontvang as van God Self afkomstig en onsself oorgee aan die werking daarvan, leer ons om God te ken in Sy wil, in die krag waarmee Hy in ons werk en waarin Sy neerbuigende liefde geken word. En die Woord werk sy rykste doel uit wanneer dit ons vul met eerbied en vertroue wat gebore word uit die Goddelike teenwoordigheid en nabyheid. Niks minder as dit nie moet ons doel wees en kan ons ondervinding wees in al ons Bybelstudie.

Laat ons nou weer hierdie vier gedagtes neem en die praktiese toepassing maak:

- In die Heilige Skrif het ons die **egte woorde waarin die Heilige God gepraat het** en waarin Hy tot ons spreek.
- Hierdie woorde is vandag nog **vol van die lewe van God**. God is in hulle en maak Sy teenwoordigheid en krag bekend aan hulle wat Hom daarin soek.

- Aan **hulle wat vra om en wag op die onderwysing van die Heilige Gees** wat in ons woon, sal die Gees die geestelike betekenis en krag van die woord openbaar.
- Die Woord is derhalwe bestem om elke dag die middel te wees tot die **openbaring van God Self aan die siel en van omgang met Hom**.

Het ons geleer om hierdie waarhede toe te pas? Verstaan ons dat die Woord altyd sê: "**Soek God. Luister na God. God sal met jou spreek. Laat God jou leer**?" Alles wat ons hoor omtrent meer Bybelonderrig en Bybelstudie moet na hierdie een doel lei. Ons moet mense wees, en moet help om andere op te lei om mense te wees, by wie die Woord nooit geskei is van die lewende God Self nie, en wat lewe soos mense met wie God in die hemel elke dag en die hele dag praat.

*Gebed: "Here Jesus Christus, ek wil met U ontmoet elke keer wanneer ek die Woord lees. Leer my om die Woord so te lees dat U Gees die lewe en die krag van God in my hart en lewe inbring en my gesindhede en gedrag verander."*

## HOOFSTUK 21. WIE IS JY?

"*Bedink die dinge wat bo is…want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God.*" - **Kolossense 3:2,5**

Wanneer 'n mens in die môre-uur ingaan in God se teenwoordigheid, hang baie daarvan af dat die Christen sal besef nie alleen wie God is nie, maar **wie hy self is**, en in watter verhouding hy staan tot God. Op die vraag: "Wie is jy?" wat nie in woorde nie, maar in die gees gevra word van elkeen wat aanspraak maak op die reg van toegang tot, en 'n ontvangs deur die Allerhoogste, moet daar 'n antwoord gereed wees in sy binneste bewussyn; daardie bewussyn moet niks minder wees nie as 'n lewende besef van die plek wat hy in Christus voor God inneem. Die manier van die uitdrukking daarvan mag verskil op verskillende tye, maar die kern daarvan sal altyd dieselfde wees.

Wie is ek? Ja, laat my nadink en sê wie ek is wat nou kom om te vra dat God my hier sal ontmoet en hierdie hele dag met my sal deurbring. Ek is een wat weet deur die Woord en Gees van God dat ek in Christus is en dat my lewe met Christus verborge is in God. In Christus het ek gesterf vir die sonde en die wêreld. Ek word nou uit daaruit weggeneem, daarvan afgeskei en vrygemaak van hul mag. Ek is saam met Christus opgewek en in Hom leef ek vir God. My lewe is met Christus verborge in God, en ek kom na God om aanspraak te maak op, en te ontvang alle Goddelike lewe wat in Hom verborge is vir die behoefte en voorraad van vandag.

Ja, dit is wie ek is; ek sê dit aan God in nederige, heilige ontsag as my pleidooi. Ek sê dit aan myself om andere sowel as myself aan te moedig om niks minder soek en te verwag nie – genade om hier op aarde die verborge lewe van die hemel uit te lewe. Ek is een wat verlang om te sê, en wat dit ook werklik sê, dat Christus my lewe is. Die verlange van my siel is na Christus wat deur die Vader Self in die hart geopenbaar word.

Niks minder kan my tevrede stel nie. My lewe is met Christus verborge. Hy kan op geen ander manier my lewe wees nie as na die mate wat Hy in my hart is. Ja, ek kan met niks minder tevrede wees nie as met Christus in die hart. Christus as Verlosser van sonde. Christus as die Gawe en Bringer van God se liefde. Christus as ‘n inwonende Vriend en Heer.

O, my God, as U vra: "Wie is jy?*"* luister dan na my stamelende: "*Ek leef in Christus en Christus in my.*" U alleen kan my laat verstaan, weet en laat wees alles wat dit insluit.

Daar is meer wat ek kan sê as my pleidooi vir die genade van God se teenwoordigheid en krag vir die hele dag. Ek kom as een wat verlang en strewe om bereid te wees om vandag die lewe van Christus op aarde uit te lewe, om Sy verborge, hemelse heerlikheid om te sit in die taal van die daaglikse lewe met sy reëlings en pligte. Soos Christus op aarde net geleef het om die wil van God te doen, so is dit my groot begeerte om volmaak en volkome te staan in Sy hele wil. My onkunde aangaande daardie wil in al sy geestelike toepassings op die omgang met die wêreld en die mense is baie groot. My onmag is nog groter. En tog kom ek na God as een wat nie minder durf aanbied of enige kompromie durf soek nie, as een wat in alle eerlikheid die hoë roeping om die wil van God in alles ten volle uit te lewe, aanvaar.

Dit is die oorsaak wat my na die binnekamer neem. Wanneer ek dink aan al my mislukkings in die uitvoer van God se wil, wanneer ek vooruit kyk na al die versoekings en gevare wat op my wag, waar ek my algehele onbekwaamheid voel en nogtans aan God sê: "*Ek kom aanspraak maak op die lewe verborge in Christus sodat ek die lewe van Christus kan lewe,*" voel ek aangemoedig en gedring om nie tevrede te wees sonder die stille oortuiging dat God met my sal gaan en my sal seën.

Wie is ek dat ek hierdie groot en wonderlike dinge van God sal vra? Mag ek werklik verwag om die lewe wat met Christus in God verborge is, te lewe, sodat ek dit kan vertoon in my sterflike liggaam? Ek mag, want dit is God Self wat dit in my sal werk deur die Heilige Gees wat in my woon. Dieselfde God Wie Christus uit die dode opgewek het en Hom toe aan Sy regterhand geplaas het, het my met Hom opgewek en my die Gees van die heerlikheid van Sy Seun in my hart gegee. ‘n Lewe in Christus oorgegee om die hele wil van God te ken en te doen, is die lewe wat God Self in my sal werk en hoe langer hoe meer sal handhaaf deur die Heilige Gees. En wanneer ek dan in die môre kom om myself voor Hom te stel, om weer opnuut op te neem die lewe wat Hy in Homself verberg het vir my, waar Sy Seun verborge is, en dit uitlewe in die vlees, kan ek in vertroue en stilheid wag, as een in wie die Gees woon, vir die Vader om aan my die nuwe salwing wat alles leer, te gee, en Homself om toesig te hou oor die nuwe dag wat Hy aan my gegee het.

My broeder en suster, ek is oortuig dat jy beleef van watter oneindige belang dit is, as die môre-uur God se teenwoordigheid vir die dag moet verseker, dat jy vasstaan op niks minder nie as die grond van 'n volle verlossing. Glo wat God vir jou sê. Neem aan wat God aan jou geskenk het in Christus. Wees bewustelik en openlik wat God jou gemaak het om te wees. Neem tyd voor God om dit te weet en te sê. Hoeveel hang daar tog in die veldslag af van ‘n onneembare posisie! Neem u plek in **waar God u geplaas het**.

Net die poging om dit te doen, mag by tye inbreuk maak op jou gewone Bybelstudie of gebed. Dit sal geen skade wees nie. Dit sal later ten volle vergoed word. Jou hele lewe hang daarvan af om te weet wie jou God is, en **wie jy is as Sy verloste in Christus**. Die lewe van elke dag is daarvan afhanklik: wanneer jy eenmaal die geheim geleer het, sal dit selfs wanneer jy nie daaraan dink nie, die krag van jou hart wees beide in die ingaan na God en in die uitgaan met Hom na die wêreld.

*Gebed: "Here Jesus Christus, ek leef in U en U leef in my! Ek sê dit met oortuiging omdat dit die waarheid is. Ek wil leef in hierdie verborge lewe van God in my. Laat dit my daaglikse ondervinding wees."*

## HOOFSTUK 22. DIE WIL VAN GOD

"*Laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.*" – **Mattéüs 6:10**

**Die wil van God is die lewende krag** waaraan die wêreld sy bestaan te danke het. Deur daardie wil en volgens daardie wil is dit wat dit is. Dit is die uitdrukking of openbaring of beliggaming van daardie Goddelike wil in sy wysheid, krag en goedheid. Dit besit 'n skoonheid en heerlikheid wat dit slegs te danke het aan die feit dat God dit ge-wil het. Net soos daardie wil dit geskep het so onderhou hy dit elke dag. En so doen die skepping wat dit voor bestem was, dit openbaar die heerlikheid van God. "*En as (hulle) heerlikheid gee aan Hom wat tot in alle ewigheid lewe...sê (hulle): U is waardig om te ontvang die heerlikheid...want U het alles geskape en deur U wil bestaan hulle en is hulle geskape.*" (**Openb.4:9-11**).

As die aanbidding waar is van die lewelose natuur, dan is dit is nog meer waar van Sy skepsels wat die gawe van verstand gekry het. Die Goddelike wil het onderneem om ‘n skepsel te skape, na Sy eie beeld en gelykenis, sodat hierdie skepsels met hul self-wil die lewende mag van God se wil, waaraan dit sy bestaan te danke het, te ken, te aanvaar en daarmee saam te werk. Die heerlikheid van die ongevalle engele bestaan daarin om dit hul hoogste eer en vreugde te beskou dat hulle in staat is om te wil en te doen presies wat God wil en doen. **Die heerlikheid van die hemel is dat God se wil daar gedoen word**. Die sonde en ellende van gevalle engele en mense bestaan slegs daarin dat hulle hul afgekeer het van, en dat hulle geweier het om te bly in die wil van God en dit te doen.

Verlossing is niks anders nie as die herstelling van God se wil in sy plek in die wêreld. Met hierdie doel het Christus gekom en in 'n **menslike lewe gewys dat die mens slegs een ding het om voor te lewe, naamlik om God se wil te doen**. Hy het ons gewys dat daar een manier is om die self-

wil te oorwin – deur daaraan te sterwe, om God se wil te gehoorsaam, selfs tot die dood toe. So het Hy versoening gedoen vir ons self-wil en dit vir ons oorwin, en Hy het deur die dood en die opstanding heen 'n weg geopen na 'n lewe wat heeltemal verenig met en toegewy aan die wil van God is.

God se verlossende wil is nou in staat om in die gevalle mens te doen wat Sy skeppende wil gedoen het en steeds doen in die natuur, of in die ongevalle skepsels. In Christus en Sy voorbeeld het **God die toewyding aan en vreugde in Sy wil geopenbaar wat Hy van ons vra en verwag**. In Christus en deur Sy Gees vernuwe, **neem Hy besit van ons wil**: Hy werk in ons wil, sodat ons God se wil kan wil en werk, en Hy stel ons in staat en maak ons gewillig om Sy hele wil te volbring. Hy Self werk alle dinge volgens die raad van Sy wil. "(*Hy maak ons) volmaak in elke goeie werk, om Sy wil te doen deur in (ons) te werk wat welbehaaglik is voor Hom."* (**Heb. 13:21**). **Namate dit geopenbaar word deur die Heilige Gees, geglo word en in die hart ontvang word, begin ons 'n insig kry in die gebed**: "*Laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde,"* en die ware verlange na die lewe wat dit beloof, word opgewek.

Hoe noodsaaklik is dit tog vir die gelowige dat hy sy verhouding met die wil van God sal besef en die aanspraak wat dit op hom het. **Baie, baie gelowiges het geen begrip van wat hul geloof of hul gevoel met betrekking tot die wil van God behoort te wees nie**. Hoe min is daar wat sê: "My hele begrip van saligheid is in niks anders nie, as die mees volledige harmonie met die wil van God. Ek voel dat dit my een behoefte is om altyd die oorgawe te handhaaf dat ek nooit, selfs in die allerkleinste, iets anders sal doen nie as wat God wil dat ek sal doen. Deur God se genade kan elke uur van my lewe wees 'n lewe in die wil van God, om dit te doen soos dit in die hemel gedoen word.

Dit is slegs namate **'n lewende geloof in die Goddelike wil,** wat hoe langer hoe meer sy bedoelinge in ons uitwerk, dat die hart dit sal begeer en dat ons die moed sal hê om te glo in die antwoord op die gebed wat ons Here ons geleer het. Dit is slegs namate ons insien dat dit deur Jesus Christus is dat hierdie werking van God se wil in ons uitgevoer word, dat ons sal verstaan dat dit die noue verbinding met Hom is wat aan ons die versekering gee dat God alles in ons sal werk. En dit is slegs hierdie vertroue op God deur Jesus Christus wat ons die versekering sal gee dat ons ook ons deel kan doen, en dat ons swakke wil op aarde werklik altyd kan ooreenstem en saamwerk met die wil van God. Laat ons maar ons bestemming en verpligting aanvaar as die een saak wat ons hart begeer, dat in alles die wil van God in ons en deur ons gedoen sal word soos dit in die hemel gedoen word; daardie geloof sal die wêreld oorwin.

**Die wil moet nie geskei word van sy lewende verbinding met die Vader hier nie, ook nie van die lewende teenwoordigheid van die geseënde Seun nie**. Dit is slegs deur 'n Goddelike leiding wat deur die Heilige Gees gegee word, dat die wil van God in sy skoonheid, in sy toepassing op die daaglikse lewe en in sy steeds groeiende openbaring werklik geken kan word. Hierdie onderrig sal gegee word, nie aan die wyse en verstandige mense nie, maar aan die kindertjies, die mense met 'n kinderlike gesindheid wat gewillig is om te wag op, en afhanklik is van wat aan hulle gegee word. Die Goddelike leiding sal lei op die weg van God se wil.

Ons verborge omgang met God is die plek waar ons die groot lesse herhaal en leer. Die God Wie ek aanbid, verlang van my volmaakte eenheid met Sy wil. My aanbidding beteken: "*Ek het lus, o my God, om U welbehae te doen.*" (**Ps.40:9**). Die môre-uur, die binnekamer, die verborge omgang met God, namate in hierdie dinge die kennis van God se wil, die krag om dit uit te voer, die algehele en blymoedige oorgawe om in alles God se wil te doen, gesoek en aangekweek word, sal ons studie van God se Woord en ons gebed hul ware en volle seën meebring.

*Gebed: "Here Jesus Christus, soos U gebid het, bid ek ook: Nie my wil nie maar U wil. Ek begeer met my hele hart om U wil te doen, heeldag. Openbaar en werk U wil in my."*

## HOOFSTUK 23. DIE EET VAN DIE WOORD

"*Toe U woorde gevind is, het ek hulle opgeëet, en U woord was vir my vreugde en vrolikheid vir my hart*" – **Jeremia 15:16**

Hier vind ‘n mens drie sake. Die **vind** van God se Woord. Dit kom slegs na hulle wat ywerig daarna soek. Dan die **eet**. Dit beteken die persoonlike toe-eiening vir ons eie voeding, die **opneem in ons wese van die woorde van God**. "*Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan."* (**Matt.4:4**). En dan die **vreugde**. "*Verder is die koninkryk van die hemele soos 'n skat wat verborge is in die saailand, wat ‘n man kry en wegsteek; en uit blydskap daaroor gaan hy en verkoop alles wat hy het, en koop daardie saailand."* (**Matt.13:44**). Daar het ons die vind, die toeëien en die vreugde. "*Toe U woorde **gevind** is, het ek hulle **opgeëet**, en U woord was vir my **vreugde en vrolikheid** vir my hart."*

**Die eet is hier die sentrale gedagte**. Dit word voorafgegaan deur die soek en die vind. Dit word vergesel van, en gevolg deur vreugde. Dit is die enigste doel en nut van die een; dit is die enigste oorsaak en lewe van die ander. Hoeveel hang in die verborgene van die binnekamer hiervan af! Ek **het** U woorde opgeëet!

Om die verskil tussen dit en die vind van God se woorde te besef, vergelyk die koring wat 'n man in sy pakhuis weggebêre het, met die brood wat hy op sy tafel het. Al die ywerige arbeid wat hy verrig het in die saai, oes en bymekaarmaak van die graan, al die ryke belonings wat hy ontvang het vir sy sorgsaamheid, sal vir hom van geen nut wees nie tensy hy kan eet van die daaglikse stukkie brood waaraan sy liggaam behoefte het. In die vind, die inoes en die versameling was die dinge waarna hy moes kyk, die grootte van die hoeveelheid en die spoed van die werk. Maar in die eet gebeur presies die teenoorgestelde: hier is dit die klein

hoeveelheid en die stadige en voortdurende aanhou wat die toe-eiening kenmerk.

Sien jy die toepassing hiervan op jou Skrifstudie in die môre-uur? Jy moet God se woorde vind en deur noukeurige oordenking hulle bemeester sodat jy hulle in jou verstand en geheue weggebêre kan hou vir jou eie gebruik en dié van ander. In hierdie werk kan daar dikwels groot vreugde wees, die vreugde van die oes of van die oorwinning; die vreugde van ‘n skat wat gevind is of van moeilikhede wat oorwin is; en tog moet ons onthou dat hierdie vind en besit van die woorde van God nog nie daardie eet van hulle is wat alleen die Goddelike lewe en krag aan die siel kan gee nie.

Die feit dat 'n man besig is met, en in besit is van goeie, voedsame koring sal hom nie voed nie. Die feit dat iemand baie belangstel in die kennis van God se Woord sal nie op homself die siel voed nie. "*U woorde is gevind"* – dit was die eerste. "*Ek het hulle opgeëet*” – dit het die blydskap en vreugde gebring. En wat is hierdie eet? Die koring wat die landbouer gekweek en hom in verbly het as geheel en al sy eie, kon nie sy lewe versterk nie totdat hy dit opgeneem en dit geëet het, en dit so ten volle opgeneem het dat dit deel van hom geword het, ingegaan het in sy bloed en selfs sy been en vleis gevorm het. Dit moet gedoen word met 'n klein hoeveelheid op 'n slag, twee of drie maal op 'n dag, elke dag van die jaar.

Dit is **die wet van eet**. Dit is nie die hoeveelheid van waarheid wat ek uit God se Woord versamel nie, dit is nie die belangstelling of die sukses van my Bybelstudie nie, dit is nie die vermeerderde helderheid van insig of grootheid van die begrip wat ek ontwikkel, wat gesondheid en groei van my geestelike lewe verseker nie. Geheel en al nie. Dit alles laat die menslike natuur dikwels baie ongeheilig en ongeestelik, met baie min van die heiligheid en nederigheid van Jesus Christus.

Daar is iets anders nodig. Jesus het gesê: "***My voedsel is om die wil te doen** van Hom Wat My gestuur het."* (**Joh.4:34**). Om 'n klein gedeeltetjie van God se Woord te neem, een of ander bepaalde bevel of plig van die nuwe lewe, om dit dan in stilte te ontvang in die wil en die liefde van jou hart, jou hele wese oor te gee aan die heerskappy daarvan en dan die gelofte doen om in die krag van die Here Jesus dit uit te voer; dit, en om **dit dan te gaan doen**, is die eet van die Woord, om dit so op te neem in ons binneste wese dat dit 'n bestanddeel van ons lewe self word. Dieselfde met 'n waarheid of 'n belofte; wat jy geëet het, word nou deel van jou, jy dra dit met jou om waar jy gaan as deel van die lewe wat jy voer.

Jy sien dadelik hoe die twee punte van verskil tussen die koring in die pakhuis en die brood op die tafel al jou Bybelstudie insluit. Die versamel van Bybelkennis is een saak. Die eet van God se Woord, die ontvang daarvan in jou hart deur die krag van die lewe-gewende Gees, is iets heel anders. En jy sien hoe dat die twee wette van die voedsel eet, in teenstelling met dié van die vind daarvan, altyd gehoorsaam moet word. Jy kan graan versamel en wegbêre om vir jare te hou. Jy kan nie ‘n genoegsame hoeveelheid brood sluk om vir ‘n paar dae te hou nie. Dag na dag, en meer as een maal op 'n dag, neem jy jou daaglikse voedsel. En so moet die eet van God se Woord in klein hoeveelhede gedoen word, net soveel as die siel elke keer kan opneem en verteer. En dit dag na dag, van die een end van die jaar tot die ander.

Dit is sulke eet van die Woord wat my in staat sal stel om te sê: "*En U woord was vir my vreugde en vrolikheid vir my hart."* George Muller sê dat hy geleer het dat hy nie die Woord moet ophou lees voordat hy nie vrolik voel in God nie: dan het hy bekwaam gevoel om uit te gaan na sy dagtaak.

*Gebed: "Here Jesus Christus, U is die Brood van die Lewe. Ek wil van U eet. Leer my om die Woord te eet, in my hart op te neem, sodat dit deel van my lewe kan wees. Herinner my dat kennis van die Woord nie die hoofsaak is nie."*

## HOOFSTUK 24. VAKANSIE

*"As die huisheer weet in watter uur die dief sou kom, dan sou hy gewaak het en nie in sy huis laat inbreek het nie."* – **Lukas 12:39**

In 'n toespraak oor opvoeding sê Edward Thring: "*Die magtige ledige ure met hul tydverdryf is alvermoënd... Die magtige vraag van die ledige ure behoort die belangrikste vraag van almal te wees, aangesien dit die grootste uitwerking op die karakter het…. Die ledige ure is die skarnier waarop die ware opvoeding draai."* Hierdie groot meester in die wetenskap van die opvoeding het gesien dat edele karakter en opregtheid van inbors eerste kom, en dan daarna as tweede saak, die aankweek van bekwaamheid en krag. Hy het ook gesien dat hoewel die onderwyser veel kan doen in woord en in daad om deur 'n hoë geloof en ware werksaamheid aan te spoor en te lei, moet elke kind tog self sy eie karakter uitwerk. En dit is omdat dit in die ledige ure is, wanneer hy vry is van dwang en toesig, dat die kind wys wat werklik die sterkste by hom weeg, dat hy van die ledige ure gepraat het as hoogs-belangrik en alvermoënd, die spil waarom die ware opvoeding draai.

In die godsdiens is dit besonder waar. Duisende studente het dit gevoel sonder om te weet hoe om dit uit te druk of te verklaar. Op kollege of skool het hulle môre-uur sy plek gehad op hul rooster. Die hele verstand is ingespan vir gereelde en sistematiese werk, en die tyd vir godsdiens word net so gereeld gehou as dié vir 'n klas of private studie.

Wanneer die tyd van ontspanning kom en 'n mens vry is om te maak net soos hy wil, vind meer as een dat die môre-uur en sy omgang met God nie so natuurlik geword het nie, nie so 'n noodsaaklikheid in die geestelike lewe en so 'n genot is dat die onderhou daarvan nie sou inbreuk maak op ons vakansie plesier nie. Die vakansie word die toets van karakter, die bewys van hoe ver 'n mens met Job kon sê: "*Die woorde van Sy mond het*

*ek bewaar meer as my eie wet."* (**Job 23:12**). Die kwessie van die ledige ure is werklik baie belangrik. Dit is dan wat ek my vryheid en tyd spandeer op wat ek die meeste liefhet. Dan bewys en beoefen ek my kragte om te dit te behou wat ek beskou as die grootste skat wat ek besit.

'n Onderwyser in ‘n groot skool in Amerika, so word vertel, het gesê: "*Die grootste moeilikheid waarmee ons te kampe het, is die somervakansie. Juis wanneer ons 'n seun opgevoed het tot 'n goeie hoogte van dissipline en hy begin reageer op die beste ideale, verloor ons hom, en wanneer hy in die herfs terugkom, moet ons begin om dit alles weer oor te doen. Die somervakansie maak hom eenvoudig sleg."* Hierdie verklaring wat betrekking het op gewone studie en plig, is sterk: binne sekere perke is dit net soveel van toepassing op die geestelike lewe.

Die skielike verlies van gereelde gewoontes, en die listige gedagte dat volmaakte vryheid om te doen soos 'n mens verkies, volmaakte geluk beteken, laat menige jong student terugval in sy Christelike lewe. Daar is geen punt waarop dit meer noodsaaklik vir ouer en meer ondervindingryke lede van die Studente-vereniging is om hul jonger lede te help en te beskerm as dit nie. Die resultaat van maande mag verloor word deur die verwaarlosing van 'n week. Ons weet nie in watter uur die dief kom nie. Die gees van die môre-uur beteken onafgebroke waaksaamheid die hele dag en elke dag.

Daar is verskillende perspektiewe waaruit die gevaar, en veiligheid daarteen, vir die student verduidelik kan word. Met die vakansie word ons vrygestel van die skoolwette waaronder ons lewe. Maar daar is ander wette: wette van moraliteit, wette van gesondheid, waarvan daar geen verslapping is nie. Laat die student gewaarsku word dat die roeping tot daaglikse gemeenskap met God nie aan die eerste wette behoort nie, maar aan die tweede. Net soveel as hy elke dag gedurende die vakansie

behoefte daaraan het om te eet en asem te haal, moet hy **elke dag die hemelse brood eet en die lug inadem**.

Maak dit duidelik dat die môre-uur nie alleen plig is nie, maar 'n onuitspreeklike voorreg en plesier. Omgang met God, die bly in Christus, om die Woord lief te hê en die hele dag dit te bepeins – vir die nuwe wedergebore natuur is hierdie dinge lewe en krag, gesondheid en vreugde. Beskou hulle in hierdie lig: glo in die krag van die nuwe natuur binne-in jou en tree daarvolgens op daarop: al voel jy dit nie, sal dit tog bewaarheid word. Beskou dit as 'n vreugde en dit sal vir jou tot 'n vreugde word.

Bo alles, besef dat die wêreld jou nodig het en op jou vertrou om sy lig te wees. Christus wag vir jou as lid van Sy liggaam om dag na dag Sy verlossende werk deur jou te doen. Nòg Hy, nòg die wêreld, nòg jy, kan dit bekostig om 'n enkele dag te verloor. God het jou geskape en verlos sodat Hy deur jou, net soos Hy sonder onderbreking deur die son die wêreld verlig, Sy lig en lewe en liefde kan laat voortskyn op die mense. Jy het behoefte daaraan om elke dag opnuut in verbinding te wees met die bron van alle lig. Dink tog nie daaraan om te vra om ‘n vakansie verligting van hierdie omgang nie. **Neem** nog minder so 'n breek van omgang met God.

Waardeer die vakansie vir die ekstra tyd wat dit jou bied om dit te bestudeer wat buite jou gewone stiltetyd geval het. Waardeer jou vakansie vir die spesiale geleentheid vir meer omgang met die Vader en die Seun. In plaas daarvan dat dit 'n strik sal word, in plaas van dat al jou kragte uitgeput sal word deur die hindernis om grondgebied te verloor, waardeer die vakansie as 'n geseënde tyd vir genade en oorwinning oor self en die wêreld, vir groot vermeerdering van genade en krag, om geseën te word en tot ‘n seën gemaak te word.

*Gebed: "Here Jesus Christus, ek het baie ledige ure in my lewe verspil tydens vakansies en naweke. Ek wy my wil aan U toe. Ek wil met U tyd spandeer. Help my om selfs wanneer ek ontspan, elke oomblik van U bewus te wees en sodoende in U te bly."*

## HOOFSTUK 25. DIE BINNEKANT EN DIE BUITEKANT

*"Onverstandiges, het Hy wat die buitekant gemaak het, nie die binnekant ook gemaak nie?"* – **Lukas 11 :40**

Elke gees probeer om vir homself 'n gedaante of vorm te skep waarin sy lewe beliggaam is. Die uiterlike is die sigbare uitdrukking van die verborge, innerlike lewe. Die uiterlike word gewoonlik geken voor die innerlike. Deur die uiterlike word die innerlike ontwikkel en bereik dit sy volledige volmaking soos die apostel Paulus sê in **1 Kor.15:46**: "*Die geestelike ewenwel is nie eerste nie, maar die natuurlike; daarna die geestelike."* Om die regte verhouding tussen die innerlike en die uiterlike te verstaan en te handhaaf is een van die grootste geheime van die Christelike lewe.

As Adam in die paradys nie geluister het na die duiwel se versoeking nie, sou sy toets uitgeloop het op die volmaking van sy innerlike lewe. Dit was sy sonde, sy ondergang en die oorsaak van al sy ellende dat hy homself oorgegee het aan die mag van die sigbare, uiterlike wêreld. In plaas van sy geluk te soek in die verborge innerlike lewe van 'n hart waarin God se bevele geëer is, in die innerlike gesindhede van liefde en geloof, van gehoorsaamheid en afhanklikheid, het hy sy verlange gerig op die wêreld buitekant hom, op die genot en die kennis van goed en kwaad wat dit hom kon gee.

Alle valse godsdiens, van die mees verlaagde afgodediens tot die verbastering van Judaïsme en Christendom, het hierin sy wortel, dat wat uiterlik is, wat die oog kan streel of die verstand kan interesseer of die smaak kan bevredig, die plek inneem van daardie waarheid in die innerlike gedeelte, daardie verborge wysheid in die hart en lewe wat God soek en skenk.

Die groot kenmerk van die Nuwe Testament is dat dit 'n bedeling van die innerlike lewe is. Die belofte van die nuwe verbond is: "*Ek gee My wet **in hulle binneste** en skrywe dit **op hulle hart**."* (**Jer.31:33**). "*Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees **in julle binneste gee**. En Ek sal my Gees **in julle binneste** gee."* (**Eseg.36:26)**. Die belofte van onse Here Jesus was: "*Die Gees van die waarheid sal **in julle wees**."* (**Joh.14:17**). "*In dié dag sal julle weet dat **Ek in julle** is."* (**Joh.14:20**). Die dien van God bestaan in die gesindheid van die hart, in 'n hart waarin God die Gees van Sy Seun uitgestuur het, 'n hart waarin die liefde van God uitgestort is, dat die ware saligheid gevind word.

Die binnekamer met sy verborge omgang met die Vader wat in die verborge sien, is die simbool en die oefenskool van die innerlike lewe. Die regte en getroue gebruik elke dag van die binnekamer sal die innerlike, verborge lewe sterk en bly maak.

In al ons godsdiens is die groot gevaar om meer tyd en belangstelling te gee aan die uiterlike middels as aan die innerlike werklikheid. Dit is nie die erns van jou Bybelstudie, dit is nie die veelvuldigheid of die erns van jou gebede of goeie werke wat noodwendig 'n ware geestelike lewe uitmaak nie. Nee, wat ons nodig het, is om te besef dat net soos God 'n Gees is, so is daar 'n gees in ons binneste wat Hom kan ken en aanneem, en wat gelykvormig kan word aan Sy beeld en deelgenoot kan word van dieselfde gesindhede van Hom as God, in Sy goedheid en liefde.

Laat dit vasstaan in jou gemoed dat ons hele saligheid bestaan in die openbaring van die natuur, lewe en Gees van Jesus Christus in ons innerlike en uiterlike nuwe mens. Dit alleen vernuwe en herstel die eerste lewe van God in die siel van die mens. Waar u ook al gaan, wat u ook al doen, tuis of daar buite in die veld, doen alles in die begeerte na eenheid met Christus, in navolging van Sy gesindhede en begeertes, en verlang na niks, begeer niks soveel nie as dit wat die gees en lewe van Christus in die

siel oefen en vermeerder, en om alles in jou te laat verander in lyn met die gesindheid en gees van die heilige Jesus.

Beskou die skat wat jy in jou het, die Verlosser van die wêreld, die ewige Woord van God in jou hart verborge, as 'n saad van die Goddelike natuur wat die sonde en dood in jou moet oorwin, en weer die lewe van die hemel in jou siel moet opwek. Keer jou na jou hart en jou hart sal sy Saligmaker, sy God, in homself vind. Jy sien en voel niks van God nie omdat jy Hom buitekant soek, in boeke, in die kerk, in uiterlike oefeninge, maar jy sal Hom daar nie vind nie totdat jy Hom gevind het in die hart. **Soek Hom in jou hart en jy sal nooit tevergeefs soek nie, want Hy woon daar, daar is die setel van Sy lig en Heilige Gees**.

*Gebed: "Here Jesus Christus, U is vir my meer belangrik as enigiets anders in my lewe. Ek begeer dat die saad van die Goddelike natuur in my sal oorwin teen die sonde, die vlees en die wêreld. Hier is ek. Ek soek na U in my hart. Laat ek U vind."*

## HOOFSTUK 26. DIE DAAGLIKSE VERNUWING: SY KRAG

*"Al vergaan ons uiterlike mens ook, nogtans word die innerlike mens dag na dag vernuwe."* – **2 Korinthiërs 4:16**

*"Na Sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees."* – **Titus 3:5**

Met elke dag word die lewe van die natuur vernuwe. As die son weer opgaan met sy lig en warmte gaan die blomme oop en die voëltjies sing en die lewe word orals opgewek en versterk. Wanneer ons opstaan van die rus van slaap en ons oggend voedsel inneem, voel ons dat ons nuwe krag gekry het vir die pligte van die dag. Die binnekamer is die standhoudende belydenis van **die behoefte wat ook ons innerlike lewe het aan daaglikse vernuwing**. Dit is slegs deur nuwe voeding van God se Woord en hernude omgang met God Self in gebed dat die krag van die geestelike lewe in stand gehou kan word en kan groei. Al vergaan ons uiterlike mens ook, al mag die las van siekte of lyding, die spanning van werk of vermoeienis ons uitgeput maak of verswak, die innerlike mens kan vernuwe word dag na dag.

'n Tyd en plek van stilte met die Woord en gebed is die hulpmiddels van hierdie vernuwing: maar dit gebeur net wanneer hulle as hulpmiddels besiel word deur die Goddelike krag wat deur hulle werk. Daardie krag is die Heilige Gees, die magtige krag van God wat in ons werk. Ons studie van die binnekamer en die innerlike lewe wat dit voorstel, sou gebrekkig wees as ons nie die regte plek sou toeken aan die daaglikse vernuwing van die innerlike mens, dat die werk van die geseënde Gees is om dit altyd tot stand te bring.

In die teks uit Titus word ons geleer dat ons "*gered is deur die bad van die wedergeboorte en die **vernuwing deur die Heilige Gees.***" Die twee

uitdrukkings is nie bedoel om 'n herhaling te wees nie. Die wedergeboorte is een groot daad, dit is die begin van die Christelike lewe; die vernuwing deur die Heilige Gees is 'n ander werk wat gedurig voortgesit word en nooit eindig nie.

In **Rom. 12:2** lees ons van die voortgaande verandering van die Christelike lewe, en dat dit plaasvind deur die "***vernuwing van die gemoed.***" In **Efés.4:23** waar die woorde "*die ou mens aflê"* (in die aoristus) 'n daad aandui wat eens en vir altyd gedoen is, is die woord "*vernuwe word in die gees van julle gemoed"* in die teenwoordige tyd en wys op 'n voortgaande werksaamheid. Net so lees ons in **Kol.3:10** "*Julle (het) julle met die nuwe mens beklee wat* ***vernuwe word*** *(nie: 'vernuwe is' nie) na die beeld van sy Skepper."* Dit is die geseënde Gees na Wie ons moet opsien, op Wie ons kan reken vir die daaglikse vernuwing van die innerlike mens in die binnekamer.

Alles hang in ons private godsdiensoefening daarvan af dat ons die *regte verhouding sal handhaaf tot die aanbiddelike derde Persoon* in die geseënde Drie-eenheid deur Wie alleen die Vader en die Seun Hul werk van reddende liefde kan doen, deur Wie alleen die Christen sy werk kan doen. Daardie verhouding kan uitgedruk word in twee baie eenvoudige woorde: *geloof* en *oorgawe*.

**Geloof**. Die Skrif sê: "*God het die Gees van Sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader!"* (**Gal.4:6**). Die kind van God, die selfs die swakste kind ook, wat in sy oggend-stiltyd gebed wil opstuur wat aan die Vader welbehaaglik sal wees en tot 'n seën vir homself, moet onthou dat hy die Heilige Gees ontvang het as die Gees van gebed, en dat Sy hulp onontbeerlik is om ons te help om kragdadig te bid. Net so met die Woord van God. Dit is deur die Heilige Gees alleen dat die waarheid in sy Goddelike betekenis en krag aan ons geopenbaar kan word en Sy werk in ons hart kan doen. As die daaglikse vernuwing van die innerlike mens in die môre-uur ‘n werklikheid sal wees, moet jy tyd neem om *na te*

*dink*, om *te aanbid* en *met jou hele hart te glo* dat die Heilige Gees aan jou gegee is, dat Hy in jou is, en dat God deur Hom die seën sal werk wat Hy gee deur gebed en die Woord.

**Oorgawe**. Vergeet tog nie dat die Heilige Gees algehele beheer moet hê nie. "*Almal wat **deur die Gees van God gelei word**, hulle is kinders van God."* (**Rom.8:14**). "*(Hulle)* ***wandel*** *nie na die vlees nie, maar* ***na die Gees****."* (**Rom.8:1**). Dit is die teenwoordigheid van die Gees (wanneer Hy nie bedroef word nie) wat aan die Woord sy lig en krag kan gee en ons kan hou in daardie geseënde lewe van kinderlike vertroue en kinderlike gehoorsaamheid wat welbehaaglik voor God is. Laat ons God loof vir hierdie wonderlike gawe, die Heilige Gees in Sy vernuwende krag en laat ons met nuwe vreugde en hoop na ons binnekamer kyk as die plek waar die innerlike mens werklik dag na dag kan vernuwe word. So sal die lewe altyd vars gehou word; so sal ons voortgaan van krag tot krag; so sal ons baie vrug dra sodat die Vader verheerlik mag word.

As dit alles waar is, hoe noodsaaklik is dit dan dat ons die Heilige Gees reg sal ken. As die Derde Persoon is dit Sy amp en werk om die lewe van God na ons te bring, om Homself te verberg in die diepte van ons wese en Hom een te maak met ons, om daar die Vader en die Seun te openbaar, om die magtige krag van God te wees wat in ons werk, en om die beheer te neem oor ons hele wese. Hy vra slegs een ding: *eenvoudige gehoorsaamheid aan Sy leiding*. Die werklik oorgegewe siel sal in die daaglikse vernuwing van die Heilige Gees die geheim vind van groei, krag en blydskap.

*Gebed: "Gees van God, Gees van Christus, U woon in my. Ek glo dat U aan my gegee is om te help om geestelike vrug te dra wat die Vader en Jesus Christus verheerlik. Ek onderwerp my in gehoorsaamheid aan U. Amen.*

## HOOFSTUK 27. DIE DAAGLIKSE VERNUWING: DIE BEELD

"*Omdat julle…met die nuwe mens julle beklee het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper."* – **Kolossense 3:9-10**

"*As julle ten minste van Hom gehoor het en in Hom onderrig is...dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid."* – **Efesiërs 4:21,23,24**

In elke strewe is dit belangrik om die doel duidelik vasgestel te hê. Dit is nie genoeg dat daar beweging en vooruitgang is nie; ons wil weet of die beweging in die regte rigting is, reg op die doel af; en veral as ons optree in samewerking met 'n Ander van wie ons afhanklik is, moet ons weet of ons doel en Syne in volkome harmonie is. As ons daaglikse vernuwing sy doel moet bereik, moet ons duidelike kennis hê van, en stewig vashou aan Sy doel.

"*Julle (het) met die nuwe mens julle beklee wat vernuwe word tot kennis."* Die Goddelike lewe, die werk van die Heilige Gees in ons, is geen blinde krag soos in die natuur nie. Ons moet medewerkers met God wees; ons medewerking moet intelligent en vrywillig wees. "*Die nuwe mens word dag na dag vernuwe tot kennis."* (**Kol.3:10**; **2 Kor.4:16**). Daar is 'n kennis wat die natuurlike verstand uit die Woord kan put, maar tog aan die lewe en die krag, die regte waarheid en inhoud wat die geestelike kennis meebring, ontbreek. Dit is die vernuwing van die Heilige Gees wat die ware kennis meedeel, wat nie bestaan uit gedagtes en begrippe nie, maar uit 'n innerlike ondervinding, 'n lewende ontvangs van die dinge self waarvan die woorde en die gedagtes slegs die beelde is. "*Die nuwe mens word vernuwe tot kennis."* Hoe toegewyd ons Bybelstudie ook al mag wees, kan daar geen ware kennis opgedoen word in 'n hoër graad soos wat die geestelike vernuwing ondervind word nie: "*vernuwe word in die*

*gees van julle gemoed"* (**Efes.4:23**), in sy lewe en innerlike wese. Dit alleen bring die ware Goddelike kennis.

En wat is dan die beeld wat geopenbaar sal word aan hierdie geestelike kennis wat ontstaan uit die vernuwing as sy ware en enigste doel? Die nuwe mens word vernuwe tot kennis na die beeld van sy Skepper. Niks minder as die beeld, die gelykenis van God nie. Dit is die een doel van die Heilige Gees in sy daaglikse vernuwing; dit moet ook die doel wees van die gelowige wat die vernuwing soek.

Dit was God se doel met die skepping: "*Laat Ons mense maak na Ons beeld, na Ons gelykenis."* (**Gen.1:26**). Hoe min word die oneindige heerlikheid van hierdie woorde tog oorweeg! Want om geen ander rede as dit nie het God Sy eie lewe in die mens ingeblaas, dat dit in die mens op aarde 'n volmaakte gelykvormigheid aan God in die hemel kan bewerkstellig. In Christus is daardie beeld van God geopenbaar en gesien in menslike gedaante. Ons is vantevore verordineer en verlos en geroep, ons word onderrig en bekwaam gemaak deur die Heilige Gees om gelykvormig gemaak te word aan die beeld van die Seun, om navolgers van God te wees, en te wandel net soos Christus gewandel het. Hoe kan die daaglikse vernuwing voortgesit word, van watter nut kan die daaglikse Bybelstudie en gebed wees tensy ons ons hart stel op wat God Sy hart op gesit het – **dat die nuwe mens dag na dag vernuwe word na die beeld van sy Skepper.**

In die tweede skrifgedeelte het ons dieselfde gedagte ietwat anders uitgedruk. "*Word vernuwe in die gees van julle gemoed, en beklee julle met die nuwe mens wat* ***na*** *God, na die beeld van God geskape is in geregtigheid en heiligheid van waarheid*." Geregtigheid is God se haat van sonde en handhawing van wat reg is. Heiligheid is God se onuitspreeklike heerlikheid, in die volmaakte harmonie van Sy geregtigheid en liefde, Sy oneindige verhewenheid bokant die skepsel, Sy volmaakte eenheid met

hom. Geregtigheid in die mens, sluit in God se hele wil vir ons teenoor Homself of ons medemens. Heiligheid, daarenteen, sluit in ons persoonlike verhouding tot Homself. Soos die nuwe mens geskape is, so moet dit elke dag vernuwe word *"na God in geregtigheid en heiligheid van waarheid."* Dit is om dít te verkry dat die krag van die Heilige Gees in ons werk. Dit is om dít te verkry dat Hy dag na dag op ons wag om onsself aan Hom oor te gee in Sy vernuwende genade en krag.

Die daaglikse môre-uur waarna ons elke dag terugkeer, is die tyd vir die verkryging van die daaglikse vernuwing van die Heilige Gees tot die beeld van God in geregtigheid en heiligheid van waarheid. Wat 'n groot behoefte is daar tog aan oordenking en gebed om die hart gekonsentreer te kry op wat God bedoel, en ‘n ware visie te verkry van die wonderlike moontlikheid – dat die innerlike mens dag na dag vernuwe word na die werklike beeld van God, en verander word na dieselfde beeld, deur die Gees van God. Christen-student, laat niks minder jou oogmerk wees of jou verlangens bevredig nie. Die beeld van God, die lewe van God is in jou, Sy gelykvormigheid kan in jou gesien word. Moenie God en Sy beeld langer van mekaar skei nie, laat elke toenadering tot Hom, laat alle vertroue op Hom, niks minder beteken nie as om Hom te vind in Sy beeld wat in jou gewerk word deur die vernuwing van die Heilige Gees.

Laat dit jou daaglikse gebed wees, om vernuwe te word na die beeld van jou Skepper.

*Gebed: Heilige Gees van God, ek wil vernuwe word na die beeld van my Skepper, na die beeld van Jesus Christus, die Seun van God, in my. Ek gee myself oor aan U om hierdie werk in my te doen, in geregtigheid, heiligheid en waarheid.*

## HOOFSTUK 28. DIE DAAGLIKSE VERNUWING: DIE PRYS

*"Daarom gee ons die moed nie op nie, maar al vergaan ons uiterlike mens ook, nogtans word die innerlike mens dag na dag vernuwe."* –
**2 Korinthiërs 4:16**

"*Word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed."* – **Romeine 12:2**

Dit is nie 'n klein of maklike sakie om 'n volgroeide, sterk Christen te wees nie. Aan God se kant beteken dit dat dit die Seun van God Sy lewe gekos het, dat dit die magtige krag van God verg om 'n mens te herskep, en dat niks minder as die *onophoudelike daaglikse versorging van die Heilige Gees* daardie lewe in stand kan hou nie.

Van die kant van die mens vereis dit dat wanneer die nuwe mens geskep is, *die ou mens afgelê* moet word. Al die gesindhede, gewoontes en genietinge van ons eie natuur wat die lewe uitmaak wat ons gevoer het, moet afgelê word. Alles wat ons deur ons geboorte van Adam ontvang het, moet verkoop word as ons die pêrel van groot waarde (die Koninkryk van God) wil besit. As iemand agter Christus aan wil kom, moet hy *homself verloën* en *Sy kruis opneem*, *alles verlaat* en *Christus volg* op die weg wat Hy bewandel het. Hy moet nie alleen alle sonde aflê nie, maar alles, hoe nodig, geoorloof en dierbaar ook al, *wat die oorsaak van sonde kan word*. Hy moet selfs die oog uittrek of die hand afkap. Hy moet *sy eie lewe haat*, hy moet *dit verloor* as hy wil lewe "*uit die krag van die onvernietigbare lewe."* (**Heb.7:16**). Dit is 'n ernstige saak, veel ernstiger as wat die meeste mense meen, om ‘n ware Christen te wees.

Dit is veral waar van die daaglikse vernuwing van die innerlike mens. Paulus praat daarvan as iets wat vergesel gaan van, en bepaal word deur die vergaan van die uiterlike mens. Die hele brief (**2 Korintiërs**) toon aan

ons hoe dat die gemeenskap aan die lyding van Christus, selfs tot gelykvormigheid aan Sy dood, die geheim van Sy lewe in krag en tot seën van die gemeentes is. "*Gedurig dra ons in die liggaam om die doding van die Here Jesus, sodat ook die lewe van Christus in ons liggaam openbaar kan word. Want altyd word ons wat lewe, oorgelewer in die dood om Jesus ontwil, sodat ook die lewe van Jesus in ons sterflike vlees openbaar kan word. So werk die dood dan in ons, maar die lewe in julle."* (**2 Kor.4:10-12**). Die volle ondervinding van die lewe in Christus in ons persoon, ons liggaam, ons werk vir ander, hang af van *ons gemeenskap aan Sy lyding en dood*. Daar kan geen groot mate van vernuwing van die innerlike mens wees sonder die opoffering en die vergaan van die uiterlike nie.

Om gevul te word met die hemel, moet die lewe leeggemaak word van die aarde. Ons het dieselfde waarheid in ons tweede teks: "*Word verander deur die vernuwing van julle gemoed."* 'n Ou huis kan vernuwe word en nogtans veel van sy ou voorkoms behou; of die vernuwing kan so ingrypend wees dat die mense uitroep: Wat 'n verandering! Die vernuwing van die gemoed deur die Heilige Gees beteken 'n algehele verandering, 'n heeltemal ander manier van dink, oordeel en besluit. Die vleeslike gedagte maak plek vir 'n "*geestelike insig*" (**Kol.1:9; 1 Joh.5:20**).

Hierdie verandering word nie anders verkry nie as teen die koste van die oorgawe van alles wat uit die natuur is. "*Word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander."* Van nature is ons van hierdie wêreld. Wanneer ons deur genade vernuwe is, is ons nog in die wêreld, onderhewig aan die verleidelike, alles-deurdringende invloed waaraan onsself nie kan onttrek nie. En wat meer is, *die wêreld is nog in ons* as die suurdeeg van die natuur wat nie uitgeroei kan word deur enigiets anders as slegs die magtige krag van die Heilige Gees Wie ons met die lewe van die hemel vervul.

Laat ons toelaat dat hierdie waarhede 'n diepe inslag in ons te kry en ons oormeester. Die Goddelike verandering deur die daaglikse vernuwing van ons gemoed na die beeld van Hom Wie van Bo is, kan nie verder en vinniger in ons voortgaan nie as dat ons strewe om vrygemaak te word van elke oorblyfsel van gelykvormigheid aan die wêreld. Die negatiewe: "*Word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie"* moet net so sterk beklemtoon word as die positiewe: "*Word verander."* Die gees van hierdie wêreld en die Gees van God stry om die besit van ons wese. Slegs namate eersgenoemde geken, afgesweer en uitgewerp word, kan die hemelse Gees in ons kom en Sy geseënde werk van vernuwing en verandering doen.

Die hele wêreld en alles wat van die wêreldse gees is, moet vaarwel gesê word. Die hele lewe en alles wat daar van die self is, moet verloor word. Die daaglikse vernuwing van die innerlike mens kos heelwat, dit wil sê solank as wat ons ‘n aarselende houding inneem of probeer om dit in ons eie krag te doen.

Wanneer ons eenmaal werklik leer dat die Heilige Gees dit alles doen, en in die geloof aan die krag van die Here Jesus alles opgegee het, word die vernuwing die eenvoudige, natuurlike, gesonde en vreugdevolle groei van die hemelse lewe in ons.

Die binnekamer word dan die plek waarna ons elke dag verlang, om God te loof vir wat Hy gedoen het, vir wat Hy doen en wat ons weet dat Hy sal doen. Dag na dag gee ons onsself opnuut oor aan die geseënde Here Wat gesê het: "*Hy wat in My glo, strome van lewende water sal uit sy binneste vloei."* (**Joh.7:38**). "*Die vernuwing deur die Heilige Gees"* (**Tit.3:5**), word een van die mees geseënde werklikhede van ons daaglikse Christelike lewe.

*Gebed: Heilige Gees, ondersoek my lewe en openbaar aan my wat dit is wat ek moet aflê. Wat is daar in my lewe wat my gedurig tot sonde verlei? Ek wil gemeenskap hê met die lyding en dood van Christus. Vernuwe my denke, my gesindhede, my denke en my optrede. Amen.*

## HOOFSTUK 29. HEILIGHEID - DIE HOOFDOEL VAN BYBELSTUDIE

"*Heilig hulle in U waarheid: U Woord is die waarheid.*" - **Johannes 17:17**

In Sy groot hoëpriesterlike gebed het ons Here gepraat van die woorde wat die Vader aan Hom gegee het, van Sy eie gee van die woorde aan Sy dissipels en van die dissipels se ontvang en glo van die woorde. Dit was dit wat van hulle dissipels gemaak het. Dit was hulle bewaar (koester) van hierdie woorde wat hulle werklik in staat sou stel om ware dissipels se lewe te lewe en hul werk te doen. **Om die woorde van God van Christus te ontvang en hulle te bewaar, is die kenmerk en krag van ware dissipelskap.**

Wanneer Hy tot die Vader bid om hulle in die wêreld te bewaar wanneer Hy dit verlaat het, vra ons Here dat die Vader hulle sal heilig in die waarheid soos dit in Sy Woord lewe en werk. Christus het van Homself gesê: "*Ek is die waarheid.*" (**Joh.14:6**). Hy was die Eniggeborene Seun van die Vader, vol van genade en waarheid. Sy onderwysing was nie soos dié van die wet wat deur Moses gekom het nie, wat ‘n kennis verskaf, ‘n belofte van goeie dinge wat nog moet kom, maar wat slegs 'n afbeelding en skaduwee was.

"*Die woorde wat Ek vir julle sê, is gees en is lewe,*" (**Joh. 6:63**), en hulle gee die inhoud, krag en Goddelike besit self van die dinge waarvan hulle getuig. Christus het van die Gees gepraat as die Gees van die waarheid wat ons sou lei in al die waarheid wat daar in Homself was, nie as ‘n saak van kennis of leer nie, maar tot die werklike ondervinding en genot daarvan. En dan bid Hy dat die Vader hulle sal heilig in hierdie lewende waarheid soos dit in die Woord woon en in Hom geopenbaar word deur die Gees.

Hy sê: "*Ek heilig Myself vir hulle, sodat hulle ook in waarheid geheilig kan wees."* (**Joh.17:19**). En Hy vra die Vader om in Sy krag en liefde hulle onder Sy sorg te neem sodat Sy doel – om hulle te heilig in die waarheid deur Sy Woord wat die waarheid is – verwesenlik kan word, sodat hulle, net soos Hy Self, in die waarheid geheilig kan word. Laat ons die wonderlike lesse wat hier vir ons gegee word met betrekking tot God se Woord, bestudeer.

*"Heilig hulle in U waarheid: U Woord is die waarheid."*

**Die groot oogmerk van God se Woord is om ons heilig te maak**. Geen ywer of sukses in Bybelstudie sal ons werklik tot nut wees nie, tensy dit ons nederiger, heiliger mense maak. By al ons gebruik van die Heilige Skrif moet dit beslis ons hoofdoel wees. Die rede waarom daar dikwels soveel Bybellees is met so min werklike vrug van 'n Christus-gesinde karakter, is dat "*verlossing deur heiligmaking van die Gees en deur geloof in die waarheid"* (**2 Thess.2:13**), nie werklik gesoek word nie.

Mense meen dat as hulle die Woord bestudeer en die waarhede daarvan aanneem, dit opsigself op die een of ander manier vir hulle tot nut sal wees. Maar die ondervinding leer ons dat dit nie die geval is nie. Die *vrug van heilige karakter*, van ‘n *toegewyde lewe* en van *krag om ander te seën*, kom nie as gevolg van die eenvoudige en aller-natuurlikste rede: dat ons slegs kry wat ons soek.

Christus het aan ons God se Woord gegee om ons heilig te maak. Dit is slegs namate ons dit ons bepaalde doel maak in ons Bybelstudie, dat die waarheid, nie die leerstellige waarheid nie, maar die Goddelike, lewend-makende krag daarvan, wat die lewe van God Self meedeel en wat dit bevat as 'n saad, kan oopgaan en homself aan ons kan meedeel.

*"Heilig hulle in U waarheid: U Woord is die waarheid."*

**Dit is slegs God alleen wat ons kan heilig maak deur Sy Woord.** Die Woord kan sonder God en Sy werking niks uitvoer nie. Die Woord is 'n instrument: God Self moet dit gebruik. God alleen is die Heilige. Hy alleen kan heilig maak. Die onuitspreekbare waarde van God se Woord is dat dit God se middel tot heiligheid is. Die vreeslike fout van baie mense is dat hulle vergeet dat alleen God dit kan gebruik of dit van krag kan maak. Dit is nie genoeg dat ek toegang het tot die apteek van 'n dokter nie. Ek het hom nodig om 'n voorskrif te gee. Sonder hom mag my gebruik van sy medisyne noodlottig wees. Dit was so met die skrifgeleerdes. Hulle het geroem op God se wet. Hulle het genot gevind in hul Skrifstudie, en tog het hulle onheilig gebly. **Die Woord het hulle nie geheilig nie omdat hulle nie daarvoor gesoek het in die Woord nie, en nie hulself oorgegee het aan God om dit vir hulle te doen nie.**

*"Heilig hulle in U waarheid; U Woord is die waarheid."*

**Hierdie heiligheid deur die Woord moet van God gesoek en verwag word in gebed.** Ons Here het nie slegs Sy dissipels geleer dat hulle heilig moet wees nie; Hy het nie slegs Homself vir hulle geheilig sodat hulle in die waarheid geheilig kan word nie, maar Hy het Sy woorde en Sy werk na die Vader gebring met die gebed dat Hy hulle moes heilig. Dit is uiters nodig om God se Woord te ken en dit te oordink. Dit is uiters nodig om ons hart te konsentreer daarop om heilig te wees as ons eerste en vernaamste oogmerk in Bybelstudie.

Maar dit alles is nie genoeg nie; alles hang daarvan af dat ons Christus sal navolg deur die Vader te vra om ons te heilig deur die Woord. **Dit is God, die Heilige Vader, wat ons heilig deur die Gees van heiligheid wat in ons woon**. Hy werk in ons dieselfde gees en gesindheid as dié van Christus wat ons heiligmaking is. "*Niemand is heilig soos die Here nie"* (**1 Sam.2:2**);

alle heiligheid is Syne en wat Hy gee deur Sy heilige teenwoordigheid. Die tabernakel en die tempel was nie heilig deur hul reiniging, afsondering en toewyding nie. Hulle het heilig geword deur die God wat inkom en inwoon. Sy besit-neem het hulle heilig gemaak. Net so maak God ons heilig deur Sy Woord wat vir Christus en die Heilige Gees in ons bring. En die Vader kan dit nie doen nie tensy ons op Hom wag, stil is en in diepe afhanklikheid en volle oorgawe onsself aan Hom toewy.

Dit is in die gebed wat gebid word in die Naam en gemeenskap van, en in die geloof in die Groot Voorbidder – "*Heilig my deur U waarheid; U Woord is die waarheid"* – dat die Vader se heiligmakende krag gevind sal word en ons kennis van God se Woord ons werklik heilig sal maak.

Hoe heilig tog is die môre-uur! Die uur wat spesiaal gewy is aan die siel se oorgawe van homself aan God se heiligheid om deur die Woord geheilig te word. Laat ons altyd onthou dat die een oogmerk van God se Woord is om ons te heilig. Laat dit ons gedurige gebed wees: "*Vader, heilig my in U waarheid.*"

*Gebed: Vader, heilig my in U waarheid, U Woord is die waarheid. Ek wag op U in afhanklikheid en volle oorgawe van myself. Ek wy myself toe om gehoorsaam te wees aan U Woord. Amen.*

## HOOFSTUK 30. PSALM 119 EN SY ONDERRIG

"*Hoe lief het ek, U wet; dit is my bepeinsing die hele dag. Aanskou dat ek U bevele liefhet. Ek het hulle baie lief.*" - **Psalm 119:97, 159, 167**

In die Heilige Skrif is daar een gedeelte wat geheel en al daaraan gewy is om ons die plek te wys wat God se Woord as prioriteit by ons moet inneem, en die weg waarlangs ons die seën kan verkry. Dit is die langste hoofstuk in die Bybel, en byna sonder enige uitsondering vind ons dat in elkeen van sy 176 verse, onder verskillende benamings, melding gemaak word van die Woord. Elkeen wat werklik wil weet hoe om sy Bybel te bestudeer volgens God se wil, behoort ‘n noukeurige studie van hierdie psalm te maak. Daar behoort 'n tyd in sy lewe te kom wanneer hy besluit om die onderrig daarvan te bestudeer en dit **uit te leef in die praktyk**.

Hoe verbaas kan ons wees dat ons Bybelstudie nie meer geestelike wins en krag meebring nie omdat ons die Goddelike voorskrif wat dit ons aanbied vir daardie studie, verwaarloos? Dit is moontlik dat jy dit nooit as 'n geheel deurgelees het nie. As jy nie die tyd het nie, maak dan die tyd, moontlik 'n vrye uur op die Sabbatdag (of waarom nie ‘n vrye uur op ‘n weekdag nie?) waarin jy dit dan deurlees en probeer om die hoofgedagte daarvan op te neem, of ten minste om die gees daarvan in besit te kry. As jy dit moeilik vind om dit te doen deur een keer se lees, lees dit meer as eenmaal.  Dit sal jou die behoefte laat voel om dit meer noukeurig te oordink. Die volgende wenke mag vir jou tot hulp wees in die bestudering daarvan:

**1**: Let op al die verskillende **name** waarmee van **God se Woord** gepraat word.

**2**: Let op al die verskillende **werkwoorde** wat uitdruk wat **ons behoort te voel en te doen** in verband met die Woord. Laat dit jou daartoe bring om

noukeurig te oorweeg watter plek God se Woord in jou hart en lewe opeis, en hoe elke vermoë van jou wese – verlange, liefde, blydskap, vertroue, gehoorsaamheid en handeling – daardeur opgewek word.

**3**: Tel en let op hoeveel maal die skrywer in die verlede tyd daarvan praat dat hy **God se getuienisse gehou, bewaar, daarby gebly** en hom daarin **verlustig** het; hoeveel maal hy in die teenwoordige tyd uitdruk hoe hy hom **in God se wet verlustig, dit liefhet en waardeer**; en dan hoe hy in die toekomende tyd **beloof en die gelofte maak om God se bevele te onderhou** tot die einde toe. Sit dit alles bymekaar en let op dat hy meer as honderd keer sy siel voor God stel as **een wat God se wet eer en onderhou**. Bestudeer dit veral waar hierdie uitdrukkings betrekking het op sy gebede tot God, totdat jy 'n duidelike beeld het van die **regverdige man wie se ernstige, kragtige gebed groot uitwerking het**.

**4**: **Bestudeer dan die gebede self** en maak aantekening van die verskillende versoeke wat hy doen met betrekking tot die Woord, of dit is vir die onderwys daarvan, om dit te verstaan en die krag om dit uit te voer, of om die seën wat in die Woord belowe word en wat gevind word in die doen daarvan. Let veral op sulke gebede soos: "*Leer my U insettinge," "Gee my verstand."* Ook dié waar die versoek gedoen word "*na U Woord*."

**5**: Tel die verse waarin daar enige verwysing voorkom na **beproewing**, of dit voorkom uit sy eie toestand of van sy vyande, of die sondes van die goddelose, of God wat talm "*om hom te help*," en leer dat dit **veral in die tyd van moeilikheid is dat ons veral behoefte het aan God se Woord**, en dat dit alleen ons **vertroosting** kan bring.

**6**: Dan kom een van die belangrikste dinge. Let daarop hoe dikwels die voornaamwoord U, voorkom en hoe dikwels dit veronderstel word in versugtinge: "*Leer my", "Maak my lewendig,"* en jy sal sien dat die **hele**

**psalm 'n gebed is wat tot God gerig is**. Alles wat die psalmis te sê het omtrent die Woord van God, of dit is met betrekking tot sy eie gehegtheid daaraan of sy behoefte aan God se onderwysing en lewendmakende krag, word na Bo in die aangesig van God uitgespreek. Hy glo dat dit aan God welbehaaglik is en goed vir sy eie siel om sy oordenking en gedagtes omtrent die Woord so gedurig en so noukeurig as moontlik deur gebed met die lewende God self te verbind. Elke gedagte van God se Woord, in plaas van hom weg te trek van God af, lei hom na gemeenskap met God.

Die Woord van God word vir hom die **ryke, onuitputbare bron tot die hou van gemeenskap met die God van Wie dit afkomstig is** en na Wie dit bedoel is om hom te neem. Namate ons trapsgewyse 'n insig kry in hierdie waarhede sal ons 'n nuwe betekenis kry uit die enkele verse. En wanneer ons van tyd tot tyd 'n hele paragraaf met sy agt verse neem, sal ons vind hoe hulle help om ons op te hef, met en deur die Woord, na God se teenwoordigheid, en na daardie lewe van gehoorsaamheid en blydskap wat sê: "*Ek het gesweer, en dit gehou, om U regverdige verordeninge te onderhou,"* (**Ps.119:106**)*, "Hoe lief het ek U wet; dit is my bepeinsing die hele dag."* (**Ps.119:97**).

Laat ons soek om, deur die genade van die Heilige Gees, die gebedslewe wat hierdie psalm openbaar, in ons môre-uur te laat inwerk. **Laat God se Woord elke dag, en voor alle ander dinge, ons na God lei**. Laat elke seën daarin 'n saak van gebed wees, en veral ons behoefte aan Goddelike onderrig. **Laat ons sterke gehegtheid daaraan ons kinderlike pleit grond en oortuiging wees dat die Vader ons sal help**.

Laat ons gebede gevolg word deur die gelofte dat, namate God ons lewendig maak en ons seën, ons die weg van Sy gebooie sal bewandel; en laat alles wat God se Woord aan onsself meedeel, ons meer ywerig maak

in ons verlange om daardie Woord oor te dra na ander, of dit nou is vir die opwek of vir die versterking van die lewe van God in die siel.

*Gebed: Here God, hoe lief het ek U Woord, ek dink heeldag daaroor. Leer my volgens U Woord. Maak my lewendig volgens U Woord. Leer my U insettinge. Gee my verstand. Ek wil U ken en U Woord gehoorsaam. Amen.*

## HOOFSTUK 31. DIE HEILIGE DRIE-EENHEID

*"...Om hierdie rede buig ek my knieë voor DIE VADER...dat Hy aan julle mag gee…om met krag versterk te word DEUR SY GEES in die innerlike mens, sodat CHRISTUS deur die geloof in julle harte kan woon, van julle wat IN DIE LIEFDE gewortel en gegrond is, en julle in staat kan wees om die liefde van CHRISTUS te ken wat die kennis oortref, sodat julle vervul kan word tot al die VOLHEID VAN GOD. En aan HOM WAT MAG HET om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens DIE KRAG WAT IN ONS WERK (die Heilige Gees), aan Hom die heerlikheid in CHRISTUS JESUS. . in der ewigheid. Amen."* **– Efesiërs 3:14-21**

Hierdie woorde is dikwels, en nie sonder goeie rede nie, beskou as een van die hoogste uitdrukkings van wat die lewe van 'n gelowige op aarde kan wees.  En tog is hierdie beskouing nie sonder sy gevare nie, as dit die gedagte laat posvat dat die bereiking van so 'n ondervinding iets buitengewoons en onbereikbaar is, en die geseënde waarheid verberg dat, hoewel in verskillende grade, dit nogtans bedoel is om die vaste en onmiddellike erfenis te wees van elke kind van God.

Elke môre het elke gelowige net soveel die reg as wat hy die behoefte het om te sê: "My Vader sal my vandag versterk met krag. Hy versterk my ook nou deur Sy Heilige Gees in die innerlike mens." Elke dag moet ons met niks minder tevrede wees nie, as die inwoning van Christus deur die geloof, 'n lewe wat in die liefde gewortel, en sterk gemaak is om die liefde van Christus te ken. Elke dag glo ons dat die geseënde werk van "*vervul te word met al die volheid van God*" voorberei, uitgevoer en volbring word in ons. En elke dag behoort ons sterk te wees in die geloof aan God se krag en aan Hom eer te bring in Christus, as "*Hy wat magtig is om te doen bo wat ons vra en dink, volgens die krag van die Gees wat in ons werk*."

Die woorde is, onder baie ander dinge, treffend vir die manier waarop hulle **die waarheid voorstel van die Heilige Drie-Eenheid in Sy verhouding tot ons praktiese lewe**. Baie Christene verstaan dat dit reg en nodig is om op sekere tye in die voortsetting van die Christelike lewe spesiale aandag te gee aan die drie Persone van die geseënde Drie-Eenheid. Hulle vind dit dikwels moeilik om die verskillende waarhede tot Een te verbind en om te weet hoe om die Drie te aanbid as Een.

Ons teks openbaar die wonderlike verhouding en die volmaakte eenheid van God. Ons het die Gees in ons as die krag van God, en tog werk Hy nie volgens ons wil of Sy eie nie. Dit is **die Vader** wat volgens die rykdomme van Sy heerlikheid ons laat versterk "*deur die Gees in die innerlike mens.*" Dit is **die Vader** wat doen ver bo wat ons vra of dink "*volgens die krag wat in ons werk."* Dit is baie ver daarvandaan dat **die Gees** in ons vir ons die plek van God sou inneem. Hy maak ons meer beslis en meer onafgebroke afhanklik van die Vader. **Die Gees** kan alleen werk namate die Vader deur Hom werk. **Ons moet die twee waarhede verbind: 'n diepe, eerbiedige en gelowige bewussyn van die inwoning van die Heilige Gees, en 'n gedurige en afhanklike afwagting van die Vader se werking deur Hom**.

Net so met **Christus**. Ons buig ons knieë voor God as Vader **in die naam van die Seun**. Ons vra **die Vader** om ons te versterk deur **die Gees** met die een doel, **dat Christus in ons hart mag woon**. So lei die Seun na die Vader, en die Vader openbaar weer die Seun in ons. En dan weer, terwyl die Seun in die hart woon, en dit in die liefde gewortel en gegrond is, en Sy lewe put uit die Goddelike liefde as Sy grond, en vrugte voortbring en liefde-werke doen, word ons voortgelei om vervul te word met al die volheid van God. Die hele hart met die innerlike en uiterlike lewe word die toneel van die geseënde wisselwerking van die Heilige Drie-Eenheid. Namate ons dit glo, gee ons eer deur Christus aan "*Hom wat mag het om meer te doen as wat ons kan dink*," deur Sy Heilige Gees.

Wat 'n wonderlike saligheid is dit tog, waarvan ons hart die toneel is: die Vader wat altyd die Gees in ons blaas en deur Sy daaglikse vernuwing dit geskik maak om die woonplek van Christus te wees; die Heilige Gees wat altyd Christus in ons openbaar en vorm sodat Sy eie natuur, gesindheid en karakter ons deel word; die Seun wat Sy lewe van liefde meedeel, en ons voortlei om vervul te word tot al die volheid van God.

Dit is bedoel om ons alledaagse godsdiens te wees. O, laat ons die Drie-enige God elke dag aanbid in die volheid van geloof. In watter rigting ons Bybelstudie en ons gebed ons ook al lei, laat dit altyd die middelpunt wees vanwaar ons uitgaan en waarheen ons terugkeer. Ons is geskape na die beeld van die Drie-enige God. Die saligheid waardeur God ons herstel, is 'n innerlike saligheid: dit is vir ons van geen waarde as dit nie in ons hart gewerk word en daar geniet word nie. Die God wat ons red, kan dit op geen ander manier doen nie as die inwonende God wat ons vervul met al Sy volheid. Laat ons aanbid en wag; laat ons glo en aan Hom die eer toebring.

Het u ooit opgemerk in Efesiërs, hoe die drie Persone van die Drie-Eenheid altyd saam genoem word?

**1:3** Die Vader, Jesus Christus, geestelike of Heilige Gees seëninge.

**1:12-13** Die Vader, tot lof van Sy heerlikheid, in Christus, verseël met die Heilige Gees.

**1:17** Die Vader, onse Here Jesus, die Gees van wysheid.

**2:18** Toegang deur Christus, deur een Gees tot die Vader.

**2:22** In Christus 'n woning van God in die Gees.

**3:4-9** Die verborgenheid van Christus, verborge in God, verkondig deur die genade van God geopenbaar deur die Gees.

**4:4-6** Een Gees, een Here, een God en Vader.

**5:18-20** Met die Gees vervul, God dank in die Naam van Christus.

**6:10-18** Kragtig in die Here, die volle wapenrusting van God, die swaard van die Gees, bid in die Gees.

Wanneer jy hierdie gedeeltes bestudeer en vergelyk, en hul onderrig probeer saamvat in 'n ware en nederige begrip van die heerlikheid van onse God, let veral daarop wat 'n besonder praktiese waarheid dié van die Heilige Drie-Eenheid is. Die Skrif leer min van die verborgenheid daarvan in die Goddelike natuur. Feitlik alles wat dit te sê het, het betrekking op God se werk in ons, en ons geloof en ondervinding van Sy saligheid.

'n Ware geloof in die Drie-Eenheid sal van ons maak sterk, wakker Christene in volle besit van God.  Die Goddelike Gees Wie Homself een maak met ons lewe en innerlike wese; die geseënde Seun wat in ons woon as die weg na volmaakte gemeenskap met God; die Vader Wie deur die Gees en die Seun dag na dag Sy doel uitwerk, sodat ons vervul word tot al die volheid van God.

Laat ons ons knieë buig voor die Vader! Dan sal die verborgenheid van die Drie-Eenheid geken en ondervind word.

*Gebed: Vader, Seun en Heilige Gees! Ek buig my knieë voor U. Openbaar aan my die geheime werking van U Drie-Eenheid in my hart. Ek wil U ken en ondervind. Word in my verheerlik. Amen.*

## HOOFSTUK 32. IN CHRISTUS

*"Bly in My, en Ek in julle."* – **Johannes 15:4**

Alle onderrig gaan van die uiterlike na die innerlike. Wanneer enige kennis van die werklikheid in woorde of dade verkry word, in natuur of in die geskiedenis, is die verstand gereed om te soek na die innerlike betekenis wat daarin verborge is.  Net so is dit met die onderwys van die Skrif omtrent Jesus Christus. Hy word vir ons voorgestel as 'n mens onder ons, voor ons, bokant ons, wat 'n werk vir ons hier op aarde verrig en daardie werk vir ons in die hemel voortsit. Baie Christene kom nie verder as dit nie – 'n uiterlike, verheerlikte Here op wie hulle vertrou vir wat Hy gedoen het en nog vir hulle en in hulle doen.  Hulle weet en geniet maar min van die krag van die ware geheim van Christus in ons, van Sy innerlike teenwoordigheid as 'n inwonende Verlosser.

Die eersgenoemde eenvoudiger beskouing is dié van die eerste drie Evangelies. Die tweede is die kenmerk van die Evangelie van Johannes. Die eerste is die een sy van die waarheid wat voorgestel word in die Skrifleer van regverdigmaking. Die ander is die leer omtrent die eenheid van die gelowige met Christus en Sy gedurige inwoning, soos dit veral geleer word in Johannes en die briewe aan die Efesiërs en die Kolossense.

Aan julle Christene vir wie hierdie boek geskryf is, en wat al almal gereed behoort te wees om Christus na hul medemense te bring, kan ek nie ernstig genoeg sê nie: **Sorg dat hierdie bly in Christus en Christus in jou nie net ‘n waarheid is wat jou in die  regte verhouding met die leer van die evangelie bring nie, maar dat dit jou besiel as 'n saak van lewe en ondervinding al jou geloof in Christus en omgang met God.** Om in 'n kamer te wees beteken om alles wat daarin is, tot jou beskikking te hê, die meubels, die geriewe, die lig, die lug en die beskutting daarvan. Om in Christus te wees, om in Christus te bly – o, as julle tog te weet wat dit

beteken! Dit is nie 'n saak van intellektuele geloof of begrip nie, maar 'n geestelike werklikheid.

Dink daaraan wie en wat Christus is. Beskou Hom in die vyf toestande of stadiums wat Sy natuur en werk kenmerk en openbaar:

- Hy is die **Vleesgeworde,** in wie ons sien hoe God se almag die Goddelike en die menslike natuur volmaak verenig het. Wanneer ons **in Hom lewe** het ons deel aan die Goddelike natuur en aan die ewige lewe.
- Hy is die **Gehoorsame,** wat 'n lewe van algehele oorgawe aan God en in volmaakte afhanklikheid van Hom lewe. Wanneer ons **in Hom woon**, word ons lewe 'n lewe van algehele onderwerping aan God se wil en gedurige wag op Sy leiding.
- Hy is die **Gekruisigde,** wat vír die sonde en aan die sonde gesterf het, sodat Hy dit kon wegneem. Wanneer ons **in Hom bly,** is ons vry van die vloek en heerskappy van sonde, en lewe ons, net soos Hy, dood aan die wêreld en aan ons eie wil.
- Hy is die **Opgestane,** wat vir ewig lewe. Wanneer ons **in Hom lewe** het ons deel aan Sy opstandingskrag en wandel ons in 'n nuwe lewe, 'n lewe wat getriomfeer het oor die sonde en die dood.
- Hy is die **Verheerlikte** wat op die troon sit en Sy werk tot saligheid van die mens voortsit. As ons **in Hom lewe**, neem Sy liefde besit van ons, en gee ons onsself aan Hom om ons te gebruik om die wêreld terug te wen na God.

Om in Christus te wees, om in Hom te bly, beteken niks minder nie as dat die siel deur God Self in Christus geplaas word, in die middel van hierdie wonderlike omgewing van die lewe van Christus wat tegelyk menslik en Goddelik is, geheel aan God toegewy, in gehoorsaamheid en self-opoffering, volkome vervul met God in opstandingslewe en heerlikheid.

**Die natuur en karakter van Jesus Christus – Sy gesindhede en**

**gemoedstemmings, Sy krag en heerlikheid – hierdie is die elemente waarin ons lewe, die lug wat ons inasem, die lewe waarin ons lewe bestaan en groei.**

Die volle openbaring van God en Sy reddende liefde kan op geen ander manier kom nie as deur inwoning van Christus nie. Op grond van die Goddelikheid en Goddelike krag van Christus, kan Hy in ons woon slegs in soverre ons in Hom bly. Namate die hart met Sy liefde aan Hom oorgegee is in die geloof, en die wil in aktiewe gehoorsaamheid onderwerp is, kom Hy in en maak woning in ons. Ons kan sê, omdat ons weet: Christus woon in my.

Die hoofsaak van alles is: as hierdie lewe, **Christus in ons en ons in Hom**, ons werklike elke-dag-lewe moet wees, moet die gees vernuwe en versterk word in die persoonlike omgang met God, waarmee ons die dag in die môre-uur begin. Ons toegang tot God, ons opoffering aan God, ons verwagting van God, moet alles in Christus wees, in die lewende gemeenskap met Hom.

As jy ooit voel dat jy nader aan God wil kom, om Sy teenwoordigheid of krag, liefde, wil, of werking tot 'n voller mate te verwesenlik – om meer van God te hê – **kom na God in Christus.** Dink hoe Hy as mens op aarde tot God genader het, in diepe nederigheid en afhanklikheid, in volle oorgawe en algehele gehoorsaamheid, en kom in Sy gees en gesindheid, in eenheid met Hom na God.

Probeer om dieselfde plek voor God in te neem wat Christus in die hemel ingeneem het, **dié van ‘n verlossing wat volbring is, van ‘n volmaakte oorwinning, van volle ingang in die heerlikheid van God**.

Neem dieselfde plek voor God in wat Christus op aarde ingeneem het op pad na die oorwinning en die heerlikheid. Doen dit in die geloof van Sy

inwoning en dat sy krag in jou hier op aarde in staat stel; reken met vertroue daarop dat jou toenadering aangeneem word, nie volgens jou bekwaamhede nie, maar volgens die opregtheid van die oorgawe van jou hart en die volledigheid van jou aanneming in Christus, en jy sal begelei word op die pad waarop daar, met Christus wat in jou woon en in jou praat, waarheid en krag sal wees.

*Gebed: Vader, ek wil nader aan U kom. Ek wil meer van U hê. Ek wil ondervind wat dit is om in Christus te bly, in waarheid en ondervinding. Ek kom in Christus voor U. Ek begeer om te lewe volgens die gesindheid, ingesteldheid en gemoedstemming van Christus. Om soos Hy myself volkome aan U toe te wy in nederigheid en onderdanigheid aan U. Amen.*

## HOOFSTUK 33. HY ALLEEN

"*Toe Jesus merk dat hulle wou kom en Hom met geweld neem om Hom koning te maak, het Hy weer weggegaan na die berg, Hy alleen."* – **Johannes 6:15**

Die Evangelies maak dikwels melding daarvan dat Jesus alleen iewers heen gegaan het vir gebed. Lukas maak elf maal melding van Sy gebed. Markus vertel ons in sy heel eerste hoofstuk dat na 'n aand toe die hele stad by die deur bymekaargekom het en Hy baie mense gesond gemaak het, "*vroeg in die môre, nog diep in die nag, het Hy opgestaan en uitgegaan en na 'n eensame plek vertrek en daar gebid."* (**Mark.1: 5**). Voordat Hy Sy twaalf apostels gekies het, "*het Hy uitgegaan na die berg om te bid en het die nag in die gebed tot God deurgebring."* (**Luk.6:12**). Hierdie gedagte van algehele afsondering het blykbaar 'n diepe indruk gemaak op die dissipels en aanleiding gegee tot die betekenisvolle uitdrukking van Johannes: "*Hy het weggegaan na die berg. Hy alleen"* (**Joh.6:15**); net soos ook Matthéüs geskryf het: "*Hy klim op die berg om apart te bid. En Hy was daar alleen."* (**Matt.4:23**). Die mens Christus Jesus het die behoefte gevoel aan volmaakte afsondering. Laat ons met nederigheid probeer uitvind wat dit beteken.

**Hy alleen**. Geheel en al alleen, alleen met Homself. Ons weet hoe baie die omgang met mense ons wegneem van onsself en ons kragte uitput. Die mens Christus Jesus het dit ook geweet en die behoefte gevoel om weer tot Homself te kom, om al Sy kragte weer te versamel, om die bewussyn te vernuwe van Wie Hy was en wat Hy nodig gehad het, om ten volle Sy hoë bestemming te verwesenlik, asook Sy menslike swakheid en Sy algehele afhanklikheid van die Vader. Hoeveel meer het die kind van God behoefte hieraan. Of dit nou is te midde van die afleiding van wêreldse bedrywighede of godsdienstige verrigtings, of dit is vir die instandhouding van ons eie Christelike lewe of die vernuwing van ons krag om mense vir

God te beïnvloed, daar is altyd 'n dringende oproep aan elke gelowige om in die voetstappe van sy Meester te volg en die plek en die tyd te vind waar hy werklik by homself alleen kan wees.

**Hy alleen, met geestelike werklikhede**. Dit is in die algehele terugtrekking van aanraking met die dinge wat gesien word en tydelik is, dat ons vry is om onsself ten volle oor te gee aan die kragte van die onsigbare wêreld, en hulle kan toelaat om ons te beheers. Jesus het tyd en stilte nodig gehad om altyd opnuut 'n besef te kry van die mag van die koninkryk van die duisternis wat Hy gekom het om die stryd aan te sê en te oorwin, die behoefte van hierdie groot wêreld van die mensdom wat Hy kom red het, die teenwoordigheid en die krag van die Vader Wie se wil Hy gekom het om te doen. Niks is meer onmisbaar in Christelike diens nie, as dat 'n mens by tye hom daarop sal toelê om ernstig na te dink oor die geestelike werklikhede waarmee hy so bekend is as 'n saak van kennis, en wat tog dikwels so min krag uitoefen op die hart en die lewe. Die waarhede van die ewigheid het 'n oneindige krag. Hulle is dikwels so kragteloos omdat ons hulle nie die tyd gee om hulself te openbaar nie. Hy alleen, dit is die enigste redding en hulpmiddel.

**Hy alleen, met God die Vader**. Dit word soms gesê dat werk aanbidding is, dat diens gemeenskap is. As daar ooit iemand was wat kon klaarkom sonder bepaalde tye van afsondering en gemeenskap, dan was dit ons geseënde Here. Maar Hy kon nie Sy werk doen of Sy gemeenskap instandhou in volle krag sonder Sy tyd van stilte nie. As mens het Hy die behoefte gevoel om al Sy werk van die verlede en die toekoms te bring en voor die Vader te stel, om Sy besef van algehele afhanklikheid van die krag van die Vader te vernuwe, en Sy absolute vertroue in die liefde van die Vader, in tye van spesiale gemeenskap. Toe Hy gesê het: "*Die Seun kan niks uit Homself doen nie."* (**Joh.5:19**), "*Soos Ek hoor, oordeel Ek"* (**Joh.5:30**), was Hy slegs besig om uiting te gee aan die eenvoudige

waarheid van Sy verhouding tot God. Dit was dít wat Sy afsondering gemaak het tot 'n noodsaaklikheid en 'n onuitspreeklike vreugde.

As God tog wou gee dat elkeen van Sy dienaars hierdie geseënde kuns mag verstaan en beoefen, en dat die kerk weet hoe om lidmate so op te lei tot 'n mate van 'n besef van hierdie hoë en heilige voorreg, dat elke gelowige sy tyd kan en moet hê wanneer hy werklik alleen met God is. O, die gedagte om God net vir myself alleen te hê, en om te weet dat God vir my alleen net vir Homself het.

**Hy alleen, met die Woord.** As 'n mens moes ons Here Jesus God se Woord leer soos 'n kind. Gedurende die lang jare van Sy lewe in Nasaret het Hy Homself op daardie Woord gevoed en dit Sy eie gemaak. In Sy afsondering het Hy God geraadpleeg oor alles wat in daardie Woord omtrent Hom gesê is, oor die hele wil van God wat dit geopenbaar het wat Hy moes doen.

In die lewe van die Christen is dit een van die diepste lesse wat hy moet leer: dat die Woord sonder die lewende God van min waarde is; dat die seën van die Woord kom wanneer dit ons bring na die lewende God; dat die Woord wat ons ontvang uit die mond van God, die krag meedeel om dit te ken en te doen. Laat ons dié les leer: slegs **persoonlike omgang met God** in die verborge kan die Woord tot lewe en krag maak.

**Hy alleen, in gebed**. Wat 'n onuitspreeklike voorreg is gebed tog waar dit die mens toelaat om sy hele lewe voor God oop te lê en te vra vir Sy onderwys en krag. Probeer om vir 'n oomblik na te dink wat gebed vir Jesus beteken het, wat ‘n vererende aanbidding, wat 'n nederige liefde, wat 'n kinderlike pleit vir alles wat Hy nodig gehad het. Net so min as wat ons dit reg kan begryp, kan ons besef wat 'n saligheid daar wag op die man wat weet om in die voetstappe van Christus te volg en om te

ondervind wat die hoogste is wat God kan doen vir iemand wat dit sy hoogste genot maak – om by Hom te wees. Hy alleen.

**Hy alleen**. Hoe diep maak die woorde vir ons die geheim van die lewe van Christus op aarde oop, en van die lewe wat Hy nou in ons lewe. Van die lewe wat Hy nou in ons lewe deur Sy Heilige Gees, is dit een van die mees geseënde bestanddele, dat Hy aan ons openbaar en meedeel alles wat deur die Woord aangedui word - Hy alleen.

*Gebed: Vader, wat 'n voorreg het ek nie, om in die môre-uur na U te mag kom, en U net vir myself te mag hê. Vader, ek bid dat hierdie tydjie wat ek elke dag met U spandeer, baie geseënd en vrugbaar sal wees. Dat U en ek dit sal geniet, en dat U my daagliks met Uself sal voed. Amen.*

## HOOFSTUK 34. SIELE-VANG

"*Hy wat siele vang, is wys.*" - **Spreuke 11:30**

In 'n artikel in *The Student Movement* van Februarie 1901, oor *'n Geestelike Opwekking* deur H. W. Oldham, het ek die volgende sinne gevind: "In die grondwette van die meeste Christen Studente Verenigings word verklaar dat die **hoofdoel** van die C.S.V. is om studente te lei om volgelinge van Jesus Christus te word. Maar as die vraag pertinent gevra word: Word studente werklik oorgehaal van onverskilligheid en ongeloof na geloof in Jesus Christus? Dan moet die antwoord wees dat, hoewel dit met 'n paar die geval is, dit in die meeste Verenigings baie twyfelagtig is.

Sommige Christen Bewegings wat ontmoedig geword het deur vorige mislukkings, het skepties geword met betrekking tot die moontlikheid om mense vir Christus te wen onder omstandighede wat so moeilik is soos hul eie. Hulle mag tot 'n sekere mate voortgaan met **die oorgelewerde metodes van oortuigings werk**, maar hulle het opgehou om te verwag dat hulle meer sal kan doen as om diegene wat reeds die geloof het, te versterk. Die Uitvoerende Raad van die Algemene Kollege Departement het bepaald die geestelike opwekking van studente op die voorgrond in hul beleid gestel. As die plaaslike Bewegings hulle sal skaar rondom die Uitvoerende Raad, kan ons beslis verwag om God te sien werk in die lewens van dié wat rondom ons is.

Die liefde wat vir ons gevang het, kan baie vang. Dit is reg om te besef hoe ernstig dit is dat hierdie doel aanvaar word. Dit sluit in **noue omgang met Jesus Christus in 'n heilige lewenswandel, in selfopoffering, in liefdediens**; dit vereis onderwerping aan die teregwysing en beheer van God se Gees. Ons moet die doel om **jongmense vir Christus te wen** uithaal uit die algemene werk onder hulle en **dit eerste stel**. Ons Christen Bewegings het meer as genoeg meganiese werkers. Hulle het behoefte

aan manne en vroue met bepaalde doelstellings, wat sal dink en bid, en bid en werk totdat hul Beweging 'n geskikte instrument in die hand van God is vir die verandering van die lewens van studente."

In die hoofartikel van dieselfde uitgawe lees ons met betrekking tot die Dag van Gebed: "Daar is baie belydenisse en baie versoeke wat ons sal moet doen op die dag van gebed, maar persoonlik voel ons dat die ernstigste gebed moet wees vir ‘n geestelike opwekking. Ons het trapsgewyse die feit leer besef dat die meeste van ons Bewegings **nie besig is om mense vir Christus te wen nie**, en sommige het met ontsteltenis begin besef dat daardie feit hulle baie min droefheid veroorsaak het! Dit is ongetwyfeld betreurenswaardig dat studente nie gewen is nie, maar wat kan ons doen?

Voorwaar, 'n geestelike opwekking is noodsaaklik; dit is noodsaaklik in ons eie harte. Wanneer dit kom, sal ons gou uitvind wat ons moet doen. Waar is die hartstogtelike verlange om mense te help? Waar is die vurige gebed vir ons medemens, wat maak dat ons ons nie steur aan hindernisse nie? Aan die wortel van die hele saak lê ons gebrek aan belangstelling. Dit is slegs wat vir ons van belang is wat ‘n invloed sal uitoefen op mense. Dit is slegs wanneer daar in die diepte tussen die ewige belange van ons siel **die hartstogtelike begeerte om mense na Christus te lei** sal ontvlam, dat ons diegene sal ontmoet wat ons hulp nodig het en wat dit sal verwelkom. Dit is slegs die woorde en dade wat uitbars uit die brandende hartstog van begeerte om mense te help, wat geleenthede vind om lewens te beïnvloed. Want dit is slegs waar daar so 'n begeerte is dat die Heilige Gees 'n Medewerker met die mens is. En sonder Hom is ons magteloos, beide om diegene wat behoeftig is, te vind, of om hulle te help nadat ons hulle gevind het. Sal ons nie eendragtiglik vra dat **'n hartstog vir siele** in elkeen van ons mag gebore word op die dag van gebed nie?"

Laat my hierby voeg 'n uittreksel uit 'n artikel oor "Indiese Behoeftes" in die Januarie-uitgawe van dieselfde blad. Die skrywer (eerw. W.E.S. Holland, vroeër reisende sekretaris van die B.C.C.U.) het gepraat van die sentrale doel met die oprigting van die Sending- Kolleges as "die persoonlike invloed wat die dosente oor die leerlinge sou kon verkry." Hy het toe gesê: "En tog sê ek dit op die gesag van dosente in vier van die grootste Indiese Sending-Kolleges, dat hul tyd so ten volle in beslag geneem word deur voorlesings dat hulle nóg die tyd nóg die energie het vir persoonlike omgang met hul studente. Vier of vyf ure op 'n dag, met nog ‘n hele paar meer vir voorbereiding, maak 'n mens in die Indiese klimaat uitgeput, met nóg die tyd nóg die senuwee-krag vir **daardie ernstigste van alle werk, persoonlike onderhandeling met 'n man oor sy siel**."

Hy sluit sy stuk af met hierdie woorde: "40,000 manne is nodig, nie minder nie, as die hele Indië moet hoor. Tog deins ‘n mens byna terug van ‘n oproep vir manne. Waarom? Uit vrees dat hulle werk nutteloos sal wees. **Want sendingwerk is per slot van rekening slegs siele wen**. En daar is niks wat van 'n man in Indië 'n siele-wenner sal maak as hy nie tuis een was nie. 'n Besef van plig of van die groot behoefte mag iemand na Indië bring. Niks kan hom in staat stel om jaar na jaar hier 'n sendeling se **lewe te lewe** nie, behalwe so 'n brandende liefde vir Christus **wat dring tot opoffering en 'n lewe van siele-wen tuis**."

Watter gedagtes laat hierdie aanhaling tog ontstaan met betrekking tot die werk van siele-wen! Dat dit die eerste groot vereiste vir die sendeling is. Dat die gaan na 'n sendingveld nie noodwendig van 'n man 'n siele-wenner sal maak nie. Dat dit tuis is, voordat iemand na die sendingveld gaan, dat die gees van selfopoffering en siele-wen verkry en beoefen moet word. Dat om sy lede te oefen in die kuns om siele te wen een van die hoofoogmerke is van die Studentebeweging, net soos die uitvoer daarvan die maatstaf sal wees van sy sterkte en sukses. Dat die gevaar

steeds dreig dat ons hieruit in oorgelewerde en meganiese metodes sal verval. Dat gedurige, ernstige gemeenskaplike en private gebed gedoen moet word vir meer liefde tot siele, en dat gedurige, ernstige, gesamentlike en private pogings aangewend moet word in elke Studente-Beweging sodat ons maats gewen kan word vir Christus.

Die groot kenmerk van die Goddelike lewe, óf dit in God óf in Christus óf in ons is, is **liefde wat soek om die verlorenes te red**. Laat dit die Christelike lewe wees wat ons aankweek: 'n liefde wat sy saligheid vind in die redding van mense. Hierdie lewe kan op geen ander manier gekweek word nie as deur **noue, persoonlike gehegtheid aan Jesus** en die **daaglikse omgang met Hom** as 'n Vriend wat ons liefhet. Dit is in die binnekamer dat hierdie omgang met die Vader en die Seun gehandhaaf moet word. Dit is veral hierin dat die Vader wat in die verborge sien, ons in die openbaar sal vergelde.

*Gebed: O Here! Vergewe my dat ek so min hartstog het vir siele! Vergewe my dat aandag en tyd so om myself, my genot, my werk, my sukses, my geluk, my voorspoed wentel, dat ek weinig tyd spandeer om te bid en te werk om siele te red. Maak my in my stiltetyd met U bewus van U doel met my op aarde: om ander van U te vertel. Amen.*

## HOOFSTUK 35. DIE KRAG VAN VOORBIDDING

"*Vertel my tog waardeur jou krag so groot is?"* - **Rigters 16:6**

Dit is die vraag wat ons graag beantwoord wou sien deur die manne wat in die ou tyd en in later tye groot krag gehad het by God as voorbidders vir ander en die oorwinning behaal het. Meer as een wat verlang het om homself aan hierdie bediening te wy, het gewonder waarom hy dit so moeilik vind om daarin vreugde te vind, om vol te hou en te oorwin. Laat ons 'n studie maak van die lewens van die leiers en helde van die gebedswêreld: moontlik sal sommige van die bestanddele van hul sukses duideliker word.

Die ware voorbidder is iemand wat weet dat God weet dat **sy hart en lewe geheel en al oorgegee is aan Hom en Sy eer**. Dit is die enigste voorwaarde waarop 'n amptenaar aan die hof van 'n aardse vors kan verwag om veel invloed uit te oefen. Moses, Elia, Daniel en Paulus bewys dat dit so is in die geestelike wêreld. Ons geseënde Here is Self die bewys daarvan. Hy het ons nie gered deur voorbidding nie, maar deur selfopoffering. Sy krag van voorbidding is gewortel in Sy opoffering: dit maak aanspraak op en ontvang wat die offer verdien het.

Soos ons dit so duidelik uitgedruk vind in die laaste woorde van **Jesaja 53**: "*Hy (het) Sy siel uitgestort in die dood en (was) saam met die oortreders getel terwyl Hy tog die sonde van baie gedra en..."* – bestudeer dit in verband met die hele hoofstuk waarvan dit die toppunt is – "*en vir die oortreders gebid het."* Hy het eers Homself oorgegee aan die wil van God. Daar het Hy die krag verdien om daardie wil te beïnvloed en daaraan rigting te gee. Hy het Homself oorgegee vir sondaars in 'n alles-verterende liefde, en so het Hy die krag verdien om vir hulle voorbidding te doen. Daar is vir ons geen ander weg nie. Dit is die man wat daarna strewe om persoonlik in die dood te gaan met Christus en homself ten

volle oor te gee aan God en die mens, wat dit sal waag om moedig te wees soos Moses en Elia, wat sal volhou soos Daniël of Paulus. Heelhartige toewyding en gehoorsaamheid aan God is die eerste kenmerke van 'n voorbidder.

Jy kla dat jy nie in staat voel om so te bid nie, en jy vra hoe jy geskik gemaak kan word om dit te doen. Jy praat baie van die swakheid van jou geloof in God en liefde vir siele en genot in die gebed. Die man wat krag in voorbidding sal hê, moet ophou met hierdie klagtes. Hy moet weet dat hy 'n natuur het wat ten volle geskik is vir die werk. Van ‘n appelboom word net verwag om appels te dra omdat dit die appel-natuur het. "*Ons is Sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke."* (**Efes.2:10**).

Die oog is geskape om te sien; hoe pragtig is dit ingerig vir sy werk! Jy is in Christus geskape om te bid. Dit is jou werklike natuur as 'n kind van God; die Gees is in jou hart uitgestort – om wat te doen? Om te roep: "*Abba, Vader*!" Om jou hart op te trek in kinderlike gebed. Die Heilige Gees bid in ons met onuitspreeklike sugtinge, met 'n Goddelike krag wat ons verstand en ons gevoel nie kan verstaan nie. As jy 'n voorbidder wil wees, leer dan om aan die Heilige Gees veel groter eer te gee as wat gewoonlik gedoen word. Glo dat Hy in jou bid, en wees dan sterk en hou goeie moed. Terwyl jy bid, wees stil voor God om te glo in en jou oor te gee aan hierdie wonderlike krag van gebed in jou.

Maar daar is dan soveel bewuste sondigheid en gebrekkigheid in ons gebed? Dit is waar, maar het jy nie geleer wat dit beteken om te bid in die naam van Christus nie? Beteken die Naam nie die lewende krag nie? Weet jy nie dat jy in Christus is en Hy in jou nie? Dat jou hele lewe in Hom verborge en opgesluit is nie? Dat Sy hele lewe in jou verborge is en werk nie? Die man wat met krag voorbidding sal doen, moet baie duidelik weet dat nie alleen in die gedagte en veronderstelling nie, maar in die mees aktuele, lewende, Goddelike werklikheid, Christus en hy een

is in die werk van voorbidding. Hy verskyn voor God beklee met die Naam, die Natuur, die Geregtigheid, die Waardigheid, die Beeld, die Gees en die Lewe van Christus.

Bring die meeste van jou tyd in gebed nie deur met die herhaling van jou versoeke nie, maar om met nederigheid, stilte en vertroue aanspraak te maak op jou plek in Christus, jou volmaakte eenheid met Hom, jou toegang tot God in Hom. Dit is die man wat na God kom in Christus, wat na die Vader bring daardie Christus in Wie Hy 'n welbehae het, as sy lewe, sy wet en sy enigste vertroue, wat krag sal hê tot voorbidding. Voorbidding is by uitstek 'n werk van geloof. Nie die geloof wat probeer om slegs te glo dat gebed verhoor word nie, maar die geloof wat tuis is te midde van hemelse werklikhede. 'n Geloof wat hom nie kwel oor sy eie nietigheid en swakheid nie, omdat dit lewe in Christus. 'n Geloof wat nie sy hoop laat afhang van sy gevoelens nie, maar van die getrouheid van die Drie-Enige God, van wat elke persoon onderneem het om in gebed te doen. 'n Geloof wat die wêreld oorwin het, en wat die sigbare opgeoffer het om geheel en al vry te wees sodat die geestelike, hemelse en ewige daarvan besit kan neem. 'n Geloof wat weet dat dit verhoor word en ontvang wat dit vra, en wat daarom stil en doelbewus volhard in sy smeking totdat die antwoord kom. Die ware voorbidder moet 'n **man of vrou van geloof** wees.

Die voorbidder moet 'n **boodskapper** wees – een wat homself gereed hou, wat vuriglik homself persoonlik aanbied om die antwoord te ontvang en dit uit te deel. Gebed en werk gaan saam. Dink aan Moses – sy moedigheid om by God te pleit vir die volk was nie groter as sy pleit by die volk vir God nie. Ons sien dieselfde by Elia – die erns van sy gebed in die verborge word geëwenaar deur sy ywer vir God in die openbaar waar hy getuig het teen die sonde van die volk. Laat voorbidding altyd vergesel gaan van, nie soseer meer ywerige werk nie, maar van die sagmoedige en nederige **wag op God** om Sy genade en Gees te ontvang, en meer

bepaald te weet wat en hoe God wil dat ons sal werk. Dit is een saak, dit is iets groots, om te begin om die werk van voorbidding op te neem, om na die aarde af te bring die seëninge wat die hemel het vir elkeen van sy behoeftes. Dit is 'n groter saak om as voorbidder persoonlik daardie seën te ontvang en dan uit te gaan van God se aangesig met die wete dat ons iets ontvang het wat ons kan meedeel. **Mag God van ons almal heelhartige, gelowige en seën-gewende voorbidders maak.**

*Gebed: Vader, hier is ek. Ek gee myself aan U as 'n voorbidder vir mense wat verlore is, mense wat hulp nodig het. Ek kom in geloof dat Christus, die Voorbidder, in my woon; dat die Gees van Voorbidding deur my bid. Maak my oë oop sodat ek kan sien vir wie ek moet bid. Wie is daar in my onmiddellike omgewing wat U nodig het? Amen.*

## HOOFSTUK 36. DIE VOORBIDDER

*"Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag. Elia was net so 'n mens soos ons."* - **Jakobus 5:6, 17**

Daar is niks wat die krag van die roeping om die voorbeeld van die heiliges in die Skrif na te volg soveel verswak nie as die gedagte dat hul gevalle uitsonderings is, en dat wat ons in hulle sien, nie van almal verwag kan word nie. Die doel van God in die Skrif is presies die teenoorgestelde. Hy gee ons hierdie manne vir ons onderrig en bemoediging, as 'n voorbeeld van wat Sy genade kan doen, as lewende voorbeelde van wat Sy wil en ons natuur tesame eis en moontlik maak.

Dit was presies om hierdie algemene dwaling waarna ek verwys het, te ontmoet, en om almal van ons te bemoedig wat strewe na 'n lewe van kragtige gebed, dat Jakobus geskryf het: "*Elia was net so 'n mens soos ons.*" Aangesien daar geen verskil is tussen sy natuur en dié van ons of tussen die genade wat in hom gewerk het en in ons werk nie, is daar geen rede waarom ons nie, net soos hy, met krag kan bid nie. As ons gebed krag sal hê, moet ons daarna strewe om iets van die gees van Elia te besit. Die aspirasie: Laat ek die genade soek om te bid soos Elia, is heeltemal wettig en besonder noodsaaklik. As ons eerlik soek na die geheim van sy krag in die gebed, sal die weg wat hy betree het, vir ons oopgaan. Ons sal dit vind in sy lewe met God, sy werk vir God en sy vertroue op God.

### Elia het met God gelewe

Gebed is die stem van ons lewe. Soos 'n man lewe, so bid hy. Nie die woorde of gedagtes waarmee hy besig gehou word by vasgestelde tye van gebed, word deur God beskou as sy werklike gebed nie, maar die neiging van sy hart soos dit gesien word in sy begeerte en dade. Die lewe spreek duideliker en met meer waarheid as die lippe. **Om goed te bid,**

**moet ek goed lewe**. Hy wat probeer om met God te lewe, sal leer om so Sy hart te ken en Hom te behaag dat hy in staat sal wees om volgens Sy wil te bid.

Dink daaraan hoe Elia in sy eerste boodskap aan Agab gepraat het van "*die Here voor Wie se aangesig ek staan."* (**1 Kon.18:15**). Dink aan sy afsondering by die spruit Krit waar hy sy brood van God ontvang het deur die kraaie, en toe by Sarfat deur die diens van 'n arm weduwee. **Hy het met God gewandel; hy het geleer om God goed te ken**. Toe die tyd gekom het, het hy geweet dat hy kon bid tot 'n God wat hy beproef het. Dit is slegs uit 'n lewe van **ware gemeenskap met God** dat die gebed van geloof gebore kan word. Laat die skakel tussen die lewe en die gebed sterk en nousluitend wees. Namate ons onsself oorgee om met God te wandel sal ons leer om te bid.

**Elia het vir God gewerk**

Hy het gegaan waar God hom gestuur het. Hy het gedoen wat God hom beveel het. Hy het opgestaan vir God en Sy diens. Hy het getuig teen die volk en hul sonde. Almal wat hom gehoor het, kon sê: "*Nou weet ek dat u 'n man van God is en dat die woord van die Here in u mond waarheid is."* (**1 Kon.17:24**). Sy gebede was almal in verband met sy werk vir God. Hy was net soveel 'n man van die daad as 'n man van gebed.

Toe hy eers die droogte en toe die reën afgebid het, was dit as deel van sy profetiese werk, sodat die volk deur oordeel en genade na God teruggebring kon word. Toe hy vuur op sy offerande afgebid het van die hemel was dit sodat God geken kon word as die ware God. Alles wat hy gevra het was vir die eer van God. Hoe dikwels soek gelowiges in die gebed krag sodat hulle goeie gawes vir hulself kan verkry. **Die geheime selfsug ontroof hulle van die krag en die antwoord**. Dit is wanneer die **self verloor word in die verlange na God se eer**, en ons lewe toegewy is

aan die diens vir God dat daar krag tot gebed kan kom. God lewe om mense lief te hê, te red en te seën. Die gelowige wat homself oorgee aan die diens van God hierin, sal daarin nuwe lewe in die gebed vind. Werk vir andere bewys die eerlikheid van ons gebed vir hulle. Werk vir God openbaar tegelyk ons behoefte en ons reg om met vrymoedigheid te bid. Kweek die bewussyn aan en spreek dit voor God uit dat jy ten volle oorgegee is aan Sy diens; dit sal jou oortuiging dat Hy jou hoor, versterk.

**Elia het op God vertrou**

Hy het geleer om op Hom te vertrou vir sy persoonlike behoeftes in die tyd van hongersnood. Hy kon dit waag om Hom te vertrou vir groter dinge in antwoord op gebed vir sy volk. Wat 'n vertroue op die gebedsverhoring van hom deur God sien ons in sy beroep op die God wat antwoord deur vuur. Wat 'n vertroue dat God sou doen wat hy sou vra, toe hy aan Agab aangekondig het die oorvloed van reën wat sou kom, en toe, met sy gesig op die grond daarvoor gepleit het terwyl sy dienaar ses maal weer die boodskap bring: "*Daar is niks nie.*" (**1 Kon. 18 : 43**). 'n **Onwankelbare vertroue op die belofte en karakter van God en God se persoonlike vriendskap met homself wat in persoonlike omgang verkry is en getoets is in werk vir God, het die krag gegee tot die vurige gebed van die regverdige.**

Die binnekamer is die plek waar dit geleer moet word. Die môre-uur is die opleidingskool waar ons die genade moet beoefen wat ons kan bekwaam maak om te bid soos Elia. Laat ons nie vrees nie.  Die God van Elia lewe nog: die Gees wat in hom was, woon in ons. Laat ons ophou met die beperkte en selfsugtige opvattings van gebed wat slegs genoeg genade om ons staande te hou as doel het. Laat ons die bewussyn aankweek wat Elia gehad het van **geheel en al vir God te lewe**, en ons sal leer om soos hy te bid. Gebed sal vir onsself en vir ander die nuwe en geseënde ondervinding aanbring dat ons gebede ook vurig en van groot krag is.

Laat ons in die krag van daardie **verlossende Voorbidder wat altyd lewe om te bid**, moed skep en nie vrees nie. Ons het onsself aan God gegee, ons werk vir Hom. Ons is besig om te leer om Hom te ken en Hom te vertrou. Ons kan reken op die lewe van God in ons, die Heilige Gees wat in ons woon, om ons na hierdie genade ook te lei: die vurige gebed van die regverdige wat groot krag het.

*Gebed: Vader God, ek buig voor U, die God van die hemele en die aarde. In hierdie skool van gebed het ek geleer dat ek elke dag my krag, my lewe en my genot by U moet vind in die binnekamer waar ek alleen met U kan wees. My eerste uur in die môre behoort net aan U. Dis hier waar U my ontmoet, waar U my heilig deur U Woord, waar U my leer om te lewe en te bid. Dis hier waar ek U krag ontvang. Nooit wil ek weer hierdie uur met U alleen verwaarloos nie. Hier is ek. Ontmoet my elke dag. Amen.*